



HOOFSTUK I

Inleiding

Ming-porselein, die bekende wit en blou breekware, is wêreldwyd seker dié gewildste keramiekprodukt wat China sedert die 14de eeu opgelewer het.¹ Die Portugese het op hulle vroegste ontdekkingsstogte na die Ooste, Ming-porselein teruggeneem Europa toe waar dit gou populêre aansien verwerf het.² Dié fyn en delikate porselein, versier met eksotiese blou motiewe op 'n wit agtergrond, is nie net dekoratief gevind nie maar dit was ook relatief sterk en uiters geskik vir algemene gebruik. Dit is om hierdie redes dat Chinese porselein gou 'n gesogte produkt in elke Europese huishouding geword het en teen die 17de en 18de eeu was dit ondenkbaar dat enige vooraanstaande gesin in Europa 'n onthaal sou aanbied sonder 'n tafel wat met Chinese porselein gedek is.³ Omdat wit porselein van China afkomstig is, is daar deur die eeue na enige wit breekware as "China" verwys, selfs al is die produkt elders vervaardig.⁴ Hierdie benaming is om dieselfde rede, ook in Suid-Afrika as gevolg van die Engelse invloed tydens die Britse koloniale tydperk in die 19de en vroeë 20ste eeu, op fyn wit breekware toegepas.⁵

¹ Die geskiedenis van die ontwikkeling en vervaardigingsprosesse van porselein word in hoofstuk II meer breedvoerig bespreek.

² In 1563 beskryf die Portugese medikus, Garcia de Orta in *Colóquios dos simples e Drogas da Índia*, dat "Chinese porselein twee maal soveel meer werd is as silwer." Kyk: N. de Castro, *Chinese porcelain and the Heraldry of the Empire*, Oporto, 1987, p. xix. In die 16de eeu teken Loys Guyon aan dat die "lords and connoisseurs of curious things" nog onbewus was oor waar porselein vandaan gekom het. Daar het 'n aura van misterie om die oorsprong van porseleinprodukte gesweef en dit is onder meer beskryf as "...vessels with gem-like quality, elegant form and quaint decoration. Magical properties were, of course, attributed to them..." Kyk: H. Honour, *Chinoiserie-the vision of Cathay*, New York, 1973, p. 37.

³ Die eerste Europese vors om Chinese porselein met sy naam op te besit, was Louis die Grote van Hongarye, wat in 1382 oorlede is. Ander vorste wat in hierdie verband genoem word, was die Portugese koning, Manuel I (regeer 1495-1521), die Engelse koning, Henry VIII (regeer 1509-1547) en Carlos V van Spanje (regeer 1519-1556). Honour, *Chinoiserie*, pp. 36, 37.

⁴ J. Hutt, *Understanding Far Eastern art*, Oxford, s.d. p. 69. Die bekende Britse kundige van Oosterse kuns, Julia Hutt, maak die opmerking: "It is not insignificant that the word 'china' has been taken into the English language as a generic term."

⁵ Die benaming, is op dieselfde wyse ook in Suid-Afrika so gebruik. Daar is byvoorbeeld na 'n "China-rail" verwys as 'n rak om keramiek van enige oorsprong op uit te stal. Hierdie gebruik is onlangs op 'n paar van die senior Pretorianers getoets, wat bevestig het dat daar "vroëer jare" so gepraat is. Kyk ook D. B. Bosman, e.a., *Tweetalige Woordeboek*, Kaapstad, 1984, p. 758.

Die Ming-dinastie strek oor 'n lang tydperk, van 1368 tot 1644 waartydens daar geleidelike ontwikkelinge of veranderinge in die repertoire van die blou motiewe op porselein waar te neem is. Dié veranderinge is gerieflikheidshalwe volgens die twaalf regeringstydperke van die onderskeie keisers wat in dié dinastie regeer het, vernoem. Die Chinese het, sover bekend, geen rekord gehou van hoe hierdie veranderinge plaasgevind het of watter faktore daartoe aanleiding gegee het nie. Hoewel porseleinnavorsers in sommige gevalle 'n sekere kronologiese ontwikkeling volgens hierdie motiewe kan volg, bestaan daar nog onduidelikheid oor presies wanneer die onderskeie motiewe gebruik is en hoe dit verander het. Dit is ook nie duidelik watter motiewe eers as 'n eenvoudige vorm gebruik is en later met meer detail aangevul is nie, en watter motiewe eers ingewikkeld en meer uitgebreid⁶ toegepas is en deur herhaalde gebruik vereenvoudig en gestileer is nie.⁷

Die probleem rakende die korrekte datering van porselein uit die Ming-dinastie is 'n onderwerp waarmee verskeie navorsers reeds jare lank worstel.⁸ In hierdie verband kan die groot internasionale uitstalling van Chinese kuns wat in 1935-1936 in Londen gehou is, as voorbeeld genoem word, omdat die katalogus deur verskeie navorsers gekritiseer word oor die “unexplained doubts on dating” wat daarin vervat is.⁹ In die artikel deur B. Gray, kenner van Oosterse kuns, word die probleme met betrekking tot die datering van Chinese porselein by hierdie uitstalling bespreek. Hy wys daarop dat navorsers daterings van sekere van dié voorwerpe in 'n later stadium weer anders bepaal het.¹⁰ Tydens 'n Chinese keramieksimposium in 1994, gereël deur die Oriental Ceramic Society en die Britse Museum, is die probleem van datering by die bestudering van 16de eeuse porselein, spesifiek aangeroer. Weer eens beklemtoon een van die navorsers, Jean Martin,

⁶ Geen beskrywende woord vir die Engelse begrip “elaborate” kon in die Afrikaanse woordeboeke gevind word nie. Die woord ‘oordadig’ in die Afrikaanse taal het nie heeltemal dieselfde betekenis nie. “Elaboraats” word wel in Nederlands gebruik vir dieselfde betekenis as in Engels. Kyk: C. Kruyskamp, *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*, dl. I, A-N, 's Gravenhage, 1976, p. 624.

⁷ Kyk die bespreking oor stilering in hoofstuk II.

⁸ Enkele baanbrekers op die probleemgebied van datering is. R. L. Hobson, *The wares of the Ming dynasty*, London, 1923; E. E. Bluett, *Ming and Ch'ing porcelains*, London, 1933; N. Ottema, *Chineesche ceramiek*, Amsterdam, 1946; A. D. Brankston, *Early Ming wares of Chingtechen*, Peking, 1938; H. M. Garner, *Oriental blue and white*, London, 1954; J. A. Pope, “History of the history of Ming porcelain”, *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, June, 1971. (Pope het in vorige publikasies die onderwerp bespreek, maar wys in die genoemde artikel opnuut op die probleem van datering). Kyk artikel van M. Medley, “Regrouping 15th century blue and white”, *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, vol 34, 1963-64.

⁹ B. Gray, “The Royal Academy exhibition of Chinese art, 1935-36 in retrospect”, *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, vol. 50, 1985-86, p. 33.

¹⁰ *Ibid.*, pp. 24-28.

hoe belangrik die inligting is wat uit skeepswrakke verkry kan word ten opsigte van datering van voorwerpe.¹¹ Hieruit is dit duidelik dat benewens hierdie inligting, daar min maatstawwe bestaan waarvolgens porselein van veral die 16de en 17de eeu, meer korrek gedateer kan word.

Keramieknavorers wêreldwyd is dit eens dat skeepswrakke die sekerste metode is waarvolgens keramiek noukeuriger gedateer en nagevors kan word. Die rede daarvoor is dat wanneer 'n skip sink, daar 'n bepaalde afsnydatum is, sodat die navorser verseker is dat die voorwerpe wat nagevors word, beslis nie uit 'n tydperk later as die datum van die sink van die skip dateer nie. Colin Sheaf, 'n Britse keramieknavorser, maak die volgende opmerking met betrekking tot porseleinvragte wat uit twee skeepswrakke in die Ooste herwin is: "For historians, collectors and dealers the [one] cargo will be every bit as fascinating as the first, but for different reasons. Both are sealed in time capsules, datable fairly precisely"¹² Die keramieknavorser, R. Kilburn, sluit met die volgende opmerking by Sheaf aan: "It is often difficult to be sure in which century ... wares were made, so that being able to associate specific pieces with a datable event such as a shipwreck is a valuable start towards establishing a chronology for them."¹³ Die deskundige oor Chinese porselein, M. Rinaldi,¹⁴ wys verder daarop dat "... dated shipwrecks from which porcelain cargoes were recovered have become the critical element in the classification of seventeenth-century Kraak."¹⁵

Die Portugese was die eerste Europeërs om in die 16de eeu belangrike handelsbande in die Ooste aan te knoop. Benewens die speserye wat een van die hoofredes was vir die soeke na 'n seeweg na die Ooste, was ook Chinese porselein deel van die vraag wat vir Europa bestem was. As gevolg van die gebrek aan dokumentasie bestaan daar onsekerheid oor die persentasie wat porselein as deel van skeepsvragte van die 16de eeu op Portugese skepe gevorm het. Verskeie Portugese skepe het uiteraard op hierdie lang en gevaarlike roete om die Suid-Afrikaanse kus teëspoed ondervind.¹⁶ Skepe wat op die

¹¹ C. Clunas, "A research display of 16th century Chinese ceramics from the Oriental Ceramic Society and the British Museum, 17 Oct.-30 Nov.", *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, vol. 58, 1993-94, p. 23.

¹² Christie's, *The Nanking cargo Chinese porcelain and gold*, Amsterdam, 1986.

¹³ C. Sheaf and R. Kilburn, *The Hatcher Porcelain cargoes: the complete record*, Oxford, 1988, p. 76.

¹⁴ M. Rinaldi, *Kraak porcelain a moment in the history of trade*, London, 1989, p. 10.

¹⁵ Die term "Kraak" hou verband met die Chinese porselein wat in die 17de eeu deur Europese handelaars aangekoop is en word later in hierdie studie meer breedvoerig bespreek.

¹⁶ Die Suid-Afrikaanse kusgebied is nagenoeg 3,000 km lank. Sover bekend, het meer as 30 Portugese en ander

terugvaart na Portugal gesink het, het belangrike materiaal agtergelaat wat waardevolle inligting verskaf vir navorsing oor hierdie vroeë handelstydperk tussen die Ooste en die Weste. Die keramiekskerwe wat in die omgewing van hierdie skeepswrakke gevind word, is van groot waarde vir die studie van Chinese keramiek.

Tydens die Ming-dinastie het daar, sover vasgestel kon word, sedert 1551 minstens vyftien Portugese skepe op die terugvaart na Portugal aan die ooskus van Suid-Afrika gesink. By nege van hierdie skeepswrakke word Chinese porselein op strande in die omgewing aangetref waar dié skepe vermoedelik ondergegaan het. Hierdie nege wrakke dateer uit die jare tussen 1552 en 1647. Die meeste van dié wrakke bied 'n magdom porseleinskerwe op grond waarvan die verandering van motiewe en ander aspekte rondom porselein-produksie van China oor 'n tydperk van bykans een eeu bestudeer kan word.

Die ontleding van dié porseleinskerwe lewer 'n groot bydrae tot die bestudering van die wit en blou versierde porselein van die Ming-dinastie en van die eerste drie jaar van die Qing-dinastie tot 1647.¹⁷ Die bestudering van hierdie skerwe is om verskeie redes van belang. Die name van die skepe en die datums waarop hulle gesink het, is bekend. Verder het oorlewendes van die meeste skeepsrampe joernale nagelaat wat die omstandighede waartydens die skip gesink het, beskryf en sekere bakens identifiseer wat inligting verskaf omtrent die plek waar die skip gestrand het.¹⁸ Om hierdie rede kan elke strand waar porseleinskerwe versamel is, aan 'n skeepswrak gekoppel word, hoewel nie al dié skeepswrakke bo alle twyfel geïdentifiseer is nie. Die name van die skeepswrakke en die veronderstelde plek van stranding, is soos volg:


Europese skepe wat met handelsendings in die Ooste verband hou, tussen 1500 en 1700 aan die gevreesde "Kaap van Storms" gesink. M. Turner, *Shipwrecks and salvage in South Africa*, Cape Town, 1988, pp. 121-122.

¹⁷ Die laaste twee skepe het in 1647 gesink, drie jaar na die einde van die Ming-dinastie. Daar word aanvaar dat die voorraad wat op hierdie skepe gelaai was, nie noemenswaardig behoort te verskil van dit wat tydens die Ming-dinastie vervaardig is nie, veral gesien in die lig van die Nederlandse blokkade, waardeur die vertrek van hierdie Portugese skepe vertraag is. Kyk: E. Axelson (ed.), et al., *Dias and his successors*, Cape Town, 1988, p. 73.

¹⁸ Turner, *Shipwrecks and salvage in South Africa*, pp. 121-122.



1	São João	1552	Port Edward
2	São Bento	1554	Msikabariviermonding
3	Santo Alberto	1593	Sunrise-on Sea
4	Santo Espiritu	1608	HagaHaga/Morgansbaai
5	São João Baptista	1622	Cannon Rocks
6	São Gonçalo	1630	Plettenbergbaai
7	Santa Maria Madre De Deus	1643	Bonzabaaï
8	Santissimo Sacramento	1647	Sardiniëbaai
9	Nossa Senhora da Atalaia do Pinheiro	1647	Cefané





Deur die porselein van 'n gedateerde skeepswrak te vergelyk met porseleinvoorwerpe in bestaande versamelings, word die navorser in staat gestel om die voorwerpe in die versamelings nader te dateer, volgens die datum waarop die skip gesink het. Omdat die Portugese die vroegste Europeërs was om porselein in groot hoeveelhede in die Ooste aan te koop, bestaan die moontlikheid dat Portugese handelaars 'n invloed op Chinese versierders in hulle keuse en/of uitvoering van motiewe kon gehad het. Die motiewe op die skerwe bied aan die navorser bewysmateriaal om hierdie eerste moontlike Europese invloed op Chinese porselein te ondersoek. Daar moet ook in gedagte gehou word dat hoewel dit seker is dat die wrakke wat hier genoem word almal aan die Suid-Afrikaanse kus gesink het, die presiese plekke waar hierdie skepe gestrand het, nog nie finaal vasgestel is nie. Die moontlikheid bestaan dat in gevalle waar skepe nog nie met sekerheid geïdentifiseer is nie, die porseleinvonds waarskynlik 'n duideliker beeld van die tydperk kan verskaf waarin 'n spesifieke skip gesink het, om daardie skip daarvolgens te kan identifiseer. G. Bell-Cross, 'n Suid-Afrikaanse museumkundige en navorser, wys op die bykomende waarde van die datering van die skerwe, naamlik dat die plek waar die skepe gestrand het, daaruit bevestig kan word: "... the most important method of estimating the age of a shipwreck has proven to be the dating of the Chinese or Japanese blue and white porcelain found on the site."¹⁹

Dit is nie bekend of die ander ses skepe wat ook aan die Suid-Afrikaanse kus gestrand het en nog nie opgespoor is nie, porselein aan boord gehad het nie.²⁰ Indien daar geen

¹⁹ G. Bell-Cross, "Problems associated with the location and identification of early shipwrecks", *Southern African Museums Association Bulletin (SAMAB)*, vol. 14, no. 8, 1981, p. 333.

²⁰ Die eerste skip het vermoedelik in 1505 in die omgewing van Mosselbaai gesink. Die naam daarvan is onbekend maar die skip het volgens wat beskryf word, naby *Anguade de São Bras* (ten Weste van Mosselbaai) of by *Baia da Ponta Ruiva*, wes van *São Bras* vergaan, in die omgewing van Ystervarkpunt of Vleesbaai. Axelson het verskeie soektogte na hierdie wrak onderneem maar dit was onsuksesvol. Kyk: E. Axelson, *Portuguese in south-east Africa 1488-1600*, Cape Town, 1973, p. 109. Die *São João de Bescoinho* het in 1551 in die omgewing van St Lucia aan die noordkus van Zululand gesink. Axelson, *Dias and his successors*, p. 50. Hierdie inligting is verkry uit die beskrywing van die joernaal deur die Portugese seevaarder, Manuel de Mesquita Perestrelo. E. Axelson, "Recent identifications of Portuguese wrecks on the South African coast, especially of the *São Gonçalo* (1630) and the *Sacramento* and *Atalaia* (1647)", *II seminário Internacional de História Indo-Portuguesa, 1980, Actas*, Lisbon, 1985, p. 44. Nog 'n skip, die *São Thomé*, het in 1589 ook aan die kus van Suid-Afrika gesink, maar dit is nie bekend in watter omgewing nie. Twee bronne vermeld die sink van dié skip, een is aangeteken deur die stuurman wat aan boord van die skip was en die ander een is deur 'n Portugese historikus, Diogo Couto, aangeteken. Albei hierdie bronne is deur Boxer in Engels vertaal. Kyk C. R. Boxer, *The tragic history of the sea 1589-1622*, Cambridge, 1959, pp. 54-104. Die *Nossa Senhora de Belem* het in 1635 gesink, moontlik in die omgewing van Port St Johns by die Mzimvuburiviermond. Die verhaal word in twee bronne vermeld, een is geskryf deur 'n skeepskaptein, Joseph de Cabreira, en die ander een, deur 'n Jesuïetepriester, Jeronime

porselein aan boord van 'n skip was nie, is dit moeilik om die wrak op te spoor, omdat die porseleinskerwe wat op 'n strand uitspoel dikwels die eerste tekens daarvan is dat 'n skip in die omgewing kon gesink het. E. Axelson,²¹ historikus en kundige op die gebied van die vroegste Portugese skepe wat om die Suid-Afrikaanse kus gevaar het, bevestig dié stelling met betrekking tot minstens een van die skeepswrakke.²²

Historiese agtergrond van die Portugese seevaart- en handelsgeskiedenis in die Ooste

Die eerste Portugese seevaarders het in 1488 onder aanvoering van Bartholomeus Dias die suidpunt van Afrika bereik. Aangespoor deur hierdie suksesse, en die belofte wat dit ingehou het om Indië langs dié roete te bereik, het “die Kaap die Goeie Hoop” sy naam gekry.²³ Gedurende die volgende dekade het Vasco da Gama met sy vloot by verskeie plekke aan die ooskus van Afrika aangedoen en op 18 Mei 1498 'n plek in die noorde van Indië bereik.²⁴

Moslem, Hindoe en Chinese handelaars het reeds 'n bedrywige handelsnetwerk in die Verre Ooste gevestig gehad toe die Portugese daarop inbreuk gemaak het. Da Gama se eerste pogings om diplomatieke en handelsooreenkomste met die Samoryn van Kalikoet te sluit, is verongeluk deur die agterdog van Moslemhandelaars.²⁵ Maar, onder leiding van Afonso de Albuquerque, bekwame handelsgesant, en sedert 1506 goewerneur van Indië, het die Portugese tog daarin geslaag om beheer te verkry oor die belangrikste markte in die Ooste. Die verowering van die florerende hawens van Goa in 1510, Malakka in 1511 en Hormoes in 1515 het vir hulle die handel in die Persiese Golf en die Indiese Oseaan-

Lobo. Albei geskrifte is deur Theal in Engels vertaal. G. M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, vol. I-IX, Cape Town, 1898-1903, pp. 187, 234.

²¹ Axelson het sedert 1936 die Portugese geskiedenis in Suid-Afrika nagevors en was professor verbonde aan die Departement Geskiedenis, Universiteit van Kaapstad. Hy het in 1938 bekendheid verwerf nadat hy die Diaskruis by Kwaaihoek ontdek het. Kyk E. Axelson, *South-east Africa 1488-1530*, London, 1940.

²² Axelson, *Dias and his successors*, p. 50.

²³ L. F. Baretto and J. M. Garcia, *Portugal in the opening of the world*, Lisbon, 1994, p. 28.

²⁴ *Ibid.*, p. 31.

²⁵ *Ibid.*

gebied verseker.²⁶ 'n Goeie verhouding is reeds van die begin af stelselmatig tussen die kapteins van die Chinese jonke opgebou wat in die omgewing handel gedryf het.²⁷

N. Cameron, wat 'n studie gemaak het van die vroegste westerse interpersoonlike kontak met die volkere in die Ooste, wys daarop dat daar in gedagte gehou moet word dat sonder die 'gehate' Arabiere se kennis van die sterrekunde²⁸ en seevaartkunde die gebruik van Oosterse loodse en die ontdekking van die Chinese kompas,²⁹ die Portugese die Ooste nie so maklik sou kon bereik het nie. Die Portugese het onder andere, van Indiese, Arabiese, Chinese en ander Asiatiese loodse gebruik gemaak om die weg na die handelshawens in die Ooste aan te wys.³⁰

Die besondere kennis van die Portugese skeepsboutegniese was een van die belangrikste faktore vir die suksesse op die seeweg na die Ooste. Die Portugese het groot handelskepe in die Ooste gebou wat as die wonder van die tyd beskou is. Hierdie skepe het tot soveel as 1 000 tot 2 000 ton elk gedra.³¹ Die beste karake³² is met harde houtsoorte, soos kias, wat hierdie lande gebied het, in die skepswerwe van Goa, Damão, Bassein en Cochin gebou. Sagter houtsoorte soos sederhout waarmee karvele in Lissabon en Oporto gebou is, sou nie die lang seereis na en van die Ooste kon deurstaan het nie.³³

Die Portugese vloot is stelselmatig uitgebrei om teen 1517 ook die Chinese hawe van Guangzhou (Kanton) te bereik. Die meeste Chinese handelware is aanvanklik nie direk van China af aangekoop nie, maar is van ander florerende handelshawens in die Ooste verkry, óf

²⁶ Ibid., p. 34.

²⁷ Waarskynlik het die Portugese in daardie tyd reeds porselein van hierdie jonke verkry. Kyk, C. R. Boxer, *Fidalgos in the East 1550-1770*, The Hague, 1948, p. 2.

²⁸ 'n Astrolabium is gebruik om die hoogtehoek van die sterre te meet. W. J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, Kaapstad, 1957, p. 46. Kyk ook verwysing 25, p. 53 van die voetnotas na: C. de la Roncière, *L'astronomie Arabe*, pp. 12-24 en R. T. Gunther, *The astrolabes of the world*, London, 1932.

²⁹ Die Chinese kompas het Europa reeds in die twaalfde eeu deur Arabiese seemanne bereik. 'n Kompas was nodig om die Portolan-kaarte te kon lees. Daarby was die kennis van die Arabiese sterrekundiges onontbeerlik vir die bepaling van die stand van sterre in die Oosterse hemelruim. Kyk, N. Cameron, *Barbarians and Mandarins thirteen centuries of western travellers in China*, New York, 1980, p. 129, en Axelson, *Dias and his successors*, p. 82. Kyk ook: De Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 46 en die verdere verwysings in voetnota 26, p. 53.

³⁰ Da Gama het op sy eerste reis van 'n Indiese loods gebruik gemaak om die weg na die Ooste aan te dui. Cameron, *Barbarians and mandarins*, p. 129.

³¹ R. Hakluyt, beskryf die Madre de Deus wat in 1592 deur die Engelse by die Azores gebuit is as 'n 1600 ton-skip. In die werk van Hakluyt: *The Principal navigations, voyages, traffiques....*, het tussen 1598 en 1600 in London verskyn. Kyk: Boxer, *Fidalgos in the Far East*, pp. 12, 13.

³² "Carracks" (Karake) beskryf skynbaar die uitsonderlike grootte van hierdie skepe, en is afgelei van 'n Arabiese woord. Kyk, Boxer, *Fidalgos in the Far East*, pp. 12, 280.

³³ Ibid., pp. 13-15.

dit is deur sluikehandel aan die kus van Kwantung, Fujian (Foekien) en Zhejiang (Chekiang) so ver noord as Ningbo (Ningpo) bekom.³⁴ Die optrede van die Portugese in 1513 in Ta-Mang, en net daarna in Guangzhou, het die Chinese agterdogtig laat word. Dit het daartoe gelei dat die eerste amptelike ekspedisie wat in 1515 deur koning Manuel I na China gestuur is, nie goed ontvang is nie.³⁵ Die gedrag van die bemanning onder aanvoering van Fernão Peres de Andrade in 1517 in die hawe van Guangzhou, het die Chinese regering opnuut ontstel, maar nadat sekere misverstande uit die weg geruim is, is suksesvolle handelsooreenkomste uiteindelik tussen dié twee lande gesluit.³⁶ Hierdie misdrywe en ander oortredinge waaraan die Portugese hulle skuldig gemaak het, het daartoe gelei dat die Chinese keiser in 1522 'n edik uitgevaardig het ingevolge waarvan alle handel met vreemdelinge (dit wil sê met die Portugese) opgeskort is.³⁷ Dit het langer as dertig jaar geduur om Sino-Portugese verhoudinge te herstel.³⁸

Die handel in die Chinese seegebied was vir die Portugese gedurende hierdie tyd baie wisselvallig en gevaarlik maar het steeds op onwettige wyse voortgeduur. Die landbasis wat hulle in 1538 in Liangbo³⁹ in die provinsie Zhejiang, asook in die provinsie Foekien, bekom het, is in 1545 en 1549 deur die Chinese in vyf uur platgevee.⁴⁰ N. de Castro, 'n Portugese geskiedskrywer, wys daarop dat daar gedurende die tydperk tussen 1540 en 1549 'n bestelling deur die Portugese geplaas is vir Chinese porselein wat met Europese motiewe versier is,⁴¹ Dit bewys die teendeel van die teorieë wat bestaan dat daar geen of min handel tydens die Chinese keiserlike verbod tussen 1522 en 1557 plaasgevind het nie.⁴²

Nadat die Portugese in 1545 die hawe Ningpo, en in 1549 ook die hawe Guangzhou verbied is en daar geen toegang tot die Chinese handel was nie, het 'n ander geleentheid hom

³⁴ Ibid., p. 2 (Guandong en Foekien was ook belangrike uitvoerhawens waar porselein verkry is).

³⁵ J. G. Veiga, *Chinese export porcelain in private Brazilian collections*, London, 1989, p. 18.

³⁶ Met die aankoms van dié sending is daar, soos dit die Portugese gebruik was, 'n kanonsaluut afgevuur, wat die Chinese as 'n vyandige gebaar geïnterpreteer het. Simão de Andrade het die Chinese ook geaffronteer deur die reg in eie hande te neem deur 'n Portugese seeman op Chinese grondgebied op te hang. B. W. Diffie, and G. D. Winius, *Foundations of the Portuguese empire 1415-1580*, Minneapolis, 1977, p. 383. Kyk ook Cameron, *Barbarians and Mandarins*, p. 142.

³⁷ De Castro, *Chinese porcelain*, p. 16.

³⁸ Boxer, *Fidalgos in the Far East*, p. 2.

³⁹ Die gebied, in die omgewing van Ningbo was by die Portugese bekend as Liampó. Kyk, De Castro, *Chinese porcelain*, p. 16.

⁴⁰ Ibid., pp. 16-17.

⁴¹ Die porseleimbakkies bevat inskripsies en is gedateer 1541. M. A. Pinto de Matos, *Chinese export porcelain from the Anastácio Gonçalves collection*, Lisbon, 1996, p. 25.

⁴² De Castro, *Chinese porcelain*, p. 17.

voorgedoen. Die verhoudinge tussen China en Japan was in daardie stadium gespanne weens die Japannese Wako-seerowers wat voortdurend die Chinese kus geplunder het.⁴³ Gevolglik is regstreekse handel tussen dié twee lande in 1480 deur hulle onderskeie heersers opgeskort. Die Portugese teenwoordigheid in die omgewing van Sanchuan is deur die Chinese verwelkom,⁴⁴ waarskynlik omdat hulle seerowery in die gebied ontmoedig het. Die enigste manier waarop China en Japan van mekaar handelsware kon bekom, was deur middel van 'n tussenganger.⁴⁵ Dit het daartoe gelei dat die Portugese sedert 1550 toegelaat is om op die strategiese handelspunt van die eiland Sanchuan 'n jaarlikse mark tussen China en Japan te reël. Die monopolie van hierdie transaksies het onder die beheer van 'n Portugese gesagvoerder gestaan in onderhandelings tussen die Chinese en Japannese owerhede wat as verteenwoordiger van die koning opgetree het.⁴⁶ Hy het ook aan die hoof van alle Portugese skepe en nedersettings tussen Malakka en Japan gestaan.⁴⁷

Die Portugese is vir die eerste keer in 1557 deur die Chinese toegelaat om hulle op 'n skiereiland aan die Chinese kus, bekend as Macao te vestig.⁴⁸ Daarvandaan kon hulle gereeld met China in Kanton handel dryf,⁴⁹ terwyl die handel tussen China en Japan, met die Portugese as tussengangers, van Macao af voortgesit is.⁵⁰ Hierdie karake het elke jaar gedurende April met die moesonwinde van Goa na Macao gevaar. Daar het hulle 'n jaar lank op die volgende suidwestelike moesonwinde gewag en tussen die einde van Junie en die begin van Augustus na Japan gevaar. Die noordwestelike moesonwinde, wat tussen die einde van Oktober tot aan die begin van November opsteek, het hulle na Macao toe teruggeneem. Die silwer wat van Japan verkry is, het betaal vir die sy, porselein en ander gebruiksartikels wat in China aangekoop is.⁵¹ So 'n reis van Europa na die Ooste toe het dikwels tot drie jaar lank geduur, afhangende of die handelstransaksies betyds afgehandel kon word om die

⁴³ Ibid., Kyk ook: Boxer, *Fidalgos in the Far East*, p. 3.

⁴⁴ Ibid., pp. 5, 6.

⁴⁵ Ibid., p. 5.

⁴⁶ Ibid., p. 4. Hierdie aanstelling is jaarliks deur die koning gemaak, gewoonlik aan howelinge, soldate en matrose as beloning vir diens gelewer. Die ontvanger daarvan kon die titel verkoop of dit kon vererf word indien so 'n persoon dit nie kon of wou gebruik nie.

⁴⁷ Axelson, *Dias and his successors*, p. 42.

⁴⁸ Die naam "Macao" het volgens Boxer 'n legio van betekenisse. Die algemeen aanvaarde betekenis is "O-mun" wat in Kantonees poort of hek beteken, maar dit kan byvoorbeeld ook "Baai van Ama," godin van seevaarders en navigators beteken. Boxer, *Fidalgos in the Far East*, p. 3.

⁴⁹ Boxer, *Fidalgos in the Far East*, p. 4.

⁵⁰ Ibid., p. 7.

⁵¹ Ibid., pp. 15, 16.

moesonwinde op die regte tyd te kry.⁵² Hierdie manier van handeldryf word in die verslag van die Engelse reisiger John Fitch, wat die Ooste tussen 1585 en 1591 besoek het, beskryf. Dit is ook in 1598 deur Diogo Couto (1542-1616) en Jan Huyghen van Linschoten aangeteken.⁵³ Die Britse historikus, C. R. Boxer wys daarop dat die Portugese se wins as tussenganger tussen die verskillende Oosterse hawens groter was as wat hulle uit speserye en ander gebruiksartikels gemaak het wat Europa toe vervoer is.⁵⁴

Die Portugese het goedere uit die Ooste aangekoop met die spesifieke doel om dit op die terugreis aan die ooskus van Afrika te verhandel.⁵⁵ Hierdie handel het onder andere, tot so ver suid as Sofala en die huidige Maputo plaasgevind.⁵⁶ Die gebied om die suidpunt van Afrika is waarskynlik nie as winsgewend genoeg beskou nie, omdat dit te yl bevolk was en is gevolglik vermy.⁵⁷ Dit het soms gebeur dat die Portugese noodgedwonge by die suidoostelike kus van Afrika vir vars water en voedsel moes aandoen of om noodsaaklike herstelwerk aan skepe te laat doen. In baie gevalle was die skade aan skepe na die lang en vermoeiende seereis reeds so erg dat dit nie meer gered kon word nie en hulle soms 'n watergraf tegemoet gegaan of op die rotse geloop het. Daar is baie oorsake vir die seerampe, maar die meeste kan oorwegend toegeskryf word aan die berugte Kaapse storms wat dikwels die oorlaaide en verswakte skepe in so 'n mate geteister het dat hulle verplig was om land te bereik om lewensverlies te voorkom. In enkele gevalle moes die Portugese die veiligheid van die land opsoek na hewige gevegte ter see met Nederlandse vlote wat meegeding het om die handel in die Ooste.⁵⁸

Die Portugese skipbreukelinge was gedwing om 'n tyd lank op die vasteland te vertoef. In 'n paar gevalle het die Portugese daarin geslaag om bote te bou en die oseaan weer aan te durf, soos wat met die oorlewendes van die Santo Espirito (1608), São Gonçalo (1630) en die

⁵² Ibid., p. 16.

⁵³ Ibid., p. 6.

⁵⁴ Ibid., p. 7.

⁵⁵ Axelson, *Portuguese in south-east Africa*, pp.150, 182 en Boxer, *Fidalgos in the Far East*, p. 7.

⁵⁶ Axelson, *Portuguese in south-east Africa*, p. 179. Die skrywer wys op die min beskikbare inligting oor die handel in Sofala en Mosambiek. Dit wil voorkom asof daar af en toe 'n vaartuig Delagoabaai toe gestuur is om daar handel te gaan dryf.

⁵⁷ Ibid., p. 114. In 'n dokument van Rei aan Manuel I Pachequo en Beltesar de Castro word melding gemaak van 'n ekspedisie wat aangesê is om te soek na winsgewende handel tot by die Kaap die Goeie Hoop en tot by São Bras en verder weswaarts. Die bevindings van die ekspedisie is nie bekend nie.

⁵⁸ Axelson, *Dias and his Successors*, p. 47.

Nossa Senhora de Belem (1635) gebeur het.⁵⁹ Die ander skepe se oorlewendes het almal noordwaarts gestap in die hoop om Mosambiek te bereik.⁶⁰ Dié wat te swak of beseer was om die staptog aan te durf, is noodgedwonge as onwillige immigrante aan die suidpunt van Afrika agtergelaat.⁶¹

Bronne en historiografie

Die vondse uit skeepswrakke het as primêre bronnemateriaal die voordeel dat dit presies gedateer kan word. Selfs oënskynlike onbenullige voorwerpe kan waardevolle betekenis inhou wat meer inligting oor die inhoud van die vrag van so 'n skip kan bied. Die wetenskap van maritieme argeologie is betreklik jonk en daar is nog min aandag aan wrakke rondom die Suid-Afrikaanse kus gegee. Die Universiteit van Kaapstad het in 1988 die eerste leerstoel in Maritieme Argeologie ingestel en waardevolle werk oor die wetenskaplike ontginning van skeepswrakke is in die omgewing van Tafelbaai gedoen.⁶² Die Portugese skeepswrakke daarenteen, is feitlik almal nog onontgin.

In die meeste gevalle het skipbreukelinge joernale nagelaat wat baie bruikbare inligting bevat oor die omstandighede voordat, tydens en nadat skepe gesink het. Die joernale waarna hier verwys word, is primêre bronne, omdat hulle die ervaring van die ramp en die lot van die skipbreukelinge onmiddellik aangeteken het, soos in die geval van die São Bento, wat deur Manuel Mesquita Perestrelo, een van die bemanningslede, neergeskryf is.⁶³ Hoewel ander bronne ook as primêre bronne beskou kan word, berus hulle hoofsaaklik op die oorvertelling van oorlewendes en is eers enkele jare ná die ervaring oorvertel waarna dit opgeteken is, soos in die geval van die São João-ramp.⁶⁴

Hierdie bronnemateriaal is van groot belang en verskaf betekenisvolle bruikbare inligting

⁵⁹ Ibid., pp. 54, 63, 67.

⁶⁰ Ibid., pp. 51, 54, 55, 56, 58.

⁶¹ Ibid., pp. 51, 54.

⁶² Kyk B. E. J. S. Werz, "Between the devil and the deep blue sea, the development and future of maritime archaeology in South Africa", *Maritime archaeology: challenges for the new millenium symposium. World Archaeology Congress 4*, Cape Town, 1999, pp. 1-12. Hierdie afdeling is in 1996 as gevolg van verskeie faktore gesluit.

⁶³ Ibid., p. 53. Verskeie vertalers het oorspronklike dokumente uit Portugees in Engels vertaal en gepubliseer.

⁶⁴ Ibid., p. 50.



waarsonder die taak van die navorser by die opspoor van die wrakke aansienlik moeiliker sou wees. Sommige van hierdie inligting was minder bruikbaar weens die lang tydverloop voordat optekening plaasgevind het of weens die onakkurate beskrywing van die omgewing. In hierdie verband wys Bell-Cross daarop dat die topografiese beskrywings in nagelate joernale in sekere gevalle, by die soeke na skeepswrakke van min hulp is. Die redes daarvoor is omdat plekke nie altyd volgens die beskrywings geïdentifiseer kan word nie, veral omdat riviere en berge nog onbenoem was.⁶⁵ Ook was die seevaartinstrumente nog nie so ontwikkel dat dit akkurate lesings kon gee nie.⁶⁶

Die buitengewone lot wat die skipbreukelinge getref het, sluit nie uit dat van die inligting wat in joernale en ander geskrifte vervat is om verskeie redes oordrewe is nie, soos die historiese navorser, P.J. Shafer tereg opmerk: "they... may contain a different meaning than a literal reading would reveal."⁶⁷ Axelson noem 'n ander rede vir so 'n oordrywing, naamlik dat die oorlewende van die São Bento-ramp en joernaalskrywer, Perestrelo, met die beskrywing van die staptog van die São Bento-skipbreukelinge: "...might have wished to enlist his government's sympathy by claiming to have walked a longer distance to Maputo and so have obtained a more sympathetic hearing at the enquiry as to the cause of the wreck."⁶⁸ Dit sluit in hierdie geval aan by Shafer se opmerking dat daar 'n verskuilde motief agter die verkeerde inligting mag bestaan.⁶⁹

Onder die skrywers wat later van die verhale van skipbreukelinge opgeteken het, was Jesuïetepriesters, Franciskaanse monnike, soldate en beroepskrywers. Dit het weer 'n uitwerking op die betroubaarheid van die inligting, omdat dit op oorvertellings berus waarby emosie ook 'n rol gespeel het. Die klassieke literêre versameling "Historia Tragico-Maritima" is deur B. G. de Brito⁷⁰ saamgestel en handel oor die tragiese geskiedenis wat Portugese skipbreukelinge tussen 1550 en 1650 te beurt geval het.⁷¹

⁶⁵ Ibid., p. 49.

⁶⁶ Ibid., p. 48.

⁶⁷ R. J. Shafer, *A guide to historical method*, Chicago, 1980, p. 152.

⁶⁸ Axelson, *Dias and his successors*, p. 48.

⁶⁹ Shafer, *A guide to historical method*, pp. 152, 153.

⁷⁰ B. G. de Brito, *Historia Tragico-Maritima*, vol. I-II, Lisbon, 1735-6.

⁷¹ Engelse vertaling uit Portugees, is deur Theal en Boxer gepubliseer: Theal, *Records of South-Eastern Africa* en Boxer, *The tragic history of the sea*. Die boek van Boxer is een van die bekendstes wat oor hierdie onderwerp handel.

Argivale bronne waarin daar oor Portugese skeepswrakke berig word, is vir die navorser 'n groot probleem veral om die argaïese skrif te ontsyfer. Selfs persone wat Portugees kan lees, vind dit moeilik. Sommige van die bronne is in 'n swak toestand en dele daarvan is nie meer leesbaar nie. Namate navorsers met verloop van tyd daarin geslaag het om tog inligting uit die oorspronklike bronne te bekom, het meer feite beskikbaar geword en kon die een navorser op die werk van sy voorganger voortbou. Dus bied die verskeidenheid sekondêre bronne genoegsame navorsingsmateriaal wat op primêre bronne berus, met die voorbehoud dat die vertaler se persoonlike interpretasie en insig 'n invloed by die vertaling van die bron mag hê.

Sedert die einde van die negentiende eeu is die Portugese seevaartgeskiedenis ook in Suid-Afrika nagevors en gepubliseer. Die werk van G. McCall Theal, "Records of South-Eastern Africa", van 1898 en 1903 (nege boekdele), is gegrond op die vroegste aantekeninge van vroeë Portugese geskiedskrywers, onder andere João de Barros (1496-1570).⁷² Theal se werk is baie nuttig as pionierswerk, maar as gevolg daarvan dat kaarte van die tydperk voor 1502 eers in 1890 ontdek is, is dit nie in sy werk opgeneem nie en was hy dus onbekend met van sekere inligting wat op latere kaarte voorgekom het. Indien hy van hierdie inligting geweet het, sou hy in staat gewees het om akkurater stellings te maak.⁷³ E. G. Ravenstein se "A journal of the first voyage of Vasco da Gama 1497-1499"⁷⁴ en "The voyages of Diego Cão and Bartholomew Dias, 1482-88,"⁷⁵ verdien ook vermelding as belangrike naslaanbronne. Nog pionierspublikasies is dié van S. R. Welch, se "Europe's discovery of South Africa"⁷⁶ gevolg deur nog vier werke wat onderskeidelik die tydperke 1495-1521, 1521-1557, 1557-1580 en 1581-1640 behandel.⁷⁷

In 1940 het Axelson sy boek "South-east Africa 1488-1530" gepubliseer, na navorsing wat ook in Portugal en Londen gedoen is. Hierdie werk is gegrond op die veldwerk wat

⁷² De Kock verwys na Barros as die "Prins van die Portugese geskiedskrywers uit die ontdekkings tyd....." De Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 40.

⁷³ Ibid.

⁷⁴ E. G. Ravenstein, *A journal of the first voyage of Vasco da Gama 1497-1499*, London, 1898.

⁷⁵ E. G. Ravenstein, "The voyage of Diogo Cão and Bartholomew Dias 1482-88." *The Geographical Journal*, London, 1900.

⁷⁶ S. R. Welch, *Europe's discovery of South Africa*, Cape Town, 1935.

⁷⁷ De Kock sê dat Welch goeie navorsing gedoen het, maar kritiseer die gebrek aan orde en "vermoeiende wydlopiegheid." Kyk De Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 5. Hoewel Welch se navorsing nie vry te spreek is van kritiek nie, is dit nodig om kennis te neem van sy mening oor waar sommige van die Portugese wrakke gestrand het, soos dié van die Santo Alberto (1593) wat nog nie opgespoor is nie.

vir die doel van sy doktrale proefskrif te identifiseer. So het hy onder andere die Padrão van S. Gregório, wat deur Dias geplant is, by Kwaaihoek ontdek wat in 1945 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is.⁷⁸ Hierdie werk is bygewerk en in 1973 uitgegee as “Portuguese in South-east Africa 1488-1600.”⁷⁹ As gevolg van Axelson se uitstekende navorsing en betrokkenheid by die geskiedenis en die vasstel van die plekke waar Portugese wrakke aan die ooskus van Suid-Afrika gestrand het, is sy publikasies van die waardevolste naslaanbronne oor die onderwerp van hierdie studie.⁸⁰

Die navorsing van die Suid-Afrikaanse historikus, W. J. de Kock, handel tot in die fynste besonderhede oor die Portugese ontdekkers wat voor 1600 om die Kaap gevaar het. Die grondige besprekings en soeke na moontlike verklarings van bepaalde gebeurtenisse in die geskiedenis is deeglik nagevors en verskaf al die tersaaklike verwysings na werke van tydgenote, gepubliseerde argivale bronne, asook latere vertalings.⁸¹

’n Bron wat baie nuttige inligting oor die Portugese seehandel bevat, is die publikasie ter herdenking van Dias se omseiling van die suidpunt van Afrika na 500 jaar, “Dias and his successors”, onder die redaksie van Axelson.⁸² Hierdie publikasie vul ’n besondere leemte deur inligting te verskaf oor die navorsing wat reeds in Suid-Afrika gedoen is om die skeepswrakke wat tussen 400 en 500 jaar lank al aan die kus lê, op te spoor. Dié navorsing berus op die vroegste bronne soos joernale en ander geskrifte en is sonder twyfel ’n onontbeerlike bron vir die navorsing wat hier onder bespreking is. Dit sluit ook uittreksels in van die vroegste dokumentasie van die Portugese seevaarders, en die kennis wat hulle van die ooskus van Afrika volgens sestiende-eeuse beskrywings gehad het.⁸³ Die navorsing wat deur die argeoloog, T. Maggs, en die eertydse kurator van die Oos-Londense Museum, Bell-Cross, gedoen is om op grond van hierdie beskrywings Portugese wrakke te probeer opspoor, is van groot waarde⁸⁴. Dit was ondernemings van

⁷⁸ Axelson, *South-east Africa, 1488-1530*.

⁷⁹ Axelson, *Portuguese in south-east Africa, 1488-1600*.

⁸⁰ E. Axelson, *South African explorers*, London, 1954 en *Congo to Cape: early Portuguese explorers*, London, 1973. Verskeie artikels deur hom wat oor hierdie onderwerp handel, is ook gepubliseer.

⁸¹ De Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*.

⁸² Axelson, *Dias and his successors*. Medewerkers aan hierdie publikasie is, die Britse historikus Boxer en G. Bell-Cross, later van die Museum op Mosselbaai en T. Maggs wat sedert 1980 ten nouste betrokke was by die identifisering van en navorsing oor die wrak van die São Bento. Die landmeter en kartograaf, Colin Martin, lewer ’n bydrae oor vroeë Portugese landkaarte.

⁸³ Ibid., p. 28.

⁸⁴ Oor die wrakke van die VOC-tydperk wat ook aan die Suid-Afrikaanse kus voorkom, het dr. Bruno Werz van

hierdie aard wat daartoe bygedra het dat die plekke waar sommige van die skepe gestrand het met groot sekerheid vasgestel kon word. Boxer se bydrae in die publikasie, "Dias and his successors", is belangrik om die Portugese maritieme geskiedenis en die wrakke aan die ooskus van Suid-Afrika se verband met mekaar te bevestig. Dit is sekerlik dié betroubaarste en waardevolste publikasie wat oor die navorsing oor Portugese skeepswrakke aan die Suid-Afrikaanse kus verskyn het.

Boxer se deeglike navorsing oor die Portugese maritieme geskiedenis is as algemene bron onontbeerlik by die studie van hierdie onderwerp.⁸⁵ Hy het verskeie werke oor verwante onderwerpe die lig laat sien.⁸⁶ Sy boek, "Portuguese seaborne empire 1415-1825", wat in 1969 verskyn het, is oor 'n tydperk van veertig jaar nagevors en tot soveel as 4 000 bronne is geraadpleeg.⁸⁷ Hy het ook die plekke besoek wat verband hou met die Portugese koloniale geskiedenis om die argivale bronne daar te bestudeer. Die meeste van die aanhalings in sy werk steun op primêre bronne wat uit argiewe in onder meer, Lissabon, Évora en Macao verkry is.⁸⁸ Boxer is van mening dat daar nog oorspronklike bronne vir die tydperk tussen 1630 en 1640 mag bestaan, maar min is voor hierdie tydperk, oor die porseleinhandel bekend.⁸⁹ Daar bestaan moontlik ook nog Portugese bronne in die biblioteek te Ajuda, asook 'n versameling dokumente van Dom Francisco Macarenhas tussen 1623-1625, in die biblioteek te Évora wat nog ongepubliseer is. Ander bronne wat ook waardevolle inligting mag bevat, is die koloniale ministeriële argief in Junqueira.⁹⁰ Hieruit blyk dit dat daar waarskynlik nog onontginde bronne in Portugal as navorsingsmateriaal beskikbaar behoort te wees. Min dokumente bestaan waarin daar melding gemaak word van die vroeë Portugese handel in porseleinware, omdat dit nie beskryf is nie, óf omdat die dokumente wat moontlik wel bestaan het, nie behoue gebly het nie.

die Universiteit van Kaapstad se Afdeling Maritieme Argeologie, waardevolle werk verrig. Kyk B. E. J. S. Werz, "The excavations of the Oosterland in Table Bay: the first systematic exercise in marine archaeology in southern Africa", *South African Journal of Science*, 1992, vol 88, no. 2, pp. 85-89, asook, "Shipwrecks of Robben Island, South Africa: an exercise in Cultural resource management in the underwater environment", *International Journal of Nautical Archaeology*, 1993, vol. 22 no 3, p. 245-246.

⁸⁵ Boxer, *Fidalgos in the Far East 1550-1770*, handel oor die geskiedenis van Macao. *The tragic history of the sea 1589-1622*, vertel die verhale van drie van die skeepsrampe. Verskeie ander werke wat oor aanverwante onderwerpe handel, het ook uit sy pen verskyn.

⁸⁶ C. R. Boxer, *Portuguese seaborne empire 1415-1825*, London, 1969.

⁸⁷ *Ibid.*, p. 395.

⁸⁸ *Ibid.*

⁸⁹ *Ibid.*, p. 287.

⁹⁰ *Ibid.*

Van die Portugese vestiging in Macao sedert 1557, het daar enkele dokumente bewaar gebly wat betrekking het op die handel tussen China en Portugal. Van hierdie dokumente is in Chinees geskryf, soos die “Ao-men chi-lueh” van 1745-6 deur Yin Kuang-jen en Chang Ju-lin, en handel oor die geskiedenis van Macao en die porseleinhandel van die 17de en vroeg 18de eeu. Dit word dikwels as bron aangehaal omdat so min ander bronne oor dié onderwerp bestaan en is gedurende die 19de eeu ’n paar keer herdruk.⁹¹ Jesuïete priesters en Franciskaanse monnike wat gedurende die 17de en 18de eeu in China gewoon en gewerk het, was onderlê in die Chinese taal, en het beskrywings nagelaat wat handel oor die daaglikse gebeure in China.⁹² Hierdie beskrywings het dikwels op nog vroeëre geskrifte of mondelingse oorleweringe berus, wat tussen 1744 en 1745 deur ’n Franciskaanse monnik Joseph de Jesus Maria opgeteken is en in 1868 gepubliseer is as “Azia Sinica e Japonica”⁹³ Saam met die artikels geskryf deur historici soos Jack Braga en Padre Manuel Texeira wat tussen 1937 en 1941 verskyn het, is dit van die belangrikste naslaanbronne oor die vroeë Portugese handel met China.⁹⁴ Die titel van die werk deur T’ien-tse Chang, “Sino-Portuguese trade from 1514–1564” wat in 1934 verskyn het,⁹⁵ is indrukwekkender as die inhoud daarvan. Tog verstrek dit tersaaklike inligting betreffende die handel van daardie tydperk.⁹⁶ ’n Aantal dokumente in 1789 vertaal deur ’n sekere vader Amiot bied insig in die handel in sentraal Asië en bevat briewe van Moslem prinse aan die Chinese keiser. Hierdie briewe verwys na verskillende bestemmings soos Samarquand en verder wes, waar Ming-porselein gedurende die 16de eeu verhandel is.⁹⁷

Die Franse Jesuïete priester, Père d’Entrecolles,⁹⁸ het in 1712 en 1722 briewe uit Jingdezhen geskryf. Dié briewe is deur S. Julien in 1856 in Parys gepubliseer met die

⁹¹ Ibid, p. 284.

⁹² Boxer, *Fidalgos in the Far East*, p. 284.

⁹³ Die Portugese kenner van die Ooste, J. F. Marques Pereira, het hierdie aantekeninge bygewerk en dit het tussen 1868 en 1904 in ’n tydskrif, *Ta-si-yang-kuo*, verskyn. Kyk Boxer, *Fidalgos in the Far East*, pp. 284-6.

⁹⁴ Hierdie artikels het ook in die tydskrif, *Boletim Eclesiastico da diocese de Macau* verskyn. Kyk Boxer, *Fidalgos in the Far East*, p. 286.

⁹⁵ Ibid.

⁹⁶ Chang, T’ien-tse, *Sino-Portuguese trade from 1514 to 1644*, Leyden, 1934.

⁹⁷ Hierdie markte was nuut, en hoewel slegs klein hoeveelhede porselein waarskynlik op ’n slag vervoer is, het handel gereeld plaasgevind en verklaar dit waarom ’n aansienlike hoeveelheid Ming-porselein tot aan die einde van die Wanli-tydperk in die gebied van Samarquand, Khorosan, Badakshan, Herat, Shiraz, Mekka en Turkye gevind is. Amiot, *Memoirs concernant les chinois*, vol. 14, 1789, p. 241, soos aangehaal in E. Bretschneider, *Medieval researches from eastern Asiatic sources*, vol. 2, London, 1910, pp. 149, 309-356.

⁹⁸ Père d’Entrecolles is in 1663 in Frankryk gebore. Hy is in 1689 as Jesuïete priester na China gestuur waar hy tot sy dood in 1741 gebly het. Kyk D. F. Lunsingh Scheurleer, *Chinese export porcelain*, London, 1974. p. 16.

insluiting van 'n gedeelte van die “Ching-te-Chen T'ao-lu” wat hy uit Chinees vertaal het.⁹⁹ Dit bevat ook 'n beskrywing van die pottebakkersbedryf en van die oonde by Jingdezhen.¹⁰⁰ Die “Ching-te Chen T'ao-lu” is later in sy geheel in 1951 deur R. Sayer vertaal.¹⁰¹ Hierdie publikasies was die eerste vakkundige naslaanbronne oor Ming-porselein en is van besondere betekenis vir navorsers oor daardie tydperk. Die era van die laat 19de en vroeg 20ste eeu, het 'n tydperk ingelui waarin wetenskaplike navorsing op verskeie terreine 'n opbloei beleef het en dit is daarom nie verbasend nie dat verskeie bydraes oor die studie van Chinese keramiek gemaak is.

S.W. Bushell,¹⁰² 'n medikus wat in China gewerk het, het dié weg gebaan met 'n monumentale werk, “Oriental ceramic art.”¹⁰³ Verskeie ander navorsers het die vertaling van Chinese bronne soos die “T'ao-shuo”, deur Chu Yen geskryf (1774) onderneem.¹⁰⁴ Die “T'ao-Shuo” is, sover bekend, die eerste Chinese bron om uitsluitlik oor die onderwerp van die Chinese keramiek te handel en om 'n kriterium vir die beoordeling daarvan neer te lê.¹⁰⁵ Hierdie, asook ander oorspronklike Chinese bronnemateriaal, is deur Bushell, F. Hirth en ander navorsers deurgewerk, omdat dit, tot in daardie stadium, feitlik die enigste bronne was wat oor die onderwerp van keramiek bestaan het.¹⁰⁶ Die Chinese bronne, wat deur Hirth vertaal is, het in 1882 as “Ancient porcelain, a study in Chinese medieval industry and trade”, verskyn.¹⁰⁷ Bushell se werk, “Chinese art”, wat in 1904 verskyn het, was die eerste om Chinese porselein in meer besonderhede te bespreek. Dit bevat die eerste vertaling van die “T'ao Shuo”, sowel as 'n beskrywing van die Chinese keramiek in die Victoria en Albert-museum in London.¹⁰⁸

Ander waardevolle publikasies oor Chinese porselein is dié deur C. Monkhouse wat in 1901 verskyn het, aangevul met aantekeninge deur Bushell. Hierdie werk was uiters

⁹⁹ S. Julien, *Histoire et fabrication de la porcelaine chinoise*, Paris, 1856, is 'n vertaling van die *Ching-te-chen t'ao-lu*, wat in 1815 deur die Chinees Lan P'u geskryf is.

¹⁰⁰ Kyk die verwysing in: N. Ottema, *Chineesche ceramiek handboek*, Amsterdam, 1964, p. 9.

¹⁰¹ Kyk die beskrywing in: J. A. Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, Cambridge, 1981, p. 27.

¹⁰² *Ibid.*, Bushell was 'n Chinese taal magtig en het sy kennis by Chinese keramiekkundiges opgedoen. Dit het hom in staat gestel om oorspronklike Chinese bronnemateriaal deur te werk en te vertaal.

¹⁰³ S. W. Bushell, *Oriental ceramic art*, New York, 1899. Hierdie werk is in 1897 as katalogus van die Walters-versameling saamgestel en in 1899 gepubliseer. Kyk: Pope, *Chinese porcelains of the Ardebil shrine*, p. 27.

¹⁰⁴ Lunsingh Scheurleer, *Chinese export porcelain*, p. 16.

¹⁰⁵ Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, p. 28.

¹⁰⁶ Ottema, *Chineesche ceramiek*, p. 11.

¹⁰⁷ *Ibid.* Kyk ook: D. F. Lunsingh Scheurleer, *Chinees porselein*, Schiedam, 1979, p. 12.

¹⁰⁸ S.W. Bushell, *Chinese art*, London, 1904.

gewild en is gou uitverkoop, wat 'n aanduiding is van hoe groot die belangstelling in dié onderwerp vroeg in die twintigste eeu was.¹⁰⁹ R. L. Hobson se werk “Description of Chinese pottery and porcelain” wat in 1910 verskyn het, is 'n vertaling van die “T'ao-shuo”. As gevolg van sy hantering van die vertaling en die insig wat hy in dié werk toon, kan hy beskou word as die eerste navorser wat met kundigheid oor die beoordeling en datering van Chinese porselein kon skryf. Hobson se werke “Chinese pottery and porcelain”, (twee boekdele), wat in 1915 verskyn het, en “Wares of the Ming dynasty,” wat in 1923 verskyn het,¹¹⁰ steun sterk op die kennis van sy voorganger, Bushell, maar kombineer dit met eerstehandse beoordeling van die voorwerpe self. Hobson se werke vorm 'n belangrike hoeksteen vir ander navorsers.

Die Britse historikus, Percival David, het in 1937 meer krities na die Chinese publikasies gekyk waarop Bushell en Hobson se navorsing gegrond is en waarsku dat die kronologie van die Ming-dinastie in die “T'ao-lu” en die “T'ao-shuo” versigtig hanteer moet word. Hy wys daarop dat talle uitsprake daarin vervat nie bewys is nie,¹¹¹ omdat dié Chinese skrywers self, moontlik nie veel porselein van die Ming-dinastie tot in daardie stadium kon gesien het om dit te kon beoordeel nie. Die rede daarvoor is dat tot aan die einde van die 18de eeu museums in China iets onbekends was. Gevolglik het groot vragte porselein wat jaarliks na Beijing vervoer is, baie jare lank ontoeganklik agter die mure van die verbode stad opgesluit gelê.¹¹²

J. A. Pope, 'n Amerikaanse navorser en kritikus wat hoë aansien onder keramiekkenners wêreldwyd geniet, het ook Bushell se navorsing van Chinese bronne en die publikasies wat daaruit voortgespruit het, gekritiseer.¹¹³ Hierdie kritiek was nie ongegrond nie,¹¹⁴ soos later sou blyk, en het belangrike implikasies gehad omdat talle navorsers Bushell en Hobson slaafs en voor die voet aanhaal, sonder om hulle korrektheid te bevraagteken.

¹⁰⁹ Ottema, *Chineesch ceramiek*, p. 11.

¹¹⁰ Bushell, *Oriental ceramic art*, en R. L. Hobson, *Chinese pottery and porcelain*, vol. I-II, London, 1915.

¹¹¹ P. David, “A commentary on Ju-ware,” *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, vol. 14, 1936-37, pp. 18-69.

¹¹² Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, pp. 28-29.

¹¹³ *Ibid.*, p. 27. Pope meen dat Bushell nie oor die nodige onderskeidingsvermoë beskik het om die tersaaklike feite in Chinese geskrifte te evalueer nie. Hy trek ook Bushell se kennis van keramiek wat voor die Qing-dinastie vervaardig is, onder andere die Ming-dinastie, in twyfel.

¹¹⁴ *Ibid.*, p. 28. Pope maak die opmerking dat dit nie Bushell was wat fouteer het nie maar dat dit toegeskryf kan word aan die feit dat daar tot in daardie stadium bloot nog nie voldoende kennis oor die onderwerp bestaan het nie.



Pope wys daarop dat latere skrywers oor hierdie onderwerp dikwels veral op Bushell se uitsprake steun, sonder om dit self krities te beoordeel.¹¹⁵

Die Nederlandse historikus, J. de Hullu, het tussen 1915 en 1923 'n artikel gepubliseer waarin hy verwys na die nuttige inligting wat uit verslae van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) verkry kan word met betrekking tot die handel, datering en beskrywing van porselein van die 17de en 18de eeu.¹¹⁶ Die eerste werk wat uitsluitlik betrekking het op vroeë Europese handelsendings na die Ooste, is gegrond op 'n studie van VOC-verslae en is in 1924 deur H. E. van Gelder gepubliseer.¹¹⁷ 'n Ander bekende Nederlandse historikus, T. Volker, se publikasie wat in 1954 verskyn het,¹¹⁸ handel breedvoeriger oor die porseleinhandel met China tussen 1602 en 1685. Dié werk sluit verskeie dagregisters, vragbriewe en ander dokumente in en bied insiggewende inligting oor die soort voorwerpe en hoeveelhede wat deur die VOC bestel is. Dit word vandag nog as dié belangrikste naslaanbron beskou met betrekking tot die porseleinhandel van die 17de eeu en later.

C. J. A. Jörg het meer onlangs ander VOC-verslae deurgewerk en alle aspekte wat met porseleinhandel te make het, nagevors en kronologies sedert die begin van die 17de eeu tot die 18de eeu toe behandel.¹¹⁹ Jörg noem ook dat daar steeds bronnemateriaal in Nederlandse argiewe is wat nog nie nagevors is nie.¹²⁰ Ongelukkig bestaan daar, sover vasgestel kon word, nie soortgelyke bronne wat die Portugese handel met porselein van die 16de en vroeë 17de eeu in die Ooste betref nie.¹²¹

¹¹⁵ Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, p. 29.

¹¹⁶ Lunsingh Scheurleer, *Chinese export porcelain*, p. 18, verwys na 'n artikel deur J. de Hullu, "Over den Chineeschen handel der O. I. C.," *Taal, Land en Volkenkunde*, Den Haag, vol. 73, 1917.

¹¹⁷ H. E. van Gelder, "Gegevens omtrent den porseleinhandel der Oost-Indische Compagnie", *Economic History Yearbook*, Deel X, 1924.

¹¹⁸ T. Volker, *Porcelain and the Dutch East India Company*, Leyden, 1954.

¹¹⁹ C. J. A. Jörg, *Porcelain and the Dutch China trade*, The Hague, 1982.

¹²⁰ Die navorsing oor porselein as handelware, soos dit in vragbriewe weerspieël word, kan slegs as ondersteunende bron gebruik word omdat daar min of geen inligting daaruit, betreffende die versieringsmotiewe daarop en die kwaliteit daarvan, afgelei kan word nie. In sommige gevalle word wel na die fatsoen (shape) van die voorwerpe verwys, veral in gevalle waar bestellings geplaas is vir spesifieke voorwerpe. Die enigste porseleinware wat meer aandag geniet in die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie se verslae, is die sogenaamde "Chine-de-command", 'n onderwerp wat slegs in 'n geringe mate op hierdie navorsing van toepassing is. Nog 'n leemte met betrekking tot Kompanjie-verslae is dat dit geen inligting bevat oor private bestellings nie.

¹²¹ Jörg, *Porcelain and the Dutch China trade*, p. 13.

Porseleinversamelings is belangrik as primêre bronne by die bestudering en datering van Chinese porselein van die 16de en 17de eeu, omdat voorwerpe wat in versamelings opgeneem is soms volgens 'n bepaalde geleentheid of gebeurtenis aan 'n datum verbind kan word. Beskrywings en/of katalogi van sodanige versamelings is dikwels gepubliseer, wat weer gelei het tot kritiek en verdere kommentaar en debatvoering. Sodoende is belangstelling en navorsing in die onderwerp aangewakker. So byvoorbeeld, het die Franse versamelaars, A. Jacquemart en E. le Blant, die eerste pogings in 1862 aangewend om inligting aangaande hulle versamelings met ander te deel deur saam drie boekdele oor hulle versamelings te publiseer.¹²² Die Brit A. W. Franks, self 'n versamelaar, het in 1877 die katalogus van sy keramiekversameling wat nou in die Britse Museum opgeneem is, saamgestel.¹²³ Twee ander belangrike versamelings in Europa, met ewe belangrike bygewerkte katalogi, is dié van twee Britse versamelaars, G. Eumorfopoulos en P. David. Die bekende navorser en skrywer wat in China gewoon en gewerk het, A. D. Brankston, se gesaghebbende werk "Early Ming wares of Chingtechen" (1938),¹²⁴ was die mees gebruikte handleiding oor die Míng-tydperk voor 1950.

Sedert 1920 het Westerse navorsers hulle reeds begin toespits op opgrawings, wat navorsing in 'n nuwe rigting gestuur het. In 1921 het die Sweedse ingenieur, J. G. Andersson, belangrike argeologiese ontdekkings in die provinsie Honan gemaak, waarna nie net Westerse nie, maar ook Japannese en later Chinese navorsers tussen 1925 en 1936 aangespoor is om deel te neem. Verslae wat hieruit voortgespruit het, is as "Chinese translations" gepubliseer, wat sedert 1949 deur die "Oriental Ceramic Society" uitgegee word.¹²⁵ Die tydperk ná 1950 het navorsing op 'n hoër intellektuele vlak geplaas, waar navorsers hulle toenemend op argeologiese opgrawings toegelê het om voorwerpe beter te kan dateer.

Sedert 1949 het die Chinese regering 'n groot aantal opgrawings onder streng beheer op verskeie plekke in China gedoen. Dié argeologiese vondse, wat uit gedateerde grafte en pottbakkersoonde kom, is in staatsmuseums opgeneem en is van groot belang vir

¹²² A. Jacquemart and E. le Blant, *Histoire Artistique Industrielle et commerciale de la porcelaine*, vol. I-III, Paris, 1862.

¹²³ Ottema, *Chineesche ceramiek*, p. 10. Ottema maak melding van dié katalogus deur A.W. Franks, *Catalogue of a collection of oriental porcelain* wat in 1879 in London uitgegee is.

¹²⁴ Brankston, *Early Ming wares of Chingtechen*.

¹²⁵ Lunsingh Scheurleer, *Chinees porselein*, p. 13.



kunshistoriese navorsing, maar niks is in daardie stadium daaroor gepubliseer nie. J. M. Addis het hierdie leemte geïdentifiseer en tussen 1972 en 1975 in oorleg met die Chinese regering, hierdie vondse bestudeer en die navorsingsresultate daaroor gepubliseer.¹²⁶ Dit is publikasies soos dié van M. Tregear, "Arts of China, recent discoveries" (1968),¹²⁷ en dié van Addis, "Chinese ceramics from datable tombs", wat 'n bewys is van die belangrike bydrae wat navorsing van hierdie aard tot die studie van Chinese keramiek gelewer het.¹²⁸

Publikasies wat oor porselein handel wat tydens die Ming-dinastie uitgevoer is, het eers ná 1950 verskyn. Een daarvan is die katalogus wat deur Pope saamgestel is oor die nagenoeg 800 voorwerpe blou en wit porselein in die versameling van die Ardebil-heiligdom in Iran.¹²⁹ Dit is die eerste werk waarin blou en wit porselein van die 16de en 17de eeu breedvoerig bespreek word en is onontbeerlik vir die studie van hierdie tydperk. Porselein wat sedert die 16de eeu na Europa uitgevoer is, word in die meeste vroeë publikasies oor dié onderwerp van porselein, slegs oorsigtelik behandel, waarskynlik omdat daar so min inligting daaroor bestaan. Presiese datering is dikwels vermy en word slegs vaagweg aangedui soos "second half of the sixteenth century" of "mid-seventeenth century". Enkele voorbeelde wat genoem kan word, is die verwysings in die boek van H. M. Garner.¹³⁰ Volker se publikasie bevat wel enkele illustrasies van porselein uit die laat 16de eeu tot aan die einde van die 17de eeu, omdat hierdie tydperk ooreenstem met die V.O.C. se geskiedenis wat die onderwerp van sy studie is.¹³¹ Uitvoerporselein van die 17de en 18de eeu word egter vir die eerste keer as 'n afsonderlike groep uitgesonder deur H. Miedema, in 'n katalogus van die Prinsessehof-museum in Leeuwarden.¹³²

Dit was eers na 1975, tydens die uitstalling van Chinese wit en blou porselein in Hong Kong,¹³³ en in 1978 in Singapoer,¹³⁴ dat die publikasies wat daaruit voortgespruit het, die

¹²⁶ Kyk: die voorwoord van die publikasie, J. M. Addis, *Chinese ceramics from datable tombs and some other dated material*, London, 1978, p. vii.

¹²⁷ Lunsingh Scheurleer, *Chinees porselein*, p. 13.

¹²⁸ Addis, *Chinese ceramics from datable tombs*.

¹²⁹ Kyk die voorwoord in Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, p. ix.

¹³⁰ Garner, *Oriental blue and white*, afb. F en G.

¹³¹ Volker, *Porcelain and the Dutch East India Company*.

¹³² H. Miedema, *Kraakporselein en overgangsgoed catalogus, gemeentelijk museum het Prinsessehof*, Leeuwarden, 1964.

¹³³ Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 10.

¹³⁴ Ibid.



aandag op uitvoerporselein van die Ming-dinastie na Europa gevestig het.¹³⁵ Wit en blou uitvoerporselein kry eers werklik die aandag wat dit verdien in D. Macintosh se boek, "Chinese blue and white porcelain",¹³⁶ waarin die porselein wat deur Europese skepe aangekoop is, spesifiek bespreek word. Die eerste publikasie wat poog om kraakporselein te klassifiseer en nader te dateer volgens die versierings-motiewe daarop, is in 1979 deur B. McElney¹³⁷ geskryf. In aansluiting hierby gee Rinaldi 'n breedvoerige uiteensetting van hoe die randmotiewe op kraakporselein as kronologiese ontwikkeling van porseleinmotiewe beoordeel kan word om 'n presieser datering daarvan vas te stel. Laasgenoemde werk is 'n baie volledige publikasie en is die eerste een wat spesifiek oor kraakporselein en die datering daarvan handel.¹³⁸ Dié werk is nuttig as naslaanbron by die bestudering van hierdie onderwerp.

Die goed geïllustreerde artikel wat geskryf is oor die uitvoerporselein in die plafon van die Dos Santos-paleis in Lissabon¹³⁹ bied insiggewende materiaal as bron vir die studie van 16de en 17de eeuse Ming-uitvoerporselein. 'n Werk wat vermelding verdien is die katalogus van die Topkapi Seray-museum in Istanbul, wat deur R. Krahel en J. Ayers saamgestel is.¹⁴⁰ Dit is 'n belangrike bron omdat dié versameling die meeste 16de en 17de eeuse kraakporselein wêreldwyd huisves. Dié indrukwekkende katalogus bestaan uit drie dele, is ryklik geïllustreer én is seker een van die duurste katalogi wat tot nog toe oor die onderwerp gepubliseer is. Die werk van T. Misugi, voorheen verbonde aan die Hakutsura Museum of Art in Japan handel oor porseleinversamelings in die Nabye Ooste, wat die Topkapi, die Ardebil, en ander kleiner versamelings insluit.¹⁴¹ Die boek is veral betekenisvol omdat die outeur die boek uit 'n Oosterse perspektief geskryf het.

Soos reeds aangedui, is porselein wat uit vergane skepe verkry is, sonder twyfel van die betroubaarste bronnemateriaal wat enige navorser kan vind. Skepe met porseleinvondse uit die tydperk 1550-1650 waaroor inligting reeds gepubliseer is, is dié van die San Diego

¹³⁵ S. T. Yeo and J. Martin, *Chinese blue and white ceramics*, Singapore, 1978.

¹³⁶ D. Macintosh, *Chinese blue and white porcelain*, Tokyo, 1980.

¹³⁷ B. McElney, "The blue and white wares post 15th century, South East Asia and Chinese trade pottery, exhibition catalogue," *Oriental Ceramic Society of Hong Kong*, 1979, pp. 34-36.

¹³⁸ Rinaldi, *Kraak porcelain*.

¹³⁹ D. Lion-Goldschmidt, "Les porcelaines Chinoises du palais Dos Santos", *Arts Asiatiques*, vol. xxxix, Paris, 1984.

¹⁴⁰ R. Krahel and J. Ayers, *Chinese ceramics in the Topkapi Seray Museum Istanbul*, vol. I-III. A complete catalogue, London, 1986.

¹⁴¹ T. Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East, Topkapi and Ardebil*, vol I-III, Hong Kong, 1981.

(1600) wat naby die Filippynse Eilande gesink het,¹⁴² die Witte Leeuw (1613) by St. Helena¹⁴³ en die Banda (1615), 'n V.O.C.-skip wat naby Mauritius gesink het,¹⁴⁴ die São Gonçalo (1630)¹⁴⁵ aan die Suid-Afrikaanse kus, die Spaanse skip, Concepción (1641)¹⁴⁶ naby Haïti en die sogenaamde Hatcher Cargo,¹⁴⁷ 'n ongedateerde Chinese jonk, maar wat vermoedelik in 1643 gesink het met 'n vrag porselein wat vir Nederland bestem was.

Daar bestaan enkele verwysings in die literatuur oor porselein wat Europa voor die Portugese se eerste besoeke aan die Ooste bereik het en wat moontlik die grondslag van versamelings wat vandag bekend is, gevorm het.¹⁴⁸ Die meeste van hierdie voorwerpe is waarskynlik as geskenke deur sultans van die Nabye Ooste aan Europese adel aangebied. Die wit met blou versierde porselein¹⁴⁹ wat in die Yuan-dinastie (1279-1368)¹⁵⁰ gemaak is, is sedert die begin van die Ming-dinastie (1368-1644) in groter hoeveelhede vervaardig. Dit het toenemend gewild geraak en ander lande in die Ooste bereik, maar het net by hoë uitsondering die Weste bereik. Die rede daarvoor is die lang afstande waarmee handelsware op kamele oor land met die syroete langs vervoer is. Dit was bykans onmoontlik om groot hoeveelhede porselein wat swaar en breekbaar is, op dié wyse te vervoer.

Enkele bronne maak melding van die heel vroegste Ming-porselein wat in Europese versamelings opgeneem is. So is dit bekend dat 'n Egiptiese sultan blou versierde Ming-porselein uit die 15de eeu aan die doge van Venesië en aan Lorenzo de Medici geskenk

¹⁴² *Le San Diego, Un trésor sous la mer*, exhibition catalogue, National Museum of the Philippines, Paris, 1994.

¹⁴³ C. van der Pijl-Ketel, *The ceramic load of the 'Witte Leeuw' (1613)*, Amsterdam, 1982. 'n Vloot van vier Nederlandse skepe, waaronder die Witte Leeuw, het twee Portugese karake in die baai van Jamestown by Sint Helena aangeval. Die Witte Leeuw het die onderspit gedelf en gesink. Die vrag van die skip is sedert 1977 deur: "Groupe de Recherche Archéologique Sous-Marine Post-Médiévale" geberg en is tans in die Rijksmuseum te Amsterdam.

¹⁴⁴ Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 64. Daar kon egter geen verdere inligting oor hierdie wrak se vrag opgespoor word nie.

¹⁴⁵ E. Axelson, "Relics from the São Gonçalo at Plettenberg Bay", *Antiques in South Africa*, vol. 8, 1980, pp. 37-40; P. Storrar, *Drama at Ponto Delgado*, Johannesburg, 1988. (Geen grondige studie is tot nog toe oor die porselein gedoen wat op hierdie skip was nie.)

¹⁴⁶ Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 64.

¹⁴⁷ Sheaf en Kilburn, *The Hatcher porcelain cargoes*.

¹⁴⁸ Porselein is as kosbare voorwerpe beskou, daarom kan aanvaar word dat ook die vroegste porselein wat Europa bereik het saam met ander kosbaarhede bewaar is en selfs later moontlik verder aangevul is.

¹⁴⁹ Porselein met kobaltblou versierings is reeds voor hierdie dinastie vervaardig maar het in die algemeen gedurende die Ming-dinastie bekend geword. Kyk: J. Rawson, *British museum book of Chinese art*, New York, 1996, p. 240.

¹⁵⁰ Die Mongoolse besetting van China staan bekend as die Yuan-dinastie (1279-1368).

het.¹⁵¹ M. Beurdeley, bekende keramieknavorser, noem dat die porseleinversamelings van Charles VIII, Louis XII en Francis I van Frankryk, wat sedert die 15de eeu in die koninklike inventaris as fyn porselein met klein blou motiewe aangeteken is, vermoedelik na Ming-porselein verwys.¹⁵² Ander bekende versamelings wat in die 17de eeu tot stand gekom het, is dié van Christina van Swede (1626-1689),¹⁵³ asook dié van die Engelse koningin Mary II (1662-1695), die eggenote van Willem van Oranje.¹⁵⁴

Inligting oor vroeë Portugese versamelings is uiters skaars. Daar word vermoed dat die wat wel bestaan het in 1755 in Lissabon gedurende die groot aardbewing en die brand wat daarop gevolg het, vernietig is. Rinaldi noem dat daar nog bronne in die Arquivo Nacional da Torre do Tombo en in die Arquivo Historico Ultramarino kan wees wat hierdie ramp oorleef het en moontlik nog inligting in verband met vroeë inventarisse oor porselein kan bevat.¹⁵⁵

Die Westerse belangstelling om Chinese voorwerpe, wat porselein insluit, te versamel, het reeds in die 17de eeu onder adellikes gewild begin raak, maar het veral in die 18de eeu gedurende die Rococo-tydperk 'n hoogtepunt bereik. Die mode om spesiale porseleinkamers in te rig om massas porselein tot oordadigheid te bewaar, was aan die orde van die dag. Die skrywer, D. Dafoe,¹⁵⁶ berig dat koningin Mary II met die mode begin het om porselein bo-op kaste, kaggels en rakke tot teen die dak op te stapel.¹⁵⁷ Sewentiende- en agtiende-eeuse interieurs is ontwerp om nisse en konsoles in te sluit waarvan sommige vandag nog in paleise en huismuseums bestaan.¹⁵⁸ In die Charlottenburg-paleis in Berlyn is so 'n porseleinkamer as voorbeeld van hoe hierdie kamers in dié tydperk ingerig is.¹⁵⁹ 'n Baie bekende voorbeeld is die plafon in die Dos

¹⁵¹ MacIntosh, *Chinese blue-and-white porcelain*, p. 105. Kyk 'n artikel deur J. A. Pope, "Early Ming taste in porcelain," *Victoria and Albert Museum Bulletin*, vol. 2, no.1, 1966.

¹⁵² M. Beurdeley, *Chinese trade porcelain*, London, 1962, p. 36.

¹⁵³ Lunsingh Scheurleer, *Chinees porselein*, p. 11.

¹⁵⁴ Ibid.

¹⁵⁵ Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 63.

¹⁵⁶ Le Corbeiller haal aan uit 'n 18de eeuse bron van D. Dafoe, *Tour through the whole island of Great Britain (1724-1726)*. Kyk, C. le Corbeiller, *China trade porcelain- patterns of exchange*, New York, 1974, pp. 165, 166.

¹⁵⁷ 'n Deel van hierdie versameling is tans nog in die "Water gallery" in Hampton court, Engeland. Kyk Le Corbeiller, *China trade porcelain*, p. 3.

¹⁵⁸ Die Franse argitek, Daniël Marot, was bekend vir die ontwerp van hierdie tipe interieurs. Kyk, Lunsingh Scheurleer, *Chinese export porcelain*, p. 11.

¹⁵⁹ Hierdie gewildheid was as gevolg van die bedrywighede van die verskeie Europese handelsvlote wat die Ooste besoek het. Bestellings vir Chinese porselein is geplaas vir voorwerpe wat versier is volgens Europese

Santos-paleis in Lissabon. Die passie vir Chinese porselein het teen die einde van die 18de eeu effens afgeneem, maar te oordeel aan die groot aantal publikasies oor die onderwerp van Chinese porselein wat teen die middel van die 19de eeu verskyn het, is dit duidelik dat daar opnuut 'n belangstelling daarvoor ontstaan het.¹⁶⁰

Tydens die oorlog tussen die Westerse moondhede en China wat in 1856 uitbreek het, het Franse en Britse troepe in 1861 die keiserlike somerpaleis naby Beijing geplunder en van kunsvoorwerpe gestroop. Talle van hierdie voorwerpe is na Europa, Amerika en Japan geneem as gevolg waarvan die belangstelling in Chinese kuns herleef het. Hierdie porselein was nie vir uitvoer bedoel nie, maar vir die keiserlike huishouding bestem en is in privaatversamelings en museums byeengebring en baie daarvan is vandag deel van verskeie museums in Europa.¹⁶¹ Na die beëindiging van die Boxer-opstand aan die begin van die 20ste eeu, het Franse, Engelse en Nederlandse versamelaars groot hoeveelhede porselein vanaf China en Japan ingevoer.¹⁶² In die laat dertigerjare tot in die vyftigerjare het nog 'n verdere vloedgolf Chinese porselein Europese en Amerikaanse markte bereik om versamelings aan te vul.¹⁶³

Die Europeërs se belangstelling in die Chinese kuns het mettertyd toegeneem na aanleiding van die uitgebreide kontak met die Ooste. In die laat 18de eeu en die eerste dekade van die 19de eeu, het die Europeërs Chinese porselein bloot om estetiese redes versamel en omdat dit 'n modeneiging was. Teen die begin van die 20ste eeu, het 'n meer historiese benadering vanuit 'n argeologiese en kunshistoriese oogpunt gevolg.¹⁶⁴ Die voorwerpe wat aanvanklik vir navorsing beskikbaar was, was beperk, maar deur opgrawings is porseleinware wat nie vroeër bekend was nie ontdek, waardeur 'n groter verskeidenheid versamelbare voorwerpe na vore gekom het om die keuses vir versamelaars verder te verbreed. Dit het gelei tot meer gespesialiseerde versamelings volgens spesifieke belangstellings en kan as volg saamgevat word: "... the curiosity-

voorskrifte (*Chine de commande*) en groot hoeveelhede is ingevoer. Kyk ook Lunsingh Scheurleer, *Chinese export porcelain*, en M. Beurdeley, *Porcelain of the East India Companies*, London, 1962.

¹⁶⁰ Lunsingh Scheurleer, *Chinese export porcelain*, p. 16.

¹⁶¹ Ibid.

¹⁶² Ottema, *Chineesche ceramiek*, p.12.

¹⁶³ Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, p. 29. Pope maak van hierdie verskynsel melding, maar verskaf nie redes waarom dit plaasgevind het nie.

¹⁶⁴ Ibid.

hunger of the 18th century antiquary had given way to the knowledge-hunger of his 19th century successor ...”¹⁶⁵

Die eerste Europeërs se pogings om meer van Chinese porselein as vakgebied te wete te kom, is gekniehalter deur die gebrek aan goeie literatuur oor die onderwerp. Die enigste bronne wat toe beskikbaar was, was Chinese bronne wat eers vertaal moes word om dit toeganklik te maak. Danksy baanbreker entoesiaste soos Bushell, Hirth en Julien, is hierdie vertalings onderneem, maar dit wil nogtans voorkom asof die Chinese se waardebeoordeling volgens die vroeë bronne van die Westerse benadering verskil het sodat die Europeërs nie genoegsame inligting daaruit kon verkry nie.¹⁶⁶ Gray maak die opmerking dat “Throughout the past hundred years there has been a succession of attempts to enter imaginatively into the significance to the world of Chinese art, as corrective to the Western one-sidedness, as adding a larger perspective, a more sensitive appreciation, a more evolved and experienced achievement.”¹⁶⁷ Hierdie besef dat die beskouing en opvatting van kunswaardering tussen die Weste en Ooste nie dieselfde is nie, word ook weerspieël in werke soos dié van L. Binyon, “La Philosophie de la nature dans l’art d’Extreme Orient”.¹⁶⁸

Publikasies van versamelaars, soos dié van De Jacquemart en Le Blant in 1862, waarin die ontwikkeling van Chinese porselein uiteengesit word, het die belangstelling in die versameling van Chinese porselein verder aangewakker.¹⁶⁹ Die uitstalling van vroeë Chinese keramiek in 1911 in Londen het as verdere inspirasie gedien.¹⁷⁰ Die tydperk voor die Eerste Wêreldoorlog kan as ’n tydperk beskou word waartydens die pioniers nog ’n versigtige benadering gevolg het en datering en stilistiese maatstawwe op Bushell se publikasies, en maatstawwe van filosowe en kunskritici soos R. Fry, A. Riegl en S. Vignier, gegrond het.¹⁷¹

¹⁶⁵ B. Gray, *Studies in Chinese and Islamic art*, vol 1, London, 1987, p.17. Gray haal aan uit R. G. Collingwood, *An autobiography*, London, 1939, pp. 122, 141.

¹⁶⁶ M. Feddersen, *Chinese decorative art*, London, 1961, pp. 33, 178.

¹⁶⁷ Gray, *Studies in Chinese and Islamic art*, p. 17.

¹⁶⁸ L. Binyon, *La Philosophie de la nature dans l’art d’Extreme Orient*, Paris, 1910.

¹⁶⁹ Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, p. 36.

¹⁷⁰ *Ibid.*, p. 13.

¹⁷¹ Gray, *Studies in Chinese and Islamic art*, pp. 23-4, verwys hier na die werke van A. Riegl, *Stilfragen*, London, 1893, wat sy bekende begrip “kunst-wollen” op Chinese keramiek toepas, en R. Fry, *Vision and design*, London, 1920, pp. 295-6 waarin hy Chinese keramiek by sy begrip van ’n universele estetika insluit.

versigtige benadering gevolg het en datering en stilistiese maatstawwe op Bushell se publikasies, en maatstawwe van filosowe en kunskritici soos R. Fry, A. Riegl en S. Vignier, gegrond het.¹⁷¹

Die groot hoeveelheid Chinese keramiek wat sedert die tweede helfte van die 19de en vroeg 20ste eeu op die ope mark beskikbaar was, het dit meer bekostigbaar as ooit tevore gemaak. Namate versamelings uitgebrei het, het inventarisse, asook beskrywende katalogi noodsaaklik geword as verdere aanvullings by die kennis van Chinese keramiek. Gespreksgroepe is gevorm om navorsingbevindinge en kennis met ander belangstellendes te deel. Dit het op sy beurt vroeg in die 20ste eeu aanleiding gegee tot die totstandkoming van keramiekverenigings. Verenigings het selfs hulle eie tydskrifte begin uitgee, waarvan sommige tot vandag toe nog gereeld verskyn. Deur middel van hierdie publikasies kon die onkundige versamelaar sy kennis verbreed deur vrae te stel wat deur kundiges beantwoord of verder nagevors is. Dit het verdere navorsing uitgelok en aangemoedig, wat op sy beurt die belangstelling in porseleinnavorsing lewendig gehou het.¹⁷² In Nederland is die “Vereniging van Vrienden der Aziatische kunst” in 1918 in Amsterdam gestig, wat gelei het tot die “Stigting van het Museum voor Aziatische kunst” in 1925.¹⁷³ Hulle het hulle daarvoor beywer om uitstallings van Chinese keramiek in privaat-versamelings te reël met gepaardgaande katalogi wat later in ensiklopedieë opgeneem is.¹⁷⁴ In Engeland is die “Oriental Ceramic Society” in 1921 gestig, en in Frankryk die “Arts Asiatiques” in 1924, wat elkeen ’n eie tydskrif uitgee. Ander bekende en hoogsaangeskrewe publikasies van verenigings is in Duitsland die “Ostasiatische Zeitschrift”, in Swede die “Museum of Far Eastern Antiquities Bulletin” en in Amerika die “Archives of the Chinese Art Society of America” wat in 1945 begin verskyn het.

Talle museums het in dié tyd tot stand gekom. Die Britse regering het byvoorbeeld in 1935 die Chinese versamelings in die Victoria en Albert-museum en die Britse Museum aangevul deur die aankoop van die Oppenheim- en die George Eumorfopoulos-versamelings. ’n Ander uitstaande versameling, die Percival David-versameling, het by

¹⁷¹ Gray, *Studies in Chinese and Islamic art*, pp. 23-4, verwys hier na die werke van A. Riegl, *Stilfragen*, London, 1893, wat sy bekende begrip “kunst-wollen” op Chinese keramiek toepas, en R. Fry, *Vision and design*, London, 1920, pp. 295-6 waarin hy Chinese keramiek by sy begrip van ’n universele estetika insluit.

¹⁷² Ottema, *Chineesche ceramiek*, p. 12.

¹⁷³ Lunsingh Scheurleer, *Chinese export porcelain*, pp. 231-2.

¹⁷⁴ Ottema, *Chineesche ceramiek*, p. 14.

Die connoisseurskap van Chinese Ming-porselein het eers sedert die begin van die 20ste eeu werklik op dreef gekom, en meer spesifiek na 1935. Die besprekings en publikasies van die onderskeie verenigings het op die grootste uitstalling van Chinese kuns uitgeloop wat tot nog toe in die Weste gehou is en het 'n grootse indruk by die publiek gelaat. Die uitstalling is deur die "Royal Academy" in Londen in 1935-36 gereël. Dit was 'n reuse sukses en word allerweë beskou as 'n definitiewe skeidslyn tussen twee tydvakke, wat op die gebied van Chinese kuns vóór die uitstalling en daarna gebeur het.¹⁷⁶ Gray noem dat hierdie uitstalling ook die groot aansporing was vir die versameling van wit en blou porselein, waarskynlik as gevolg van die uitmuntende voorbeelde wat uitgestal is, soos dié afkomstig uit die Topkapi Seray-paleis in Istanbul.¹⁷⁷

Soos reeds genoem, het die jare veertig en vyftig van die 20ste eeu 'n tydperk ingelui waarin navorsers hulle daarop toegelê het om argeologies oor 'n wyer gebied na keramiekvondse te soek. Daar is onder meer in China, in Suid- en Suidoos-Asië, die Midde-Ooste en Oos-Afrika, die Fillipyne en Indonesië opgrawings gedoen.¹⁷⁸ Die navorsing en publikasies wat hieruit voortgespruit het, het belangrike inligting verskaf, veral ten opsigte van datering van grafte of omgekeerd, die datering van die voorwerpe. Ander bykomende inligting is ook deur hierdie vondse verskaf, soos na watter lande porselein oral uitgevoer is, asook die gehalte en soort porselein wat uitgevoer is.

Een van die porseleinversamelings wat as betroubare navorsingsbron beskou kan word, is die Ardebil-versameling in Iran. Dit bevat meer as 800 wit-en-blou porseleinstukke uit die tydperk tussen die 16de en 17de eeu. Die sjah, Abbas die Grote, het dié versameling in 1611 aan hierdie heiligdom geskenk en sedertdien is niks tot hierdie versameling bygevoeg nie. Hierdie versameling is van onskatbare waarde omdat daar sekerheid is dat die porselein nie later aangevul is nie en dus sonder twyfel voor 1611 gemaak is. Pope meld in sy voorwoord dat ongeveer 'n driekwart van die 800 voorwerpe uit die Ming-dinastie tussen 1368 en 1611 dateer. Dit bied die enigste onbetwisbare studiebron vir

¹⁷⁶ Gray, *Studies in Chinese and Islamic art*, p. 28.

¹⁷⁷ Ibid.

¹⁷⁸ J. Anderson, and D. Black, *Preliminary report on Archaeological research in Kansu*, Peking, 1925; L. and C. Lochsin, *Oriental ceramics discovered in the Philippines*, Tokyo, 1967; E. McKinnon, "Oriental ceramics excavated in North Sumatra", *Transactions of the Oriental ceramic society*, 1976-1977, pp. 78-81 and Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, pp. 46-48.

porseleinvoorwerpe uit hierdie tydperk.¹⁷⁹ Die Topkapi Seray-museum in Istanbul, moet ook spesiaal vermeld word omdat dit die grootste versameling Chinese uitvoerporselein (kraakporselein) bevat. Daar bestaan nie wetenskaplike bewyse vir die korrekte datering van die voorwerpe nie, maar omdat daar so 'n groot hoeveelheid voorwerpe bymekaar te sien is, is dit moontlik om die verskillende kwaliteite van voorwerpe wat in dié versameling voorkom, met dié in ander versamelings te vergelyk. Baie voorwerpe in die Topkapi Seray-museum is uniek en kom nie elders voor nie. Dit geld veral vir die besondere grootte van sommige van die voorwerpe, wat soortgelyke voorbeelde in ander versamelings ver oortref.

Die Portugese versamelings wat reeds ten tye van die vroeë seevaart na die Ooste opgebou is, is van die belangrikste bronne vir navorsing veral waar daar sekerheid bestaan dat dit wel uit daardie tydperk in die versameling opgeneem is.¹⁸⁰ Dit is egter in baie gevalle onmoontlik om te bepaal of versamelings suiwer gebly het en of dit later met meer voorwerpe aangevul is of nie. Die Dos Santos-paleis in Lissabon was die woning van Portugese konings sedert 1501, en sedert 1589 van die Lancaster-familie. 'n Kamer in die paleis bevat 'n piramidale plafon wat bedek is met 261 porseleinbakke en borde van verskillende groottes. Porseleinvoorwerpe is deur koning Manuel I (1495-1521), en sy opvolgers, asook Luiz de Lancaster II tot in 1613 aangevul. Aangesien die familie tussen 1613 en 1664 in Madrid woonagtig was, is daar waarskynlik nie enige voorwerpe gedurende hierdie tydperk bygevoeg nie. Dit verklaar waarom daar geen voorwerpe in die versameling is wat ooreenstem met porselein van die einde van die Ming- (1644) en die Oorgangstydperk nie. Don Jose Luiz Lancaster, self 'n ywerige versamelaar, het vanaf 1664 die paleis bewoon en die plafon in die paleis ingerig.¹⁸¹ Daar is egter vroeë Kangxi en laat 18de eeuse Chinese porseleinvoorwerpe tot die versameling bygevoeg om gebreekte eksemplare te vervang.¹⁸² Sodra daar egter enige voorwerpe by 'n versameling bygevoeg is, is die versameling onbetroubaar vir presiese datering en vir navorsing. 'n Ander versameling in Lissabon is vroeg in die 20ste eeu deur die Portugese versamelaar

¹⁷⁹ Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, p. xi.

¹⁸⁰ Pogings om tot hierdie argiewe toegang te verkry, is uiters problematies vir enige persoon wat nie Portugees magtig is nie. Eie ondervinding het geleer dat die amptenare in diens van die argiewe nie Engels goed genoeg kon verstaan om behulpsaam te wees om by die bronne uit te kom wat aangevra is nie. 'n Tolk is onontbeerlik by besoeke aan Portugese instansies van hierdie aard.

¹⁸¹ D. Lion-Goldschmidt, "Ming Porcelains in the Dos Santos palace collection, Lisbon", *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, 1984-85, p. 80 en Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 64.

¹⁸² Ibid.

Anastácio Gonçalves byeenbring. Dit bestaan uit 379 voorwerpe wat hoofsaaklik uit die 16de en vroeg 17de eeu dateer. Die versameling is belangrik omdat die voorwerpe daarin tiperend is van dit wat die Portugese uit die Ooste na Portugal gebring het. Ongelukkig is dit nie aangeteken uit watter ander versamelings dit oorspronklik kom nie en maak dit dus ook dié versameling onbetroubaar met die oog op datering. 'n Goed geïllustreerde katalogus van die Gonçalves-versameling is deur M. A. Pinto de Matos saamgestel.¹⁸³

Chiese porselein wat voor 1590 Europa bereik het en vandag nog in versamelings voorkom, is skaars, maar danksy aantekeninge in ou inventarisse kan daar tog nog enkele voorwerpe opgespoor word, soos dié van die De Medici-versameling in Florence. In 1590 het die groothertog Ferdinand I ongeveer 500 voorwerpe by sy bestaande versameling gevoeg. Die vorige 400 voorwerpe is deur Cosimo I in 1553 opgeteken, en weer in 1587.¹⁸⁴ Nog 'n vroeë inventaris is dié van Ferdinand II van Tirol. Hierdie versameling in die Ambras-paleis naby Innsbruck is in 1598 opgeteken.¹⁸⁵ Vier klein kommetjies van minderwaardige gehalte word uitgestal. Dit is nie bekend of daar nog ander voorwerpe in dié versameling is nie. Die inventaris van die versameling van hertog Albrecht van Beiere, het uit 167 voorwerpe bestaan waarvoor daar in 1598 'n katalogus saamgestel is. 'n Deel van die versameling is later in die versameling van Hirth opgeneem en is tans in die Gotha-museum in Dresden.¹⁸⁶ Omdat die voorwerpe in dié versameling gedateer is, bied dit bronne waarmee ander voorwerpe waaroor daar twyfel bestaan, vergelyk kan word.

Elke land in Europa het navorsers en skrywers opgelewer wat werke gepubliseer het as aanvulling by versamelings. Duitse skrywers het byvoorbeeld hulle kennis van Chiese keramiek opgedoen nadat die Duitse vorste in die 18de eeu porselein via die Oos-Indiese Kompanjie bekom het. Die standaardwerk in Duits is dié van E. Zimmermann wat in 1913 direkteur was van die groot versameling wat deur August die Sterke in Dresden aangeskaf is.¹⁸⁷ Bestaande inventarisse dui daarop dat daar teen die einde van die 16de eeu talle Chiese porseleinversamelings in Europa was. Sowat 80 % daarvan het wit en

¹⁸³ Pinto de Matos, *Chinese export porcelain*.

¹⁸⁴ Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 63.

¹⁸⁵ H. Garner, *Chinese export art in Schloss Ambras*, London, 1975.

¹⁸⁶ H. Brunner, *Chinesisches Porzellan im Resident-museum, Munich*, Munich, 1966.

¹⁸⁷ N. Ottema, *Chineesche ceramiek*, Amsterdam 1946, p. 12.

blou voorwerpe ingesluit, maar die inligting omtrent die voorwerpe beskryf nie die ontwerpe daarop nie, gevolglik is dit bykans onmoontlik om te bepaal hoe die voorwerpe gelyk het. Beskrywings in inventarisse kan vir die doel van datering slegs van nut wees as die voorwerp nog bestaan en geëien kan word as dié besondere een wat aangeteken is. Hieruit spreek dit duidelik dat 16de-eeuse versamelings skaars is. Waar inventarisse nog bestaan, is die voorwerpe in baie gevalle nie duidelik omskryf nie, of daar is onsekerheid of die voorwerpe wat beskryf word nog bestaan. Min bestaande versamelings is onbetwisbaar gedurende 'n vasgestelde tydperk byeengebring en onaangetas gelaat. Die bestudering van die voorwerpe in versamelings wat goed gedokumenteerd is, is van groot waarde, maar bevat dikwels nie genoeg verteenwoordigende voorbeelde wat gedurende daardie tyd gemaak is nie. 'n Uitsondering is die reeds genoemde Ardebil-heiligdom, maar dié versameling bevat net voorwerpe van die imperiale oonde van Jingdezhen en nie voorbeelde wat by die provinsiale oonde gemaak is nie. Dit bied dus nie voorbeelde wat oor die algemeen vir die uitvoermark gemaak is nie.

Omdat niks opgeteken is wat by die oonde van Jingdezhen gedurende die 16de en 17de eeu gemaak is nie, en daar selfs nie altyd duidelik onderskeid getref kan word tussen dié wat by die imperiale oonde en dié wat by die provinsiale oonde gedurende daardie tydperk vervaardig is nie, is daar geen maklike oplossings vir die datering van porselein wat in hierdie tydperke gemaak is nie. Dit geld veral vir die fyner indelings van 16de eeuse tot vroeg 17de-eeuse Ming-porselein.

Nog 'n bron vir die bestudering van porselein wat na Europa toe uitgevoer is en in 'n beperkte mate as hulpmiddel kan dien by datering van voorwerpe, is Europese skilderye. Vroeg 17de eeuse skilderye beeld dikwels porseleinvoorwerpe tussen blomme en vrugte uit. In gevalle waar hierdie stillewes gedateer is, kan dit ook as 'n hulpmiddel dien deur bestaande voorwerpe met dié in die skilderye te vergelyk.¹⁸⁸

Uitvoerporselein of kraakporselein het na raming teen 1585 begin en het in 1640 'n hoogtepunt bereik. Dit dateer dus uit die tyd voor die Nederlandse nedersetting aan die Kaap in 1652.¹⁸⁹ Daar is min porseleinvoorwerpe wat sedert die VOC se bewind in

¹⁸⁸ 'n Stillewe skildery deur Jansz Treck in die National Gallery, London, beeld twee goeie voorbeelde van 17de eeuse kraak-porselein uit. Kyk: P. Atterbury, *The history of Porcelain*, London, 1982, p. 54.

¹⁸⁹ C. S. Woodward, *Oriental Ceramics at the Cape of Good Hope 1652-1795*, Cape Town, 1974, p. 3.

Kaapse versamelings in Suid-Afrika behoue gebly het. Voorwerpe vroeër as hierdie tydperk sou byvoorbeeld net as private eiendom van amptenare van die VOC die Kaap bereik het.¹⁹⁰ Die meeste ander versamelings in Suid-Afrika het later deur middel van private versamelaars Suid-Afrika toe gekom. Behalwe vir enkele museum-katalogi en artikels in museumbulletins, is die eerste volledige boek oor Chinese porselein aan die Kaap in 1974 deur C. S. Woodward uitgegee.¹⁹¹ 'n Tekortkoming in hierdie werk wat uitgesonder kan word, is dat voorwerpe in versamelings in Suid-Afrika in die werk afgebeeld word sonder om te vermeld hoe die versamelings tot stand gekom het. Die bespreking in die boek sluit versamelings in wat later uit ander versamelings in die buiteland aangekoop is en dus geen bewese verband met die VOC-handel in die Ooste het nie,¹⁹² terwyl die titel daarop dui.¹⁹³

Om saam te vat, die belangstelling in Chinese wit en blou porselein het sedert die ontdekkingstogte aangegroei en geleidelik ontwikkel tot 'n gevestigde wetenskap. Dié navorsing het gelei tot velerlei publikasies oor 'n verskeidenheid aspekte rakende die onderwerp. Navorsing oor datering van porselein het nie agterweë gebly nie, maar daar bestaan nog groot onduidelikheid oor verskeie aspekte daarvan. Omdat daar nie historiese bronne bestaan wat die probleem van datering kan boekstaaf nie, is die navorser van ander bronne afhanklik.

Bronnemateriaal oor die porseleinhandel in die Ooste, veral met betrekking tot die Portugese handelsgeskiedenis, is dun gesaai en daar is, sover bekend, geen gesaghebbende bron wat volledige inligting hieromtrent bevat nie. Een rede, soos in hierdie bespreking verduidelik word, is die gebrek aan primêre bronnemateriaal wat spesifiek op die porseleinhandel betrekking het. Daar moet gevolglik van brokstukkies uit verskeie bronne gebruik gemaak word om byvoorbeeld 'n beeld op te bou van die plekke van waar porselein verkry is voordat daar regstreeks met China handel gedryf is.

¹⁹⁰ Ibid., pp. 5, 201.

¹⁹¹ Ibid.

¹⁹² Ibid.

¹⁹³ Die titel van die boek dui daarop dat die porselein in Suid-Afrikaanse versamelings reeds sedert die VOC-tydperk na 1652 tot stand gekom het, wat nie die geval is nie. Talle voorbeelde in die Van Tilburg-versameling, tans in besit van die Universiteit van Pretoria, is in die boek opgeneem terwyl hierdie versameling eers in 1951 uit Nederland na Suid-Afrika toe gekom het. So is voorwerpe in die Fehr- en die Davis-versameling, albei in Kaapstad, wat onderskeidelik in die William Fehr-versameling en Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum opgeneem is, in die twintigste eeu in die buiteland aangekoop. W. Fehr, *Treasures at the Castle of Good Hope*, Cape Town, 1963, p. 9.

Die standaardwerke oor die vroegste geskiedenis van die vestiging van die Portugese in Macao, soos die “Ao-men chi-lue” en die “Azia Sinica e Japonica”, bied inligting oor die omstandighede van die handel tussen China en Japan met die Portugese as die tussengangers.¹⁹⁴ Omdat die Portugese, sover vasgestel kon word, geen vragbriewe of verslae oor porseleinaankope gehou het nie, is dit baie moeilik om inligting daarvoor te bekom.

Dit is ietwat anders gesteld met die porselein van die 17de eeu, omdat die VOC redelik goed verslag gehou het van bestellings en aankope en ’n groot hoeveelheid van hierdie dokumente tans nog bestaan.¹⁹⁵ Die Nederlanders het oor vragbriewe beskik, waarvan heelwat nog bestaan, maar die inligting wat dit bied, is redelik beperk vir die doel van hierdie studie omdat die beskrywings vaag is en daar geen bewyse is dat die Nederlanders se bestellings uitgevoer is soos wat dit aangevra is nie. Tog kan illustrasies van voorwerpe wat in die publikasie van Volker voorkom, verbind word met voorwerpe wat tydens die tydperk van die VOC na Nederland gebring is en vergelyk word met motiewe op skerwe wat op die onderskeie wrakke aan die kus van Suid-Afrika gevind is.¹⁹⁶

Keuse en uiteensetting van die studie

Die motivering vir hierdie studie is die groot aantal Ming-porseleinskerwe wat aan die ooskus van Suid-Afrika voorkom en die uitdaging wat die materiaal bied om die problematiek rakende die datering van Chinese Ming-porselein en die ontwikkeling van die motiewe wat daarop voorkom, na te vors.

Talle voorwerpe in bestaande versamelings wêreldwyd is verkeerd gedateer omdat daar geen voorgeskrewe maatstawwe met betrekking tot die datering van die 16de en 17de eeuse Chinese porselein bestaan nie. Dit is in hierdie opsig dat die porselein wat uit skeepswrakke herwin word, hierdie leemte kan vul. Die navorser Addis bevestig dit: “The study of Chinese ceramics..... particularly with regard to dating, there are good

¹⁹⁴ Boxer, *Fidalgos in the Far East*, p. 283.

¹⁹⁵ Volker, *Porcelain and the Dutch East India Company*.

¹⁹⁶ Ibid.

representative collections in Western museums, but very few items can be given a precise, or even an approximate, date on firm evidence.”¹⁹⁷

Soos in die inleidende deel van hierdie hoofstuk uiteengesit, is die doel van hierdie studie om Chinese porselein van die Ming-dinastie wat as deel van 16de- en 17de-eeuse Portugese skeepswrakke, soos dit aan die ooskus van Suid-Afrika voorkom, te ondersoek om sekere inligting daaruit te wete te kom.¹⁹⁸ Daarvoor is dit nodig om ’n opname te maak van die verskeidenheid motiewe wat met die tydperk ooreenstem toe die skip gesink het. Daar is verskillende menings oor wanneer die vroegste tekens van Europese invloed op porselein die eerste keer voorkom. Hierdie wrakke is die vroegstes waar skerwe van porselein wat vir Europa bestem was, verkry is. Dit sal ondersoek word om te bepaal of hierdie verandering, wat as Europese invloed beskou kan word, voorkom.

Hoofstuk II handel oor die porseleinvervaardiging en navorsingstegnieke en bevat ’n uiteensetting van die geskiedenis van porseleinproduksie in China wat nodig is om die vervaardigingsprosesse beter te verstaan. Die insameling van die omvangryke data van al nege vindplekke van porseleinskerwe aan die Suid-Afrikaanse kus is nodig om ’n oorsig te verkry van die gehalte van die kleiproduk, die fatsoen van die voorwerp, asook die versieringstyl en motiewe wat daarop uitgebeeld is. Al hierdie genoemde eienskappe is ondersoek en aangeteken ten einde die resultate van wrak tot wrak te kan vergelyk. ’n Uiteensetting volg van hoe daar te werk gegaan is om al die inligting bymekaar te maak en waarom hierdie inligting noodsaaklik is. Die wyse waarop die data aangeteken en elektronies verwerk is, is ook in dié hoofstuk uiteengesit.

Hoofstukke III, IV, V en VI handel oor die geskiedkundige agtergrond, die inhoud van die joernale wat deur skipbreukelinge nagelaat is en ander historiese dokumentasie met betrekking tot die onderskeie wrakke. Die bepaalde omstandighede waaronder elke wrak gesink het en die eienskappe van die skerwe wat by elke wrak versamel is, word breedvoerig behandel. Hoewel verskeie navorsers dieselfde mening oor die plekke waar die skepe gesink het, huldig, is daar een wrak wat nie met sekerheid aan ’n bepaalde plek

¹⁹⁷ Kyk die stofomslag van Addis, *Chinese ceramics from datable tombs*.

¹⁹⁸ In hierdie navorsing word daar net op porselein tot semiporselein alleen gekonsentreer. Die growwer erdeware soos die *Martaban-* (*Martavan-*) voorradepotte wat ook deel van hierdie vragte gevorm het, word buite rekening gelaat omdat dit ’n afsonderlike studie vereis.

waar porselein aangetref word, gekoppel kan word nie. Afdoende bewys is dus nodig wat moontlik aangevul kan word deur die bevinding van hierdie studie.

In Hoofstuk VII word die motiewe en ander eienskappe van die skerwe breedvoerig bespreek. Die navorsers, McElney, Rinaldi, C. Shangraw en E. von der Porten se teorieë met betrekking tot die kronologiese ontwikkeling van motiewe, sal vir die doel van hierdie navorsing gebruik word om te toets of dit ooreenstem met die resultate na 'n studie van die motiewe op die porseleinskerwe aan die Suid-Afrikaanse kus. Die bevindings en gevolgtrekkings oor die versamelde data en die verwerking daarvan word volgens die aangehegte bylaes, Addendum A B en C, saamgevat. Addendum A bestaan uit 'n lys van die motiewe en ander eienskappe, soos dit by die onderskeie wrakke voorkom. Dit dien ook as naslaanbron om die motiewe op porselein van ander skeepswrakke en versamelings uit dieselfde tydperk met mekaar te vergelyk. Addendum B bevat voorbeelde om hierdie vergelykings te illustreer. Addendum C illustreer die indelings wat deur verskeie navorsers toegepas word om die kraakstyl van ander style te onderskei. Elkeen van hierdie navorsers het 'n eie hipotetiese uiteenensetting waarvolgens die kronologiese opeenvolging van style veronderstel word.

HOOFSTUK II

Porseleinvervaardiging en navorsingstegnieke

Die geskiedenis van die pottebakkerskuns in China strek oor nagenoeg 8 000 jaar.¹ Gedurende die Ming-dinastie is dié oonde in Suid-China by Jingdezhen gesentreer waar klein gemeenskappe wat pottebakkerie beoefen het, hulle gedurende die Song-dinastie (618-906 n.C.) gevestig het. Jingdezhen is in 'n kom geleë, in die noordooste van die Jiangxi-provinsie. Die geografiese ligging daarvan was gunstig as industriële sentrum omdat die vernaamste grondstowwe volop beskikbaar en maklik bereikbaar was. Jingdezhen is ook ideaal geleë vir die vervoer van die eindprodukte na twee onderskeie markte omdat een van die twee riviere wat aan die suidwestelike kant van die stad ineenvloei, die Guanrivier na Kanton en die suidkus van China vloei, terwyl die ander een die Changrivier wat in die Boyangmeer vloei, na Nanking en die hawens van Tianjin en Beijing lei. Die honderde oonde wat oor die gebied versprei is, is gedurende die Xuandeydperk (1426 –1435) gesentraliseer en deur die staat as die amptelike keiserlike oonde bestuur, hoewel talle privaatoonde, veral in die omgewing van Jaozhou, steeds bly voortbestaan het.²

Chinese keramiek het tussen die Song- en die Yuan-dinastieë geleidelik ontwikkel tot 'n unieke produk, bekend as porselein, waar die klei-liggaam en die glasuur so eenders is dat slegs een bakproses nodig is om die twee komponente tot een te versmelt. Die onderskeie take, soos die voorbereiding van die klei, die vormgewing van die voorwerpe en die versiering daarvan is in die werkplek tussen die verskillende kunstenaars verdeel. Uitsers doeltreffende produksiemetodes is sedert die vroegste tye beoefen en mettertyd vervolmaak om massavervaardiging moontlik te maak. Dit het China in staat gestel om aan die plaaslike mark se toenemende behoefte aan porselein, sowel as dié van feitlik die hele wêreld, te kon voorsien.

Die briewe wat geskryf is deur die Jesuïete priester Père d'Entrecolles tussen 1712 en 1722 is vandag van onskatbare waarde as verslag oor die lewe en werk in Jingdezhen. Hy

¹Chinese keramiek is in argeologiese opgrawings in die noorde van China gevind wat tot sover as 6500 v.C. terug dateer. Kyk: Rawson, *British museum book of Chinese art*, p. 228.

² S. G. Valenstein, *Handbook of Chinese ceramics*, New York, 1975, pp. 2-4.



beskryf elke proses volledig vanaf die bewerking van die grondstof, hoe die oonde gefunksioneer het, die plasing daarvan en die produksieprosesse, verpakking en vervoer.³ Daarin word onder meer vermeld dat een voorwerp deur soveel as sewentig persone se hande gaan en dat elke proses teen 'n verbasende spoed afgehandel is.⁴ Die privaatoonde het dieselfde stelsel van massaproduksie toegepas om ook groot hoeveelhede porselein te lewer.⁵

Hierdie werkwyse sou nie moontlik gewees het nie as minderwaardige grondstowwe gebruik is, daarom is die beskikbaarheid van 'n verskeidenheid hoë gehalte kleisoorte van uiterste belang vir die sukses wat met porseleinprodukte behaal is. Die primêre geologiese kleisoorte is loes, 'n kleisediment en porseleinklip.⁶ Loes is die dik okerleurige grondbedekking uit die noordelike deel van China wat as die "geel aarde" bekend is.⁷ Onder hierdie laag lê die kliplaag, bestaande uit kaolien en fyn klei, wat die primêre kaolienbron is.⁸ Kaolien is 'n betreklik plastiese klei⁹ wat wydverspreid in China voorkom en is geskik vir gebruik van porseleinprodukte wat 'n besondere hoë baktemperatuur verg. Sekondêre kaolien is 'n suiwerder vorm van kaolien en word deur uitwassing van die primêre kaolienbron af op 'n natuurlike wyse met ander minerale vermeng om 'n neerslag, ver van sy bron van oorsprong, te vorm.¹⁰ Hierdie neerslae is veral op sy suiwerste in die Jiangxi-provinsie rondom die Boyangmeer en die stad Jingdezhen.¹¹ Wat hierdie kleisoort uniek maak, is dat dit betreklik

³ R. Tichane, *Ching-Te-Chen: views of a porcelain city*, New York, 1983, pp. 71-73. Tichane gee 'n lewendige beskrywing van die hele porseleinstad en haal elke hoogtepunt van die geskiedenis daarvan aan.

⁴ Ibid.

⁵ Rawson, *British museum book*, p. 214.

⁶ Tichane, *Ching-Te-Chen*, pp. 71-3.

⁷ Loes bevat nie plastiese eienskappe nie maar waar loes egter verweer het, of deur water met ander kleineerslae verryk is, is dit wel bruikbaar vir die maak van keramiek. Rawson, *British museum book of Chinese art*, p. 364.

⁸ Primêre kaolien is 'n byna wit klei wat reeds gedurende die Shang-dinastie (1300-1100 v.C.) vir pottebakkersvoorwerpe gebruik is. Hooggevuurde wit voorwerpe uit die 7de eeu, is in Henan, en in die provinsie Hebei in opgrawings gevind wat so fyn, hard en hooggevuur is dat dit deur talle navorsers beskou word as die wêreld se eerste porseleinprodukte. Kyk Rawson, *British museum book of Chinese art*, p. 215.

⁹ Kaolien gee die plastisiteit aan die kleisamestellings en het van plek tot plek en van tydperk tot tydperk verskil. Die plastisiteit of "green-strength" daarvan is ontleed om die chemiese samestelling daarvan soos dit in die verskillende tydperke gebruik is, vas te stel. Kyk M. S. Tite, et al., "A technical study of Chinese porcelain of the Yuan-dynasty", *Archaeometry*, vol. 26, no. 2, 1984, p. 149.

¹⁰ Rawson, *British museum book of Chinese art*, p. 216.

¹¹ 'n Russiese wetenskaplike het in die vyftigerjare bewys dat die porseleinklip by Jingdezhen, uit kompakte vulkaniese as wat in rotsbeddings voorkom, bestaan. Porseleinvorwerpe wat sedert die tiende eeu tot vandag nog gemaak word, toon 'n groot mate van mika as bestanddeel eerder as veldspaat. Kyk N. Wood, *Chinese glazes- their origins, chemistry and recreation*. London, 1999, p. 49.



vry is van die besoedeling van ysteroksiede wat kleibronne in ander dele van die wêreld het.¹²

In 'n suiwer vorm verander kaolien nie by hoë temperature nie, terwyl die porseleinklip, “bai-dunzi”, by hoë hittegrade smelt of kook. Geskei van mekaar is albei die bestanddele krummelrig en sag. Die Chinese het kaolien die bene, en porseleinklip die vlees van die porseleinmengsel genoem.¹³ Hierdie kombinasie bied 'n gladde en plastiese kleivorm wat maklik gevorm kan word. Gelyke hoeveelhede kaolien en porseleinklip, met materiale soos kaliumkarbonaat of potas as bindmiddel, lewer porselein van die hoogste gehalte: “... entirely vitrified white, extremely hard, resonant when struck and translucent when thin.”¹⁴

Vandag word daar onder die versamelnaam, keramiek, onderskei tussen erdeware, steenware en porselein. Erdeware en steenware word uit onsuier klei vervaardig wat kan wissel van swart tot liggrys en vuilwit, terwyl porselein slegs uit die hoogste gehalte klei vervaardig word wat deeglik gesuiwer is. Erdeware is bros, poreus en word gebak teen 'n temperatuur van ongeveer 1 000° Celsius. Steenware is harder en minder poreus en word gebak teen tussen 1 150° Celsius en 1 300° Celsius, terwyl porselein teen 'n temperatuur van minstens 1 350° Celsius gebak word. Porselein is uiters hard met 'n deursigtige voorkoms en het 'n welluidende klank wanneer daarteen getik word.¹⁵ Die vroegste vorm van porselein is waarskynlik van verweerde klei vervaardig, waar die vermenging van die twee reeds genoemde kleibestanddele op 'n natuurlike wyse plaasgevind het.

Die pottēbakkerswiel is so vroeg as 2500 v.C. reeds deur Chinese gebruik en pottēbakkers het tydens die Song-dinastie (960-1279) daarin geslaag om 'n kleisamestelling te kry wat dun op die wiel uitgedraai kon word. 'n Besondere dun deursigtige produk bekend as “Qingbai”,¹⁶ is veral in die oonde van Suid- en Wes-China gemaak. Die klei het 'n blouerige tint gehad, maar is mettertyd gesuiwer tot 'n melkerige wit kleur waarna dit met ingekamde of ingesnyde patrone versier is. 'n Ander soort produk, bekend as “Shufu”,¹⁷ is

¹² Rawson, *British museum book of Chinese art*, pp. 215, 216.

¹³ Garner, *Oriental blue and white*, p. 4 en Wood, *Chinese glazes*, p.58.

¹⁴ D. Lion-Goldschmidt, *Ming porcelain*, New York, 1978, p. 274.

¹⁵ Ibid.

¹⁶ Die term Qingbai beteken blouerig-wit, maar teen die 11de eeu is dié benaming toegepas op wit porselein met 'n deursigtige glasuur wat 'n effens blou-groen tint het. Kyk A. du Boulay, *Christies pictorial history of Oriental ceramics*, Oxford, 1984, p. 103.

¹⁷ Shufu-ware, ook bekend as Yingqing, beteken “wolkerig-blou” of “skadu-blou”. Hierdie ware bevat dikwels

as variant van Qingbai-ware gemaak en is onder meer met kobalt onder glasuur versier. Hierdie ware kan as die werklike voorlopers beskou word wat uiteindelik gelei het tot die porselein wat algemeen tydens die Ming-dinastie gemaak is.

Sedert die Yuan-dinastie is die kleisamestelling of -liggaam aangepas deur die byvoeging van kaolien om 'n sterker eindproduk te kry. Gedurende die 17de eeu is die persentasie kaolin tot soveel as 17% meer as voorheen verhoog.¹⁸ Dit het die voordeel gehad dat hierdie voorwerpe hoër gevuur kon word vir 'n sterker en beter gehalte porselein, kenmerkend van die voorwerpe wat by Jingdezhen vervaardig is. Kaolien as bestanddeel van die klei het 'n geskikte agtergrond gebied om op te skilder. Volgens ondersoeke wat deur die keramieknavorsers, M. S. Tite en sy kollegas gedoen is, is vasgestel dat ekstra kaolien bygevoeg is by die klei vir porselein wat met onderglasuur-blou versier is.¹⁹ 'n Hoër kaolien-inhoud voorkom dat die voorwerpe hulle vorm tydens die bakproses verloor en dit verklaar waarom die kaolienpersentasie wat in die 17de eeu gebruik is, tot soveel as 50 persent van die porseleinsmengsel uitgemaak het.²⁰ Die beginsel, volgens Wood, is dat hoe meer kaolien, hoe vuurvaster en hoe hoër die baktemperatuur, des te sterker is die voorwerp, maar oor die presiese rol wat kaolien as bestanddeel in die kleisamestelling speel, is nog glad nie duidelikheid verkry nie en meer navorsing moet nog gedoen word.²¹ By die provinsiale oonde van Fujian en Quandong is kaolien waarskynlik nie ekstra by die klei gevoeg nie. Indien dit wel gedoen is, was die omvang daarvan gering.²²

Die blou kleur waarmee Ming-porselein versier is, is 'n metaal bekend as kobalt wat, sodra dit met suurstof in aanraking kom, 'n oksied vorm. Dit kom as erts in kombinasie met ander elemente soos nikkel, arseen, sulfaat en mangaan in die grond voor. Hierdie

gevormde ("moulded") versierings.

¹⁸ Met die ondersoek van die skerwe van die nege skeepswrakke, is waargeneem dat van die skerwe se tekstuur van die ander verskil. 'n Chemiese ontleding is nodig om vas te stel of die verskil toe te skryf is aan die persentasie kaolien wat in die kleisamestelling van die onderskeie wrakke se skerwe teenwoordig is. Indien vasgestel kan word of porselein van sekere wrakke 'n hoër persentasie kaolien bevat, sal dit kan help om die bepaalde datering van dié besondere wrak, te bevestig. Kyk die bespreking van die wrak, Santa Maria Madre de Deus in Hoofstuk V van hierdie studie.

¹⁹ Tite et al, *A Technological study of Chinese porcelain*, p. 153.

²⁰ H. Hatcher et al., "Ceramic change at Jingdezhen at the 17th Century AD", *2nd international conference on ancient Chinese pottery and porcelain (abstracts)*, Beijing, 1985, pp. 69-70.

²¹ Wood maak die opmerking: Slegs klein hoeveelhede kaolien is in kleimengsels van die 15de en 16de eeu gebruik. Die persentasie is debateerbaar in sy referaat gelewer op 23 Oktober, 1999. N. Wood, "The Kaolin question", *Revue annuelle de la Société française d'Étude de la Céramique orientale*, no. 1, Oci 2000, pp. 25-32.

²² Persoonlike mededeling deur Wood tydens 'n gesprek op 23 Oktober 1999.



elemente kan deur middel van moderne suiweringsprosesse verwyder word, maar destyds was slegs die onsuier vorm beskikbaar wat 'n invloed op die kleurtint van die kobalt gehad het.²³ Die teenwoordigheid van sekere elemente en die persentasie waarin dit voorkom, is 'n aanduiding van die bron van die kobalt. By 'n hoë temperatuur, onder reduserende omstandighede, sal sommige van die ander pigmente kan bydra om 'n goeie kleur onder die glasuur te verskaf.

Tradisionele Chinese bronne soos die “Dao Chileuh”, wat in 1322 geskryf is, maak geen melding van enige plek waar die Chinese pottebakkers kobalt gekry het nie.²⁴ Kobaltryke erts uit die Midde-Ooste of Sentraal-Asië, veral uit Kashan, word as die hoofbron beskou van die kobalt wat veral in die 14de en 15de eeu deur China ingevoer is.²⁵ Vroeë Europese skrywers verwys dikwels na hierdie kobalt as “Mohammedan blue”.²⁶ Kobalt is ook uit ander wêrelddele, soos Oos-Afrika en Suidoos-Asië afkomstig.²⁷ In latere Chinese geskrifte word daar verwys na “Pitang” vir die kobalt wat in Leping in China voorkom.²⁸

Dit is nie heeltemal duidelik waar die idee vandaan kom om kobalt as skildermedium op keramiek te gebruik nie. Dit is bekend dat Mesopotamiese pottebakkers sedert die 9de eeu met kobalt op tingeglasuurde erdeware geskilder het.²⁹ Die gebruik van kobalt op keramiek is later op verskeie plekke in die Midde-Ooste toegepas, waarskynlik voordat dit in China gebruik is.³⁰ Die Chinese het die tegniek om kobalt op 'n wit agtergrond te skilder van die Midde-Oosterse pottebakkers oorgeneem, maar het dit op die rou klei

²³ Die meeste kobaltryke neerslae is erg besoedel met ander kleur-oksiede. Die onsuierhede wat die meeste voorkom, is yster en mangaan. Kyk; Wood, *Chinese glazes*, p. 237.

²⁴ Macintosh, *Chinese blue and white porcelain*, p. 18.

²⁵ Wood, *Chinese glazes*, p. 63.

²⁶ Garner waarsku dat skrywers soos Bushell en andere hierdie benaming gebruik in 'n poging om 'n onderskeid te tref tussen die onderskeie kobaltbronne. Talle verwysings na kobalt in verskillende Chinese bronne weersprek mekaar. Kyk die bespreking van hierdie tekste in Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, pp. 27-33. Die eerste verwysing na ingevoerde kobalt, kom eers teen die einde van die 16de eeu voor. Kyk Garner, *Oriental blue and white* (voorwoord), p. xvii. Dié benaming is egter ook in latere dokumente op kobalt wat inheems ontgin is, van toepassing gemaak sodat daar onsekerheid bestaan of die Chinese 'n onderskeid getref het tussen inheemse en uitheemse kobalt.

²⁷ M. Medley, “Sources of decoration in Chinese porcelain from the 14th to the 16th century”, *Percival David Foundation Colloquies*, no. 5, 1975, pp. 58-73.

²⁸ Hobson, *Chinese pottery and porcelain*, vol. 11, p. 12. Hobson noem dat die Chinese kobalt ook volgens kleurtinte onderskei het met benamings soos, “sonipo”, “saponi”, “somani”, “somali” en “hui-qing” blou maar die presiese betekenis van hierdie benamings is onbekend.

²⁹ R. J. Charleston, *World ceramics*, London, 1990, p. 73.

³⁰ Dit is moontlik dat hierdie tegniek reeds voordat dit in Mesopotamië gebruik is, aan die Chinese bekend was omdat die Chinese reeds kobalt as kleurpigment in glasuur gedurende die Tang-dinastie (618-906) gebruik het. Die Chinese het in die jaar 750 n.C. 'n deel van Mesopotamië beset waar hulle, onder andere, die keramiektradisie beïnvloed en uitgebou het. Kyk Charleston, *World ceramics*, pp. 73-74.



gebruik en dit dan agterna met glasuur bedek voordat dit gebak is. Hierdie tegniek het verskeie moontlikhede gebied en fyn gedetailleerde motiewe op die byna spierwit agtergrond is sedert die Yuan-dinastie (1279-1368) uitgebou tot seker die mees kenmerkende vorm van versiering wat reeds eeue lank met Chinese porselein geassosieer word.³¹

Kobalt word oor die algemeen nie deur die atmosfeer of die hoë baktemperatuur geraak nie omdat die smeltpunt daarvan 2 860° Celsius is. Dit is 'n veelsydige medium wat vir laaggevuurde en hooggevuurde keramiekware geskik is en bied die moontlikheid om 'n wye reeks blou skakerings te kry.³² As 'n oksied is dit maklik om op te berg en te hanteer omdat slegs klein hoeveelhede nodig is om 'n bevredigende blou kleur te kry.³³ Ingevoerde kobalt was baie kosbaar en nie geskik vir gebruik in sy natuurlike vorm nie, omdat dit neig om te vloei wanneer dit onverdund gebruik word, maar die Chinese potters het feitlik uit die staanspoor die gebruik van kobalt as skildermedium bemeester deur uitheemse kobalt in sekere verhoudings met inheemse kobalt te meng. Die beste kleurtint is verkry deur die verhouding van tien dele ingevoerde kobalt tot een deel inheemse kobalt, terwyl 'n mengsel van gelyke hoeveelhede van die twee kobaltsoorte, gebruik is vir versierings op voorwerpe vir algemene gebruik.³⁴

Die wye verskeidenheid kleurtinte wat in die kobaltversierings op porselein voorkom, het verskeie navorsers aangespoor om dit te ondersoek omdat vermoed is dat die kleurtint ook daartoe kan bydra om die voorwerpe te dateer. Reeds in 1948 het E. Bluett en in 1949 W. J. Young spektrografiese ontledings op kobaltoksiede gedoen.³⁵ Young het onder meer, vasgestel dat kobalt wat uit die Midde-Ooste kom, arseen bevat, terwyl inheemse kobalt geen arseen bevat nie, maar wel mangaan. Die teenwoordigheid van mangaan in kobalt, raak die suiwerheid van die blou tint en kan 'n grys tot swart tint tot gevolg hê. Hy het ook vasgestel dat kobalt in sy versadigde vorm in 'n suurbasis rooi-bruin verkleur, terwyl dit in onversadigde vorm, in 'n alkaliese basis, helder blou vertoon. Ander elemente

³¹ Ibid. pp. 74-75.

³² Wood, *Chinese glazes*, p. 49.

³³ S. Pierson, "Precious blue: cobalt in Chinese ceramic glazes and decoration", *Revue annuelle de la Société française d'Étude de la Céramique orientale*, no. 1, Oct. 2000, p. 33.

³⁴ C. Monkhouse, *History and description of Chinese porcelain*, London, 1901, p. 87.

³⁵ E. E. Bluett, "The dating of early Ming blue and white", *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, vol. 1, no. 2, 1948, p. 57. Kyk ook W. J. Young, "Discussions of some analysis of Chinese underglaze blue and underglaze red", *Far Eastern Ceramic Bulletin*, vol. II, no. 2, 1949, p. 101.

teenwoordig in kobalt, soos yster en nikkel, kan 'n bepaalde kleureffek veroorsaak en kobalt as kleur verdof, terwyl mangaan in sekere gevalle 'n violetkleurige tint kan versoorsoak, soos wat dit veral in motiewe uit die Wanli-tydperk voorkom. Kobalt besit die eienskap om as smeltmiddel ("flux") op die glasuur te reageer en vertraag sodoende die smeltpunt daarvan. Dit kan byvoorbeeld waargeneem word waar glasuur per abuis druppels gevorm het.³⁶ Die belangrikheid van hierdie vroeë ontledings is dat, behalwe om die gewone navorser 'n insig te gee van die inhoud van die kobalt en oorsake van die kleurtinte, dit ook die grondslag gevorm het waarop ander navorsers hulle verdere ondersoeke kon doen.

Die navorser Wood, wat onlangs begin het om die samestellings van Chinese keramiek te ontleed, het 'n intensiewe studie gemaak van die faktore wat die kleurvoorkoms van kobalt kan beïnvloed. Hy het vasgestel dat kobalt met baie aluminiumpigment, 'n "koue" kleurtint tot gevolg het, omdat 'n kobalt-aluminaat-verbinding gedurende die bakproses plaasvind. Pigmente wat 'n groter persentasie silika bevat, verleen 'n "warmer", dit wil sê rooier voorkoms, aan die blou kleur as gevolg van die kobalt-silika-verbinding. Ontledings wat op mangaanryke rots gedoen is wat deesdae in Jingdezhen gebruik word, bewys hoe ingewikkeld die samestelling van Chinese kobalterts is en hoe dit van rots tot rots verskil.³⁷

Een belangrike verskil tussen die mangaanryke pigment en ysterryke kobalterts, is die neiging van ysterryke kobalt om deur die glasuurlaag te dring en as magnetiese ysteroksied, tydens die afkoelingsproses te kristalliseer. Hierdie voorkoms is bekend as "heaped-and-piled" en is veral kenmerkend van die 14de en 15de eeuse onderglasuurversierings.³⁸ Die "heaped-and-piled"-voorkoms word hoog aangeskryf en is steeds 'n eienskap wat by datering van voorwerpe uit die Xuande-tydperk in oorweging geneem word.³⁹ Pogings is veral gedurende die 18de eeu aangewend, om die "heaped-and-piled"-effek na te boots, maar sonder enige sukses. Teen die middel van die 15de eeu

³⁶ Ibid.

³⁷ Die verhouding tussen mangaan en yster in die kobalterts word volgens 'n bepaalde skaal getoets om die persentasie daarvan as kleurpigment te bepaal. Kobalttryke rots bevat ook nikkel en koper wat albei kleurpigmente is. Kyk Wood, *Chinese glazes*, p. 64.

³⁸ Die oorwegende blou tint van die Xuande-tydperk word beskryf as 'n sagte blou kleur, maar dié bepaalde tint se gelyke is nie weer in die daaropvolgende tydperke verkry nie. Kyk Du Boulay, *Christie's pictorial history of Oriental ceramics*, p. 24.

³⁹ Kyk die vertaling van die "Tao Lu" in Hobson, *The wares of the Ming dynasty*, pp. 46-7.

bevat die blou onderglasuurversierings 'n kenmerkende gryserige tint. Dit dui daarop dat mangaanryke kobalt, dit wil sê inheemse kobalt, gebruik is.⁴⁰ Die blou kleurtint van die kobalt wat in die Jiajing-tydperk (1522-1566) op porselein gebruik is, word beskou as die allerbeste, en die besonder fyn en helder blou versierings is kenmerkend van hierdie tydperk, 'n bewys dat ingevoerde kobalt gebruik is wat ryk is aan ysteroksied.

Teen die einde van die Wanli-tydperk het die Ming-dinastie 'n algemene agteruitgang beleef. Weens 'n burgeroorlog in die suide en aanvalle deur die Manchus in die noorde, is porseleinbestellings van die keiserlike hofhouding tot ongeveer 1650 opgeskort. Eienaardig genoeg het dit 'n bevrydende uitwerking op die pottelbakkers se hoofdoel by Jingdezhen gehad en nuwe markte is ontgin deur met nuwe tegnieke te eksperimenteer.⁴¹ Produksie van porselein vir die keiserlike hofhouding en die plaaslike mark is wel ingekort, maar baie blou en wit porselein is steeds vir uitvoer gemaak.

Die oonde by Jingdezhen was nie die enigste wat wit- en blouversierde porselein gelever het nie. Ook in die Shanxi- en Fujian-provinsies is soortgelyke porselein gemaak en in die laat Ming-dinastie het die oonde by Dehua ook blouversierde porselein gelever. Al hierdie oonde het porselein vir die uitvoermark gelever wat 'n wye verskeidenheid style en motiewe, versier in kleurtinte van lig tot helder blou, aan kopers beskikbaar gestel het.

Die laat Ming-dinastie, tussen 1630 en 1644 en begin van die Qing-dinastie 1645-1664 staan algemeen bekend as die Oorgangstydperk.⁴² In hierdie tyd het die vol ontwerpe van die Wanli-tydperk plek gemaak vir uitstekende uitbeeldings van landskapstonele asook verhalende uitbeeldings met 'n skoner agtergrond wat meer ruimtelik voorkom. Nuwe fatsoene het op die mark verskyn, met stewige liggame en gladde melkwy glasuur. Deels as gevolg van die dikte van die natuurlike glasuur het die onderglasuurblou 'n besonder sagte kleurtint tot gevolg wat as viooltjies-in-melk beskryf is.⁴³

Die onderskeie kleurtinte van die kobalt wat vir motiewe op porselein gebruik is, is nie net 'n aanduiding van die bron waarvandaan die kobalt afkomstig is nie, maar kan ook as

⁴⁰ Wood, *Chinese glazes*, p. 238.

⁴⁰ Ibid.

⁴¹ Ibid.

⁴² Outeurs verskil van siening oor die presiese tyd van die Oorgangstydperk. M. Butler dateer die oorgangstydperk as 1634-64 (persoonlike mededeling 28 Februarie 2001). Wood, *Chinese glazes*, p. 238.

⁴³ Wood, *Chinese glazes*, p. 238.

'n verdere hulpmiddel dien om die kronologie van die voorwerpe, veral tydens die Ming-dinastie, nader te bepaal. Die hoeveelheid pigment teenwoordig, en die wyse waarop dit gemeng is, kan 'n verdere invloed op die kleurtint hê. Behalwe vir die teenwoordigheid van die onderskeie oksiede in die klei, kobalt en glasuur het die temperatuur waarteen die voorwerpe gebak word, asook die atmosferiese toestande in die oond en die dikte van die glasuur 'n uitwerking op die kleur.⁴⁴ Die wyse van aanwending van die kobaltbeskildering kan ook die kleurtint van die motief beïnvloed, byvoorbeeld waar 'n dun kwas vir die omlyning van 'n motief gebruik word wat agterna met 'n "wash"-tegniek⁴⁵ ingevul word, of alternatiewelik, waar 'n dik kwas gebruik word vir meer spontane skilderwerk.⁴⁶ Die teenwoordigheid van 'n deklaag onder die glasuur, al dan nie kan ook die kleurvoorkoms van die kobalt bepaal.⁴⁷ Die kleur van ingevoerde kobalt is nog altyd as die mees gesogde kleur beskou en is ook op die beste voorwerpe gebruik. Die tydperke waarin ingevoerde kobalt gebruik is, is hoog aangeskrewe in die geskiedenis van porselein.⁴⁸ Omdat die kleur van die pigment so suiwer en helder vertoon, sal die inwerking van al die faktore wat hier genoem word dit nie noemenswaardig demp nie. Inheemse kobalt is algemeen gebruik vir die groep growwer ware wat as provinsiale ware geklassifiseer word.

Die standaardresep wat vir die glasuur van porselein gebruik is het sy oorsprong reeds in die tydperk van die Vyf-dinastieë (907-960). Die belangrikste verskynsel wat deur Wood

⁴⁴ Die dikte waarteen die glasuur aangewend is, kan bepaal hoeveel suurstof met die kobalt in aanraking kom tydens die laaste fase van die bakproses, en kan gevolglik 'n invloed op die kleurtint hê. Kyk Brankston, *Early Ming wares of Chingtechen*, p. 23.

⁴⁵ Dié tegniek kan omskryf word as die inkleur van 'n omlynde motief. Daar is blykbaar nie 'n beskrywende woord vir die "wash"-tegniek in Afrikaans nie.

⁴⁶ Op growwer soort ware wat as provinsiale ware beskou word, is die skilderwyse op porselein dikwels in breë kwashale uitgevoer sonder "wash", terwyl die beter gehalte produk in noukeurige omlyning geskilder is en met 'n ligter "wash" ingevul is.

⁴⁷ Volgens Brankston en Garner is kobalt in 'n vloeistof vorm oor 'n deklaag op die porseleinklei aangewend. "... the practice of covering the body with a slip in order to give it a whiter and smoother surface seem to have been practiced in the fourteenth century and may, possibly, on occasions, have been used later." Garner wys ook daarop in *Early Ming wares of Chingtechen*, "that in China today a weak slip is used to detect flaws and to produce a smooth surface." Kyk Garner, *Oriental blue and white*, p. 4. Dit is moeilik om te bepaal of daar wel gedurende die 16de en 17de eeu van so 'n deklaag gebruik gemaak is, tog lyk dit op die oog af, asof sommige van die skerwe wat in die Port Edward-omgewing versamel is, so 'n deklaag kan bevat. Die probleem is dat die deklaag uit verdunde klei bestaan wat dieselfde grondstowwe bevat as waarvan die voorwerp ook gemaak is. Gevolglik is die samestelling van die twee komponente so eenders onder die glasuur laag versmelt dat chemiese- en spektografiese ontledings wat daarop gedoen is, nie suksesvol was nie. (Spektografiese ontledings is in 1988 deur dr. Staphorst van die Universiteit van Pretoria gedoen. Chemiese ontledings is in 1988 en 1989 deur dr. Smith van die laboratorium by die Suid-Afrikaanse Yster-en Staal Industriële korporasie Beperk (YSKOR) in Pretoria op hierdie skerwe gedoen.)

⁴⁸ S. Pierson, "Precious Blue: cobalt in Chinese ceramic glazes and decoration", *Revue annuelle de la Société française d'Etude de la Céramique orientale*, no. 1, Oct. 2000, p. 37.

ondersoek is, het getoon dat kalksteen, eerder as hout-as, as die vernaamste smeltmiddel⁴⁹ van glazuur gedien het.⁵⁰ Die glasuurmengsel is verkry deur dieselfde klei wat vir die maak van die voorwerp gebruik is, te vermeng met gebrande en verpoeierde kalksteen, bekend as glazuur-as. Wood wys daarop dat: "... from the 10th-11th centuries onwards, burned or crushed limestone became the most widely used glaze-flux at the three giant south Chinese kiln complexes of Jingdezhen, Lonquan and Dehua".⁵¹ Hiervolgens is die gebruik van hout-as dus by hierdie oonde tot die minimum beperk, hoewel dit nog by kleiner private provinsiale oonde gebruik is en steeds gebruik word. Dit verklaar die mat voorkoms van die glazuur wat opsigtelik op voorwerpe uit die Jiajing-tydperk voorkom.

Die eenvoudige tegnologie waar porseleinklip⁵² met glazuur-as (kalsium karbonaat) vermeng is, het bewys om baie veelsydig te wees. 'n Mengsel van glazuur-as en porseleinklip, het aan Jingdezhen 'n glazuur van besonder hoë gehalte gebied. Waar minder glazuur-as gebruik is, het die glazuur meer wit en meer deursigtig vertoon. 'n Mengsel wat ryker in glazuur-as is, bereik tussen 1 220° Celsius en 1 250° Celsius 'n versadigingspunt en is meer algemeen gebruik vir beskildering met blou onderglazuur.⁵³ Dit was van groot belang dat die glasure wat saam met kobalt blouversierde porselein van die Ming-dinastie gebruik is, so deurskynend as moontlik moes wees. Die glazuur moes ook nie op enige wyse op die kleur van die kobalt inwerk nie. Daar moes ook voorkom word dat die kobalt nie in die glazuur invloei en daarin opgeneem word nie. Teen die laat 16de eeu en vroeg 17de eeu, is by sommige oonde van 'n blinker en deursigtiger glazuur gebruik gemaak, maar die gebruik van matglasure het by talle ander oonde voortgeduur.⁵⁴

Glasuursamestellings is kompleks omdat dit uit verskillende komponente bestaan. Verskeie faktore kan die kleur van die eindproduk beïnvloed, soos die teenwoordigheid

⁴⁹ "Flux" is die term vir materiaal wat by glazuur gevoeg word om die smeltpunt daarvan te verlaag. Omdat suiwer silika nie smelt onder 'n temperatuur van 1700° Celsius nie, is dit dus 'n onmisbare bestanddeel in die glazuur. Wanneer die geskikte "flux" op 'n rou kleiliggaam aangewend word, reageer die silika in die klei daarop en vorm 'n glazuur. Hierdie eenvoudige metode van aanwending is een van China se oudste en mees kenmerkende glasuurtradisies en staan bekend as "hoë-temperatuur" glazuur.

⁵⁰ N. Wood, "The kaolin question", *Revue annuelle de la Société française d'Étude de la Céramique orientale*, no. 1, Oct. 2000, pp. 23-30.

⁵¹ Wood, *Chinese glazes*, p. 56.

⁵² Ibid., Porselein-steen wat met sipresblaarpatrone gemerk is, is hoog aangeskryf vir gebruik in glasure. Die patrone is die resultaat van mangaanminerale, wat die inwerking van ander onsuiverhede in die glazuur verminder.

⁵³ Ibid.

⁵⁴ Ibid.

van gasse in die oond, veral suurstof.⁵⁵ Die meeste onderglasuurblou porselein is met rou glasuur bedek en slegs een bakproses was nodig omdat die kobalt bestand was teen die hoë baktemperatuur. Omdat die glasuur uit dieselfde basiese grondstowwe wat vir die kleiliggaam gebruik is, bestaan, versmelt die kleiliggaam en glasuur teen 'n hoë temperatuur saam en krimp dit gevolglik ook weer by afkoeling saam.⁵⁶ Die glasuur wat op porselein by Jingdezhen gebruik is, verskil van die voorwerpe wat by die meer suidelike oonde gemaak is, as gevolg van 'n "... reduced and dissolved iron oxide to dominate in the glaze's colour, rather than the iron-titania grey-greens ..."⁵⁷

Ongeveer dieselfde tyd as wat die tegniek van onderglasuurkobalt-versierings ontwikkel het, is ook met koperrooi onderglasuurversierings ge-eksperimenteer. Die rooi versierings was minder geslaagd en die resultaat na die bakproses was gewoonlik 'n teleurstellende grys of swarterige kleur. Dit wil nie sê dat die kobaltbloukleur altyd geslaag het nie. Talle voorbeelde waar kobalt gebruik is, maar die versierings grys of swarterig vertoon, kom ook voor, hoewel in 'n mindere mate. Soms is dit moeilik om op die oog af te onderskei of daar oorspronklik van koper- of kobaltoksied gebruik gemaak is. In sommige gevalle is kobalt- en koperoksied saam op een voorwerp gebruik, soos op die vaas wat in die Percival David Foundation by die Universiteit van Londen is.⁵⁸

Emalje-versierde voorwerpe waar die versierings oor die glasuur aangewend is, is nog 'n tegniek wat gedurende die Ming-dinastie toegepas is. Hierdie versierings bestaan uit polikroomkleure en is nie bestand teen die hoë baktemperatuur wat vir porseleinprodukte nodig is nie omdat dit die kleur nadelig beïnvloed. Hierdie tipe voorwerpe is nie op so groot skaal vervaardig as die wit en blou versierde voorwerpe nie.

Regeringsmerke wat op porseleinvorwerpe uit die Ming-dinastie voorkom, is veronderstel om 'n aanduiding te wees van die tydperk waartydens 'n voorwerp gemaak is. Hierdie merke is in die meeste gevalle egter uiters onbetroubaar en gemerkte voorwerpe is nie noodwendig gedurende daardie tydperk gemaak nie. Die regerende keiser, moes met sy troonbestyging afstand doen van sy persoonlike naam.⁵⁹ Merke uit die

⁵⁵ Ibid., p. 51.

⁵⁶ Ibid.

⁵⁷ Ibid.

⁵⁸ M. Medley, *The Chinese potter*, Oxford, 1980, p. 5.

⁵⁹ Feddersen, *Chinese decorative art*, p. 244.



Xuande- (1436–1435) en Chenghua-tydperke, (1465-87) is dikwels nagmaak op porselein van 'n latere tydperk soos Jiajing (1522-66), Kangxi (1662-1722) en latere tydperke. Om te onderskei tussen die merke wat die egte waarmerk bevat en dié wat veel later gemaak is, word onder meer kennis van die skryfwyse van die karakters van merke “nien hao” vereis. Al die ander eienskappe van die porseleinproduk, behoort saam met die regerings- of enige ander merk oorweeg te word.⁶⁰

Twee skryfwyses van regeringsmerke is te onderskei, naamlik die “nien hao” en die “nien zhi”. Die nien hao of nien zhi, het gewoonlik 'n jaar na die begin van die heerser se regeringstyd 'n aanvang geneem.⁶¹ 'n Ander variasie, is die voorkoms van die woord “tsao” in plaas van die meer algemene vorm naamlik “zhi”. Die woorde het dieselfde betekenis en dit is nie duidelik in watter gevalle die een bo die ander verkies is nie.⁶² Volgens Pope is die betekenis van “ta-ming-nien-tsao”, nie dieselfde as “nien-hao” nie, omdat dit nie die naam van die regeerder insluit nie, maar slegs op die dinastie dui.⁶³ Navorsers soos Bluett het op grond van die kalligrafiese eienskappe van “nien hao”, probeer om tussen verskillende tydperke te onderskei.⁶⁴

Dit is bekend dat porselein wat spesifiek vir die keiserlike hofhouding vervaardig is met ses karaktermerke gemerk is. In hierdie verband wys Pope daarop dat alle ware met ses karaktermerke nie noodwendig as keiserlike ware beskou moet word nie, en dat sekere ander oorwegings ook in ag geneem moet word by die bepaling of 'n stuk wel as keiserlike ware vervaardig is.⁶⁵ In so 'n geval is gehalte die eerste oorweging. 'n Ware keiserlike voorwerp is veronderstel om van die hoogste gehalte te wees. Indien

⁶⁰ Garner is van mening dat die vroegste regeringsmerke wat met sekerheid tot 'n bepaalde regeringstyd behoort, die merk van die Xuande-tydperk is. Kyk Garner, *Oriental blue and white*, p. 74. Pope sluit hierby aan en verwys na die voorwerpe in die Ardebil-heiligdom waarin daar van die 200 voorwerpe uit die 15de eeu, nie een voorwerp 'n “nien hao” (regeringsmerk) bevat nie. Hy aanvaar egter dat regeringsmerke sedert die Xuande-tydperk algemeen gebruik is. Pope, *Chinese porcelains of the Ardebil Shrine*, pp. 33, 34 en 78.

⁶¹ Macintosh, *Chinese blue and white porcelain*, p. 41.

⁶² Pope is van mening dat die term “tsao” oor die algemeen meer voorkom op ware van minderwaardige gehalte, veral in die 16de eeu en waarskynlik van privaatoonde afkomstig is wat goedkoper produkte vir algemene gebruik vervaardig het. Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil Shrine*, p. 114.

⁶³ Ibid., pp. 114, 127. Die Chinese karakters wat op 'n regeringstydperk dui, is gewoonlik in twee kolomme met twee of drie karakters elk gerangskik en word van regs af, afwaarts na links gelees. Gedurende die Ming-dinastie is merke in die meeste gevalle in blou onder die glasuur aangebring.

⁶⁴ Garner, *Oriental blue and white*, p. 75.

⁶⁵ Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil Shrine*, p. 33.

porseleinware wel so 'n keiserlike merk dra, is die moontlikheid van vervalsing nie uitgesluit nie.⁶⁶

Behalwe regeringsmerke wat op 'n tydperk betrekking het, is ander merke ook dikwels op porselein aangebring, byvoorbeeld poëtiese frases, goeie wense, spreuke of 'n toewydingsboodskap, Daoïstiese simbole, nl. die agt simbole van die onsterflikes, die agt kosbaarhede en agt Boeddhistiese simbole.⁶⁷ Soms het merke die doel van die betrokke stuk aangedui, byvoorbeeld of dit ornamenteel is of as offervaas bedoel is.⁶⁸ Die meeste inskripsies is poëties van aard en gee geen aanduiding van die moontlike datum van vervaardiging nie. Maar omdat die verskillende tydperke in die Ming-dinastie aan sekere merke voorkeur verleen het, kan dié merke in 'n sekere mate 'n hulpmiddel wees by die bepaling van die datum waartydens die voorwerp vervaardig is.⁶⁹ Slegs wanneer 'n sikliese merk op porselein voorkom, kan die presiese jaar waartydens die stuk gemaak is, vasgestel word.⁷⁰

Die versierings wat op porseleinvoorwerpe voorkom, veral die ontwerp en styl van die versierings, is 'n belangrike maatstaf by die bepaling van die tydperk waarin dit vervaardig is omdat daar sekere families van ontwerpe uit te ken is.⁷¹ 'n Bepaalde tekenstyl kan 'n aanduiding wees van die werk van 'n besondere kunstenaar of skool wat

⁶⁶ Die Xuande-merk is waarskynlik moontlik 'n merk wat eerder aan sekere styleienskappe gemeet moet word en is nie noodwendig aan 'n tydperk gebonde nie. Kyk G. Reitlinger and M. Button, "Early Ming blue-and-white" *Far Eastern Ceramic Bulletin*, vol. 1, no. 3, 1948, p. 19.

⁶⁷ Macintosh, *Chinese blue and white porcelain*, p. 141.

⁶⁸ Ibid., pp.135-141. Hierdie merke kan die plek van vervaardiging aandui of kan verwys na die instansie waarvoor dit gemaak is, byvoorbeeld die hof of die winkel wat dit bestel het, of die familie waarvoor dit bestem is, die doel waarvoor die voorwerp gemaak is, of goeie wense. Gelukwense was veral gedurende die Jiajing- en Wanli-tydperke besonder gewild. Simboliese tekens byvoorbeeld 'n perske vir 'n lang lewe, 'n vlermuis vir geluk of die haas vir lewensgenot, is gedurende die Ming-dinastie gebruik.

⁶⁹ Ibid., p. 135.

⁷⁰ Ibid., pp.246-250. Die sikliese merk word vasgestel volgens 'n tabel wat tydperke in siklusse van 60 jaar verdeel, wat van die geboorte van Christus bereken is. Die individuele jare van elke siklus, word volgens twee ideogramme bepaal, wat, eerstens, uit tien stamme (karakters wat die elemente verteenwoordig) bestaan en, tweedens, bestaan uit twaalf takke (karakters wat die sterre-beelde van die dierierem verteenwoordig). Deur die ideogramme op 60 verskillende maniere te kombineer, kan 'n siklus vasgestel word. Volgens hierdie stelsel kan daar nie vasgestel word op watter bepaalde kombinasie van die vele siklusse die merk wat aangebring is, betrekking het nie, tensy 'n "nien hao" ook teenwoordig is.

⁷¹ Die wyse waarop die kunstenaar sy kwas manipuleer om 'n dun en dikker lyn met mekaar af te wissel en die natuurlike kurwes van ongebroke lyne om volumes en vorms uit te beeld, bepaal die styl van die kunstenaar. Die Chinese se benadering tot die skilderkuns is dat die korrekte buitelyn alles moet kan weergee om te vergoed vir die derde dimensie. Die sagte punt van die kwas is net so subtiel gebruik vir die uitbeelding van figure as in die geval van kalligrafie waar alles vinnig met enkele goed gekose kwashale uitgevoer word, gevolglik het 'n soort skema ontstaan waarvolgens die versierings gedoen is. Kyk W. Watson, *Style in the arts of China*, Harmondsworth, 1974, p. 22 asook D. Lion-Goldschmidt, *Chinese blue-and white porcelain*, Paris, 1957, pp. 56, 57.

in 'n sekere tydperk werkzaam was, maar om porselein op hierdie wyse te dateer, vereis grondige eerstehandse kennis en ervaring. Porselein uit skeepswrakke en grafte, en museums wat porselein bevat waarvan die tydperke onweerlegbaar vasgestel is, bied belangrike maatstawwe waarmee die motiewe en die styl uitvoering daarvan, vergelyk kan word.⁷²

Daar is kenmerkende eienskappe wat deur die hele geskiedenis van Chinese kuns waar te neem is, maar die onderliggende dekoratiewe style is nie vir alle tydperke identies nie. Die ruimte wat rondom die motiewe toegelaat is, is as ornamentele skema verskillend toegepas. Teen die 15de en vroeg 16de eeu, is ontwerpe spaarsamig gebruik, byvoorbeeld met die versierings van die Xuande-, Zhengde- en Jiajing-tydperke, maar teen die einde van die 16de eeu, het porseleinversierings meer van die oppervlak bedek en is versierings toenemend met groter detail ingevul namate die aanvraag uit Europa toegeneem het.⁷³

Versierings op keramiek is reeds tydens die neolitiese kulture gebruik asook op bronsware van die vroeë Shang-kulture en het in baie gevalle as prototipes gedien vir motiewe wat later in die repertoire van die Ming-versierings op keramiek gebruik is.⁷⁴ Aaneenlopende krullende motiewe is moontlik die begin van die ontwikkeling van 'n verskeidenheid kurwende motiewe, soos die klassieke krulmotiewe wat veral gedurende die Ming-dinastie gewild was.⁷⁵

Die klassieke sleutelmotief algemeen bekend as “key-fret” en donderwolkmotief of “thunder-pattern” wat op vroeë pottebakkersware voorkom, is waarskynlik van vroeë bronsware afgelei.⁷⁶ Hierdie motiewe is die voorlopers van die monstermotiewe of “taotie” en kom algemeen in alle vorms van Chinese kuns voor.⁷⁷

⁷² S. Shirae, and W. Cox, “The Earliest blue and white wares of China”, *Far Eastern Ceramic Bulletin*, vol. 8, 1949, pp. 12-17.

⁷³ Hierdie versieringswyse het aanleiding gegee tot die sogenaamde kraakstyl wat veral kenmerkend is van die 17de eeu.

⁷⁴ Dit is moeilik om 'n kronologiese ontwikkeling van dekoratiewe motiewe van die vroegste keramiekware in die Chinese geskiedenis na te volg, want hoewel die verskillende neolitiese kulture elk kenmerkende eienskappe in die pottebakkersware toon, het die kulture mekaar oorvleuel. Kyk M. Medley, *The Chinese potter*, p. 21.

⁷⁵ *Ibid.*, fig. 6, 7.

⁷⁶ Watson, *Style in the arts of China*, p.16.

⁷⁷ Medley, *The Chinese potter*, p. 21.

Die Boeddhistiese geloof het in die eerste eeu v.C. 'n baie sterk invloed op Chinese kuns gehad.⁷⁸ Boeddhistiese beelde en embleme is op porselein uitgebeeld. Dit is veral die lotus en variasies daarvan wat in Chinese kuns opgeneem is.⁷⁹ Die uitbreiding van die Chinese keiserryk in 581 en 906 tot in Sentraal-Asië asook die sy-roete, het Chinese keramiekversierders in aanraking gebring met tekstiele en metaal uit lande soos Indië en die Midde-Ooste. Persiese vorms is veral herkenbaar in latere uitbeeldings van gestileerde blare, blomme- en aaneenlopende krul-motiewe, en is die mees tipiese van alle Chinese versierings. Soms is motiewe wat oor lang tydperke gebruik is, so gestileer dat alle sigbare kontak met die plant- of diervorm waarvan dit afgelei is, verlore gegaan het, maar in bepaalde gevalle het die ritmes en kurwes van die motief behoue gebly.⁸⁰ 'n Voorbeeld is die verskeidenheid randmotiewe wat veral in die Ming-dinastie gebruik is en waarskynlik van plantmotiewe afgelei is.

Die Mongoolse heerser van die Yuan-dinastie (1260-1368), Kublai Kahn en sy opvolgers, het noue handelsbande met Persië, Arabië en die Midde-Ooste gehandhaaf. Die Mongoolse regering het in 'n groot mate met die Chinese kultuur en kuns geassimileer, maar het tog merkbaar die Chinese kunstradisies in 'n ander rigting gestuur. Die kobalt wat van Persië verkry is, saam met nuwe dekoratiewe motiewe en vorms van Persiese metaalware, het die tradisionele motiewe en skildertegnieke van die Chinese verder verryk en aangevul. Na die dood van Kublai Kahn, is die Chinese heerskappy onder Hongwu herstel. Hy het die Ming-dinastie in 1368 gevestig en die Confuciaanse ideaal van China as selfonderhoudende staat nagestreef, en gepoog om van vreemde invloede wat tydens die Mongoolse Yuan-dinastie die versieringskuns infiltrer het, ontslae te raak.⁸¹ Die verskeidenheid van motiewe wat toe reeds in gebruik was, was egter so ryk en lewendig, dat dit nie geïgnoreer kon word nie, en dit het 'n permanente plek in die repertoire van die porseleinversierders ingeneem.

Metaalvorms wat uit ander Oosterse lande ontleen is, en tydens die Ming-dinastie by die porseleinfatsoene gevoeg is, was houers soos pelgrimsflesse en kalbasvorms bekend as "double gourd". Ryskomme, klein bakkies met handvatsels, lang silindriese vase met

⁷⁸ Watson, *Style in the arts of China*, p. 20.

⁷⁹ J. Rawson, *Chinese ornament-the lotus and the dragon*, London, 1984, p. 64.

⁸⁰ Watson, *Style in the arts of China*, p. 20.

⁸¹ Macintosh, *Chinese blue and white porcelain*, p. 21.

uitwaartse lippe en plat bodems, asook bekere met lang nekke en tuite, is kenmerkende fatsoene wat van Persiese voorbeelde afgelei is. Die meeste van hierdie fatsoene het sedert die begin van die Ming-dinastie permanent deel van die Chinese keramiekproduksie geword.⁸² Tydens die Ming-dinastie, is die fatsoene en ontwerpe van porseleinvoorwerpe verder aangepas om hulle kliënte tevrede te stel vir die steeds groeiende mark.⁸³

Die gebruik van kobalt in die vroeë Ming-tydperk was nog in die eksperimentele stadium en baie foute het voorgekom. Dié foute het 'n kenmerkende eienskap van Ming-porselein geword. Foute wat in die kobalt voorkom as deel van die aanwendingsproses, kan gevolglik as kriteria dien om dit te onderskei van dié van later tydperke.⁸⁴ Die kleur van die inheemse kobalt is nie dieselfde suiwer kleur as dié van ingevoerde kobalt nie, maar dit was makliker om aan te wend omdat dit minder ingevloei het. Om dié rede is die ingevoerde kobalt met plaaslike kobalt gemeng om 'n meer stabiele kleur te verkry. Die resultaat was 'n fyner tekenlyn wat meer dekoratief en delikaat aangewend kon word en met 'n ligte "wash" aangevul is.⁸⁵ Met die Zhengde-tydperk (1506-1521), is kobalt weer uit Sentraal-Asië na China ingevoer, maar dit was ook van groot belang dat 'n goeie gehalte inheemse kobalt net suid van Jingdezhen ontdek is.⁸⁶ 'n Verskeidenheid Moslem-motiewe en -fatsoene met Arabiese en Persiese inskripsies uit die Koran, is in hierdie tyd by die porseleinproduksie gevoeg. Dit was die gevolg van die invloed van die Moslem enogs aan die Chinese keiserlike hof en die Arabiese en Persiese handelslui wat hulle gedurende die 15de eeu in China gevestig het. Hierdie voorwerpe is veral na Suidoos-Asië en die Midde-Ooste uitgevoer.⁸⁷

Elke dinastie het sy eie spesiale bydrae gelewer tot die ontwikkeling van fatsoene en versierings op porselein, maar geen tydperk toon so 'n skerp wending in die verloop van die geskiedenis van porseleinvervaardiging as juis dié van die Ming-dinastie nie.⁸⁸ Pope

⁸² Ibid.

⁸³ Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, vol. I, p. 76.

⁸⁴ Monkhouse, *History and description of Chinese porcelain*, p. 71.

⁸⁵ Toe daar teen die begin van die Zhenghua-tydperk (1465-87) geen kobalt na China ingevoer is nie, moes noodwendig op plaaslike kobalt staatgemaak word. Macintosh, *Chinese blue and white porcelain*, p. 43.

⁸⁶ Ibid., pp. 44, 47.

⁸⁷ Yeo and Martin, *Chinese blue and white ceramics*, p. 29.

⁸⁸ Die versierings-motiewe van die Ming-dinastie word later volledig in hierdie hoofstuk behandel, maar ter wille van kontinuïteit in die oorsig van style, is dit nodig om hier, ter inleiding, kortliks na die Ming-dinastie te verwys.

haal die digterlike beskrywing van A. D. Brankston as volg aan: “To paraphrase one of the most learned and at the same time most sensitive scholars in the field, ... it could be said that in the second half of the fourteenth century the lotus budded, in the first half of the fifteenth century the flower opened in all its freshness, and in the closing half of the century the leaves began to tremble in the breeze.”⁸⁹ Met hierdie aanhaling word geïmpliseer dat die porseleinproduksie van die 15de eeu die hoogtepunt van die Ming-dinastie was, maar dit beteken nie dat daar in die daaropvolgende 16de en 17de eeu nie ook porselein van hoogstaande gehalte gemaak is nie.

Die motiewe wat tydens die Ming-dinastie gebruik is, het aanvanklik ’n definitiewe simboliese betekenis gehad, maar die meeste daarvan het met die verloop van jare verlore gegaan en het bloot as dekoratiewe motiewe voortbestaan. Op dieselfde wyse het invloede uit ander kulture met die tradisionele versieringsmotiewe vermeng geraak, maar het gou in die hand van die Chinese kunstenaar ’n eie karakter verkry. Sedert die begin van die Ming-dinastie is ’n ryker verskeidenheid van versieringsmotiewe op porselein weergegee as ooit tevore.⁹⁰

Die gewildste ontwerp wat tydens die Ming-dinastie voorkom, is die drie- en vyfpuntblaar-motief saam met die sogenaamde lotusrank en -krulmotief.⁹¹ Volgens Alois Riegl, wat ’n intensiewe studie na die formele ontwikkeling van dié motief gemaak het, is die lotusmotief saam met die papyruspalmet-motief, oorspronklik in Egipte as randmotief gebruik. Volgens Riegl het die lotus- en palmetmotief, waar dit deur Oosterse kulture oorgeneem is, ’n sekere vitaliteit bygekry wat nie in die Egiptiese uitbeeldings bestaan het nie, omdat die sogenaamde “kunstwollen” wat in elke individuele kunstenaar se kunsuiting verskuil is, waarskynlik die ontwerp lewendig gehou het.⁹² Sommige vorms van die akantus- en lotusblommotiewe het feitlik onveranderd bly voortbestaan, maar dié

⁸⁹ Pope, *Chinese porcelains of the Ardebil Shrine*, p. 83, asook die verdere bespreking daarvan, pp. 83-85.

⁹⁰ Dit sou onmoontlik wees om alle motiewe wat tydens die Ming-dinastie gebruik is in die bestek van hierdie studie te bespreek en daarom word slegs motiewe wat op skerwe wat by die onderskeie wrakke voorkom, hier behandel. Kyk addendum A.

⁹¹ Die “palmet” is ’n benaming wat toegepas word op ’n gestileerde blommotief wat in die Egiptiese randversierings voorkom. Die meeste navorsers is van mening dat dit van die papyrusplant afgelei is, maar Rawson sê dat lelies en lotusblomme as oorsprong van dié motief, nie uitgesluit kan word nie. Rawson, *Chinese ornament*, p. 30.

⁹² Rawson maak die volgende opmerking ten opsigte van die ontwikkeling van motiewe, “If the building blocks cannot be defined and described, it is difficult, if not impossible, to discuss how a work of art is constructed or developed. It would be very difficult to discuss the history of an art if one generation did not make some use of the building blocks employed by the previous generations” Kyk Rawson, *Chinese ornament*, p. 25.

motiewe is met verloop van tyd volgens voorkeure en behoeftes aangepas.⁹³ Ander eenvoudige blaarmotiewe het saam met die Boeddhistiese geloof in China inslag gevind, omdat daar 'n behoefte aan versieringsmotiewe ontstaan het om die nuwe godsdienssimbole te vergesel.⁹⁴ Slegs die idee van die halfpalmette en blaarmotiewe as randpatroon om panele te verdeel, het op keramiekversierings bly voortbestaan as bewys van die herkoms van die blaarmotief, halfpalmette en lotusblommotief. Omdat palmetvorms nie te spesifiek was nie, kon dit maklik aangepas word om die vorm van 'n lotusblom aan te neem.⁹⁵

Wolke en branders, waarmee die onsterflikes bo die aarde kon sweef, was 'n gunsteling motief. Deurdat die hoekigheid van geometriese motiewe versag is deur dit in vloeiende lyne te verander en krulle by te voeg, het blomvorms soms die plek van wolkvorms ingeneem. Hierdie vloeiende lyne het die weg gebaan vir die pioenroosrankmotief wat teen die sewende eeu ontwikkel het. Die vorms wat hieruit ontwikkel het deur die samestelling van twee kommas rug-aan-rug, is uitgebou tot nuwe blaar- en blom-motiewe. Die klassieke Westerse akantusblaarmotiewe en krulrankies van die druiwestok, het 'n motief aan die Chinese kunstenaar voorsien, wat veral nuttig op keramiekware aangepas kon word.⁹⁶ Die krullende ranke kon groot of klein, ingedruk of uitgerek word om enige oppervlak te vul. Byvoegsels by 'n reeds bekende formule, is sonder enige voorbehoud so aanvaar, omdat dit lank reeds in gebruik is en daarom oortuigend voorkom. 'n Voorbeeld is die lotusblom wat saam met blaarranke gebruik is wat geen verband met die lotusblaar of enige ander waterplant het nie, maar omdat die blom bekend is word die bykomende motiewe aanvaar as 'n invulpatroon.⁹⁷

Motiewe van blare en blomme rondom 'n rosetmotief ontleen uit Persiese tekstielware en metaalware, het die bestaande Chinese motiewe aangevul, en deur oorvleueling en aanraking is nuwe motiewe geskep.⁹⁸ Deur wolk- en blaarvorms met mekaar te

⁹³ E. H. Gombrich, *A sense of order*, London, 1979, p. 210.

⁹⁴ *Ibid.*, p. 36.

⁹⁵ Deur halwe palmette rug-aan-rug te plaas, is 'n nuwe vorm geskep wat op 'n lotusblom dui. Rawson toon d.m.v. illustrasies aan hoe 'n eenvoudige palmetmotief kon ontwikkel het in 'n blom, omdat die palmetvorm met 'n rosetvorm verbind is. 'n Motief, wat algemeen as die wolkekrul-motief ("cloud scroll") bekend staan, is reeds voor die Zhou-dinastie (1027–249 v.C.) op brons en lakwerk gebruik, en kon 'n verdere invloed op die blaarrank- en palmetmotief gehad het. *Ibid.*

⁹⁶ Rawson, *Chinese ornament*, p. 73.

⁹⁷ *Ibid.*, p. 28.

⁹⁸ *Ibid.*

kombineer, en deur kurwende lyne opmekaar te stapel, is 'n vorm soos 'n “wolligerige” blom verkry wat dui op die oorsprong van die pioenroos. Op dié wyse is die eens eenvoudige uitbeelding van die lotusblom, deur enkele wysigings, tot 'n komplekse, meer realistiese blom met sagte blare omskep waarby ook meeldrade bygevoeg is. Dit het aanleiding gegee tot die totstandkoming van 'n nuwe kanon van groot blomkoppe met redelik naturalistiese blaarvorms.⁹⁹

Meer as een soort blom word dikwels aan dieselfde rank uitgebeeld, byvoorbeeld waar die blomme van die vier seisoene gekombineer word. Dit bestaan uit die pruimbloesiel (winter), pioenroos (lente), lotus (somer) en krisant (herfs).¹⁰⁰ Pope onderskei ongeveer dertig blomsoorte op Ming-porselein wat in die Ardebil-versameling voorkom.¹⁰¹ Dit wil voorkom asof die uitbeelding van die pioenroos as basiese vorm gebruik is waarby enkele wysigings aangebring is om 'n ander blom voor te stel.¹⁰²

Draakmotiewe is waarskynlik afgelei uit vroeë bronsware wat vir rituele seremonies gebruik is en met eienaardige monsters versier is. Die vroegste draakmotiewe is met 'n lang slangagtige lyf uitgebeeld.¹⁰³ Die groen draak (“long”) kan, volgens oorlewering, van vorm verander, en het ook verskillende simboliese betekenisse.¹⁰⁴ Omdat drake met kurwende liggame, uitgesperde kloue en oop kake uitgebeeld word, vertoon die uitbeeldings besonder lewendig. Die kuif en haaragtige aanhegels aan die pote, toon 'n wuiwende effek, asof dit deur 'n ligte wind geroer word, en asof dit in water swewe. In die meeste uitbeeldings is albei oë van die draak frontaal weergegee, met die kop in

⁹⁹ Ibid., p. 28.

¹⁰⁰ Rinaldi, *Kraak porcelain a moment in the history of trade*, p. 126, fig. 136.

¹⁰¹ Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, Index, pp. 177-181.

¹⁰² Die klein nuanses wat van een uitbeelding tot 'n ander voorkom, kan ook te doen hê met die individualistiese uitbeeldingswyse van die verskillende kunstenaars. Die verskillende blomtipes is moeilik van mekaar te onderskei volgens die uitbeeldings wat op Ming-porselein voorkom. Miskien is daar sekere eienskappe waarvolgens Chinese die blomme van mekaar kan onderskei wat vir die Westerse oog verborge is.

¹⁰³ Die uitbeeldings van monsters soos drake het gewoonlik ontstaan deur die kombinasie van sekere eienskappe van verskillende bekende diere. Tydens die Ming-dinastie is drake saamgestel uit die kop van 'n kameel, horings van 'n bok, maanhare van 'n leeu en kloue van 'n tier. Kyk Rawson, *Chinese ornament*, pp. 94-96. In vroeë uitbeeldings is die lyf van drake met diamantpatrone versier, maar latere uitbeeldings bevat skubbe, waarskynlik as gevolg van die assosiasie wat drake met water het. Brankston meen dat volgens die vorm van die kop, lang stert, en skub-motief, daar ook eienskappe van 'n krokodil in uitbeeldings van drake waar te neem is. Brankston, *Early Ming wares of Chingtechen*, p. 76.

¹⁰⁴ Die geestelike draak heers oor die skepping, water en reën, en word gewoonlik uitgebeeld tussen wolke en vlamme wat die vlamme-juweel van Boeddha, (“ju”) navolg wat die son en die hart van Boeddha simboliseer. Hierdie drake-uitbeeldings het nog wyer verklarings waar die uitbeelding tussen wolke gepaard gaan met die idee dat die draak bokant die Daoïstiese eiland Meru, sweef wat deel uitmaak van die Boeddhistiese filosofie. Kyk Feddersen, *Chinese decorative art*, p. 235 asook Rawson, *Chinese ornament*, p. 94.

profiel. Hierdie uitbeelding is waarskynlik 'n poging tot voorverkorting, en verleen aan die draakfiguur 'n komieklike, eerder as vreesaanjaende voorkoms.¹⁰⁵ As dekoratiewe vorm, verskil draakuitbeeldings van een tydperk tot 'n ander. Tydens die Ming-dinastie kom daar hoofsaaklik drie uitbeeldingswyses van drake voor. Drake is algemeen op keramiek as 'n slangagtige figuur met skubbe en twee tot vier pote, waarop daar drie tot vyf kloue aan elke poot voorkom, uitgebeeld.¹⁰⁶ Op die kop kom langerige wuiwende hare voor, en soms ook twee horinkies soos dié van 'n jong takbok met 'n dorsale vin op die rug en soms ook vlermuisagtige vlerke. Drake met 'n visagtige stert tussen branders, bekend as die visdraak ("fei-yu"), kom ook voor.¹⁰⁷ Hierdie draak bevat gewoonlik twee vlerke. 'n Ander draakmotief, toon die draak met 'n stert bestaande uit veelvuldige arabesk-krulle, wat ooreenkom met lotuskrulle.¹⁰⁸ Drake- en wolkekrulle het tydens die Han-dinastie (206 vC-220 nC) as dekoratiewe skema ontstaan en staan as drakekrulle bekend.¹⁰⁹ Dit is vandag nog die konvensionele manier waarop mitologiese fantasie-figure uitgebeeld word, wat 'n mistieke aura aan die uitbeelding verleen.¹¹⁰

Dit kan nie bewys word dat die Chinese "fenghuang" of feniks direk uit die voël-motiewe op bronsware ontwikkel het nie, maar dit blyk dat daar tog een of ander verband moes gewees het.¹¹¹ Die benaming feniks kom uit Arabiese legendes waar dié voëls uit die as verrys en weer gebore word. Die mitiese voël, "fenghuang", wat ook met die legendariese draak geassosieer word, staan algemeen as feniks in Westerse naslaanbronne bekend.¹¹² Oor watter van hierdie twee voëls op Ming-porselein uitgebeeld word, is daar nie

¹⁰⁵ Anders as die Westerse interpretasie van drake, wat met die bese en vernietiging geassosieer word, is Chinese drake veronderstel om voorspoed en beskerming te verseker. Feddersen, *Chinese decorative art*, p. 235.

¹⁰⁶ Dit word algemeen aanvaar dat drake wat gedurende die Ming- en Qing dinastieë met vyf kloue uitgebeeld word, beskou word as sogenaamde amptelike ware vir die keiserlike huishouding. Feddersen, *Chinese decorative art*, p. 235. Pope wys egter daarop dat uitbeeldings van drake met vyf kloue, ook op porseleinware van minderwaardige gehalte gevind is terwyl daar gevalle is waar drake met drie- en vier kloue, op ware van uitstaande gehalte voorkom. Hierdie stelling is dus nie in alle gevalle juis nie. Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, pp. 35-38.

¹⁰⁷ Dit is moeilik om te onderskei tussen die seendraak en die moerasdraak en watter een van die twee veronderstel is om die ("fei-yu") of visdraak te wees.

¹⁰⁸ Pope, *Chinese porcelains of the Ardebil shrine*, pp. 35-38.

¹⁰⁹ Die krul-motief wat ook met die uitbeelding van wolke geassosieer word, is afgelei van gedigte uit die Han-dinastie, waarmee geeste op 'n kosmiese wind meegevoer word na misterie en onsterflikheid. Rawson, *Chinese ornament*, pp. 96-100. Wolkekrulle is later ook, tydens die Ming-dinastie, saam met ander diere en landskapstonele uitgebeeld. Drake is tussen vlamme en klein wolkekrulle uitgebeeld en soms tussen die skuim van branders. Rawson, *Chinese ornament*, p. 96 en Medley, *Handbook of Chinese art*, pp. 180-182.

¹¹⁰ Rawson, *Chinese ornament*, pp. 95-96.

¹¹¹ A. D. Brankston, *Early Ming wares of Ching-tê-Chên*, London, 1970, pp. 74-77.

¹¹² Die feniks is 'n mitologiese voël van Arabiese oorsprong. Kyk J. Coulson et al., *Oxford Illustrated Dictionary*, London, 1984, p. 634.

sekerheid nie, want geen Chinese bron maak genoegsaam onderskeid tussen die twee nie.¹¹³ Die “fenghuang” is, soos die “qilin” en die draak, ’n legendariese kreatuur wat dekoratief sowel as simbolies toegepas is.¹¹⁴ Die manlike voël, “feng” en die vroulike voël, “huang” word onderskei op grond van verskille in die uitbeelding van die stertvere. Die manlike voël bevat tot vyf lang stertvere byna soos dié van ’n pou, terwyl die vroulike voël se stertvere besonder lank, krullerig en rankend voorkom, soms bestaande uit arabesk-krulle.¹¹⁵ Die “fenghuang” word, net soos die draak, dikwels omring deur lotusranke, of selfs deur branders, maar word ook soms in die vorm van ’n sirkel uitgebeeld.¹¹⁶

Die “qilin”-motief het waarskynlik ontstaan uit die figuur van die hert of takbok. Herte kom veral volop voor op Chinese rituele bronsware van die vyfde en vierde eeu v.C. en het ’n belangrike plek by rituele seremonies ingeneem.¹¹⁷ Dié dier is verteenwoordigend van ’n paar, “qi” het betrekking op die manlike dier “yang” en “lin” op die vroulike dier “yin”.¹¹⁸ Soos die draak, voël (“fenghuang”) en skilpad, is die qilin ’n mitologiese fantasie-dier met bonatuurlike kragte en eienskappe.¹¹⁹ ’n Ander figuur, bekend as “bixie,” het die voorkoms van ’n hert met horings waarmee die bose afgeweer word.¹²⁰ Die lyf van dié dier kom ooreen met dié van ’n perd, maar is met skubbe en lang maanhare bedek.¹²¹

Die digkuns wat die misterie van die natuur besing, het aanleiding gegee tot die uitbeelding van landskappe in die skilderkuns.¹²² Die heilige rots en twee paradijs,

¹¹³ Rawson noem dat dit misleidend is om die voël met weelderige stert wat op Chinese grafreliëfs voorkom, feniks te noem. Rawson, *Chinese ornament*, p. 100.

¹¹⁴ Die feniks simboliseer die son, warmte, vrugbare oeste, fertiliteit, lang lewe, geluk en is ook die boodskapper van Daoïstiese onsterflikes, en word veral ook met die keiserin geassosieer. Feddersen, *Chinese decorative art*, p. 235.

¹¹⁵ Rawson, *Chinese ornament*, p. 105.

¹¹⁶ Feniks-motiewe, wat op vroeë onderglasuurblou ware voorkom, toon ’n ooreenkoms met motiewe van die Dingware, maar is eerder direk van motiewe op lakwerk, as tussenganger tussen motiewe op silwerware en dié op porseleinware, gebaseer. Ibid., fig. 85 en 86.

¹¹⁷ Ibid., p. 108.

¹¹⁸ Ibid.

¹¹⁹ Ibid., p. 81.

¹²⁰ Dit is ook moontlik dat die uitbeelding van die eenhoring veronderstel is om ’n profiel uitbeelding te wees waar slegs een horing weergegee is, en dat in latere uitbeeldings die dier met een horing uitgebeeld is omdat die eerste uitbeelding verkeerd vertolk is. Ibid. p. 79.

¹²¹ Kyk ook die uitbeeldings in *Christie's pictorial history of Oriental ceramics*, p. 77 fig. 9 en Feddersen *Chinese decorative art*, fig. 48.

¹²² Feddersen, *Chinese decorative art*, pp. 238-239.

naamlik die “eiland van die geseëndes” het aanleiding gegee tot fantasietonele en was ’n gewilde onderwerp wat op porseleinversiering van veral die 16de en 17de eeu voorkom.¹²³ Verhale uit die geskiedenis, legendes asook die doen en late van verskillende Daoïstiese figure, wat in ’n landskap of tuin afspeel, is moontlik eers in houtsnede uitgebeeld vanwaar dit deur keramiekversierders oorgeneem is.¹²⁴ Landskapuitbeeldings en tuinuitbeeldings, kom dikwels voor saam met uitbeeldings van diere en voëls, omring deur blomranke, blomme wat uit die grond spruit en bome. Deur alles ’n bietjie te orden en logies bymekaar te plaas, is ’n landskaptoneel geskep. Rawson sê dat indien landskapsversierings van waarneming uit die natuur gemaak is, of van ’n skildery of afbeelding geneem is, “... irregular arrangements would probably not have arisen; but because the patterns were contrived with an existing vocabulary of motifs, and were also bound by the limited space available ... slightly strange compromises were allowed.”¹²⁵

Takke met vrugte aan, soos lietsjies, granate, kersies, perskes, druiwe en sitrusvrugte is ook dikwels in die Ming-dinastie uitgebeeld, soms saam met klein blaartjies en bloeisels.¹²⁶ Hierdie uitbeelding bevat ook dieperliggende simboliese betekenis byvoorbeeld, perkses (“tao”), wat die simbool is van die huwelik, onsterflikheid en lente. Saam met granate en sitrusvrugte, simboliseer perskes ook vrugbaarheid.¹²⁷

Groterige blare met vier tot sewe punte kom ook voor. Groot blare is baie nuttig as motief aan die bo-rand van ’n houder met ’n nou bek gebruik, veral bottelvormige vase.¹²⁸ Blaarplante wat soos piesangblare lyk, kom dikwels saam met dié heilige rotsmotief in landskappe op keramiekware voor.¹²⁹

Tonele van visdammetjies met lotusblomme en onderwatertonele is ook dikwels gedurende die Ming-dinastie uitgebeeld. Soms is die dam van bo-af gesien met lotusblomme en blare bo-op die water, maar onderwatertonele was ook gewild met uitbeeldings van karp, krappe, krewes en paddas tussen waterplante soos palinggras, eendekruid, watervarings en lotusblare

¹²³ Rinaldi, *Kraak porcelain a moment in the history of trade*, p.123 Fig.131, p.159 en fig.195. Dit wil voorkom asof daar geen landskappe van hierdie aard tussen die skerwe van die 1552 en 1554 wrakke (Jiajing) uitgebeeld is nie.

¹²⁴ Feddersen, *Chinese decorative art*, pp. 242-243.

¹²⁵ Rawson, *Chinese ornament*, p. 105.

¹²⁶ *Ibid.*, p. 234.

¹²⁷ *Ibid.*

¹²⁸ Vergelyk die vaas in, Pope, *Chinese porcelains of the Ardebil shrine*, fig. 74 (Kat. No. 29.451).

¹²⁹ J. A. Pope, “Fourteenth century blue-and-white”, *Occasional papers*, vol. II, no. 1, Washington, 1970, p.34.

en blomme.¹³⁰ Landskapuitbeeldings sluit soms water in wat tussen die plante merkbaar is, aangedui deur 'n golwende of kartelende lyntekening. Water word op verskeie wyses uitgebeeld en kom algemeen op Ming-porselein voor. Branders word beskou as die woonplek van drake en is saam met drake-uitbeeldings 'n gewilde motief met sterk simboliese betekenis wat veral tydens die Ming-dinastie algemeen gebruik is.

Motiewe bekend as lambrekyn-, "ruyi"-septerkop-, "ruyi-lappet-" of ojief-vormige motiewe, bestaan uit lobvormigepanele met 'n blom- of blaarversiering aan die binnekant daarvan. Dié panele is algemeen op porselein van die Ming-dinastie gebruik en het waarskynlik sy oorsprong uit die wolkekrulmotiewe.¹³¹ Dit is hoofsaaklik as aaneenlopende randmotief gebruik maar kom ook, as afsonderlike wolkies met krulle, saam met die hoofmotief voor.¹³² 'n Ander vorm van die krullende motief is die "trefoil" of driekrulmotief, ook 'n herhalende motief en wat lyk asof dit afgelei is van die wolkekrulmotief of van die brandermotief. Dit is as randmotief gebruik maar soms ook as invulling tussen sentrale motiewe.¹³³ Randmotiewe kom ook dikwels rondom die voetstuk en nek van veral toe vorms soos vase voor.

Watson noem dat die sogenaamde klassieke sleutelmotief en ander geometriese motiewe wat op Ming-porseleinware voorkom as randpatroon, moontlik afgelei is van die versierings op Chinese argitektuur. Tot ongeveer die begin van die 16de eeu, het geometriese motiewe 'n ondergeskikte rol op porselein van die Ming-dinastie ingeneem en is beperk tot rand- en bandmotiewe. Aaneenlopende diamantvormige motiewe is in verskillende variasies uitgebeeld, asook 'n motief wat afgelei is van die Boeddhistiese "ruyi"-septer wat vir seremoniële doeleindes gebruik word. Die motief kom ooreen met die wolkekraagmotief en word soms daarmee verwar deurdat die benaming "lappets" deur vroeëre navorsers op albei hierdie vorms van toepassing gemaak is.¹³⁴ Die wolkekraagmotief, is in groot panele uitgebeeld wat gewoonlik 'n patroon van een of ander aard soos

¹³⁰ Ibid., fig. 9, (kat. no. 29.42).

¹³¹ "Wolkekrulmotiewe" toon baie variasies en word sedert die veertiende eeu algemeen op porselein uitgebeeld.

¹³² Watson, *Style in the arts of China*, p. 20.

¹³³ "Trefoil" motiewe vorm deel van lotus-paneel-motiewe op die skouer van 'n bak in die Ardebil-heiligdom. Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, fig. 52, (kat. No. 29.495).

¹³⁴ Die verskil is daarin dat die "ruyi"-septer-motief meer hartvormig is, bestaande uit twee krulle wat na mekaar toe wys met 'n bygevoegde punt aan die onderkant, in teenstelling met die wolkekrulmotief wat uit 'n aaneenlopende geskulpte lyn bestaan. Macintosh, *Chinese blue and white porcelain*, p. 134, fig. 9(e) en Medley, *Handbook of Chinese ceramics*, p. 99.

branders, omsluit. Gedurende die 17de eeu het geometriese motiewe toenemend 'n belangrike plek as invulmotiewe as deel van ontwerpe ingeneem soos wat die kraakstyl toon. “Ruyi”-motiewe kom ook tussen ander geometriese motiewe voor, veral as onderdele van motiewe by kraakversierings.¹³⁵

Godsdienstige, mitologiese en legendariese motiewe soos dié van Laotse, Confucius en die Daoïsme, is as simboliese motiewe van die denne- bamboes- en pruimbloeiseltak uitgebeeld. Ander soortgelyke simbole, soos die agt kosbaarhede “pa pao”, die agt Daoïstiese embleme “pa an xian”, die agt Boeddhistiese embleme “pa zhi xiang”, kom veral op keramiekware van die Ming-dinastie voor.¹³⁶ Hierdie simbole is tussen ander motiewe aan die binne- of buitekant van ware as deel van ander versierings aangebring. Sommige embleme kom ook algemeen op die bodem voor, soos dié van die “papao”.¹³⁷ Die “yinyang”-motief omvat die oudste Chinese filosofiese idees met betrekking tot die kosmos.¹³⁸

Die gebruik van die motiewe en die kombinasies daarvan, verskil van tydperk tot tydperk asook die orde waarin dit op die voorwerpe gerangskik is. Die lang tradisie waarmee hierdie motiewe ook op skilderye en ander kunste toegepas is, asook die simboliek waarmee dit gepaard gaan, het daartoe gelei dat motiewe op onlogiese wyse saam uitgebeeld word. Sodoende het eienaardige vorms ontstaan wat deur stilerings nie meer herkenbaar is nie.

¹³⁵ Medley, *Handbook of Chinese ceramics*, p. 38.

¹³⁶ Macintosh, *Chinese blue and white porcelain*, p. 132.

¹³⁷ Ibid., p. 138.

¹³⁸ Dit bestaan uit 'n sirkel, wat deur 'n S-kurwe in twee gelyke dele verdeel is, waarvan een deel wit en een deel swart is en die dualisme van die wêreld simboliseer. “Yin” stel die vroulike, en “yang” die manlike eienskappe voor wat ook met nog baie ander elemente geassosieer word, soos die “pa kua” of agt trigramme. Trigramme is uit groepe van drie lyne saamgestel en verteenwoordig: die hemelse elemente naamlik lug, mistigheid en vogtigheid, vuur en lig, donderweer, en die aardse elemente: naamlik wind, water, berge en die grond. Feddersen, *Chinese decorative art*, p. 230.

Navorsingstegniek.

Die ondersoek op die porselein-skerwe het ten doel om die volgende vas te stel:

- Die moontlike tydperk van vervaardiging volgens die tydperk waarin die betrokke skip gestrand het.
- Die moontlike plek van vervaardiging, dit wil sê of die skerwe by die hoofoende, imperiale oonde van Jingdezhen, of by ander, provinsiale oonde, vervaardig is.
- Die moontlike kronologiese ontwikkeling van die versieringsmotiewe gemeet aan die volgorde in tydperke waartydens die verskillende skepe gesink het.
- Die moontlike Europese invloed op die vorm of versierings.
- Die moontlike plek van stranding van die skepe.

Die nege vindplekke aan die Suid-Afrikaanse kus waar skerwe versamel is, het gesamentlik nagenoeg 80 000 skerwe opgelewer. Dit is 'n onbegonne taak om die inligting wat hierdie skerwe bied, te ontleed en aan te teken. Daar moes noodwendig 'n keuse uit die skerwe gemaak word ten einde die eienskappe van die skerwe te kan beoordeel soos dit by elke wrak voorkom. Duisende skerwe is ondersoek en bykans 3 000 skerwe se data is vir die doel van hierdie studie in die fynste besonderhede beskryf en opgeteken. In gevalle waar groot hoeveelhede skerwe by een wrak voorkom, is 'n aantal skerwe voor-die-voet geneem vir hierdie ontleding. Skerwe waarvan die motiewe te onduidelik is om 'n motief te kan ontleed, is nie opgeneem nie. Waar 'n wrak, soos in die geval van die Santo Alberto en die São João Baptista, weinig skerwe opgelewer het, is soveel as moontlik van die skerwe se besonderhede aangeteken.

Vir 'n ondersoek van hierdie aard was dit nodig om een of ander werkbare stelsel te vind om al die inligting aan te teken wat uit die skerwe onttrek is, met die doel om 'n beeld te vorm van die eienskappe wat die skerwe van elke wrak toon. Daar bestaan geen gepubliseerde klassifikasiestelsel wat aan al die behoeftes van hierdie studie voldoen nie. So 'n stelsel moes dus ontwerp word om al die bruikbare inligting wat uit die afsonderlike

skerwe geles kan word, op te vang en te orden. Die stelsel moes ook die moontlikheid bied om hierdie inligting maklik te kan onttrek en om vergelykings tussen die skerwe van die onderskeie wrakke te kan maak. Hierdie stelsel is van meet af aan opgebou en bied 'n verskeidenheid moontlikhede. Nie net is dit moontlik om die onderskeie motiewe met 'n wrak in verband te bring nie, maar ook om die gehalte van die skerwe, die kleur van die kobalt, die versieringstyl en al die ander eienskappe soos wat hieronder uiteengesit is, van een wrak met dié van 'n ander te vergelyk. Dit is die eerste stelsel van dié aard om die skerwe afsonderlik, te ondersoek maar ook om 'n oorsigtelik beeld van die porseleinvonds van een of meer van die wrakke, te verkry. Ander vergelykings, wat 'n legio moontlikhede bied, kan volgens hierdie stelsel uit die data wat daarin vervat is, onttrek word.

Pope was die eerste om 'n lys op te stel van motiewe wat op porselein van die Ming-dinastie voorkom.¹³⁹ Hierdie lys is nuttig omdat hy die motiewe identifiseer en beskryf, maar die leemte van hierdie lys lê daarin dat Pope nie die ander eienskappe van die porselein, soos die grootte van die motief, die styl van uitvoering, gehalte van die porseleinliggaam en die kleur van die kobalt met die motief in verband bring nie. Ander navorsers, soos McElney,¹⁴⁰ Rinaldi¹⁴¹ en C. Shangraw en E. von der Porten,¹⁴² het kronologiese indelings saamgestel volgens die veronderstelde ontwikkeling van die randmotiewe van spesifiek die kraakstyl, soos dit veral op oop vorms soos borde voorkom. Hierdie indelings is nuttig omdat dit eerste pogings van hierdie aard is, en bied 'n grondslag waarop ander navorsers kan voortbou.

Dit was noodsaaklik om die data van die skerwe wat aan die Suid-Afrikaanse kus voorkom op 'n rekenaar in te voer om dit sinvol te verwerk. 'n Hoeveelheid porseleinskerwe wat by elke wrak versamel is, is ontleed, gemeet, en die eienskappe van elke skerf aangeteken. Kyk die pro forma-voorbeeld op p. 64. Uit die samevatting van die inligting van die datalys, is 'n beeld gevorm van veranderlikes van die groep skerwe wat by elke wrak gevind is. 'n Vergelykende studie van die skerwe is van wrak tot wrak gedoen. Die data wat op die wyse versamel is, is op 'n kompilasievorm aangebring wat

¹³⁹ Pope, *Chinese porcelain of the Ardebil shrine*, pp. 177-181.

¹⁴⁰ McElney, "The blue and white wares-post 15th century", *Oriental ceramic Society of Hong Kong*, 1979, pp. 34-36.

¹⁴¹ Rinaldi, *Kraak porcelain*, pp. 70-210.

¹⁴² C. Shangraw and E. von der Porten, *Kraak plate design sequence 1550-1655*, San Francisco, 1997, pp. 1-16.

spesiaal vir dié doel deur die Rekenaarondersteuningsdienste van die Universiteit van Pretoria ontwerp is. Die prosessering programmatuur wat vir die dataproessering gebruik is, is SAS®.¹⁴³ Vergelykende en aanvullende inligting is ook verkry uit versamelings van en navorsing oor die porseleinvondse van ander skeepswrakke, veral dié van die Spaanse wrak: San Diego, die Nederlandse wrak: die Witte Leeuw en die Oosterse jonk, bekend as die Hatcher-“cargo”.

¹⁴³ “The SAS system is an integrated system of software providing control over data analysis and statistical procedure supplied by the SAS Institute Johannesburg RSA”.

PRO FORMA

MRS LV ESTERHUIZEN - T94086 : GSK9001 : LG333970 - Data Capture Sheet

[illegible]



Die uiteensetting van die aangehegte Addendums, bevat die aangetekende data van die porseleinskerwe wat by die nege vindplekke versamel is. Addendum A bestaan uit 'n verkorte datalys van sommige van die eienskappe van die skerwe en die motiewe wat daarop voorkom. Addendum B (i) bevat afbeeldings van motiewe op skerwe. Addendum B (ii) bevat verdere afbeeldings van motiewe op skerwe asook van voorwerpe uit ander versamelings. Addendum C sluit illustrasies van die kronologiese indelings van verskillende navorsers in. Hierdie indelings word in Hoofstuk VII meer breedvoerig bespreek. Die uiteensetting van die inligting soos dit volgens 'n datanommer in Addendum A aangeteken is, en die redes waarom die bepaalde inligting nodig was om die studie volledig te maak, is soos volg uiteengesit:

V. 1 Skerfnommer:

Aan elke skerf wat hanteer is, is 'n unieke nommer toegeken.

V. 2 Versameling of museum:

'n Nommer is toegeken vir elke versameling of museum vanwaar skerwe verkry is.

V. 3 Wraknommer:

Nege nommers is toegeken, een aan elke wrak waarvan skerwe vir die doel van hierdie studie ondersoek gebruik is.

V. 4 Vindplek/strandgebied waar skerwe versamel is:

Nege strande is geïdentifiseer waar porseleinskerwe versamel is.

V. 5 Datum waarop die skerwe versamel is:

'n Benaderde datum is aangeteken wat 'n aanduiding is wanneer persone vir die eerste keer begin het om skerwe op elke strand te versamel.

V. 6 Die geskatte fatsoen van die voorwerp waarop die skerf dui:

Die skerwe vorm deel van 'n voorwerp met 'n bepaalde fatsoen. In sommige gevalle is dit maklik om te bepaal wat die oorspronklike fatsoen van die voorwerp was, maar dit is nie in al die gevalle so duidelik nie. Die vorm van die skerf, die plek waar die versiering voorkom die gedeelte wat dit verteenwoordig (byvoorbeeld of dit 'n gedeelte van die rand, wand of voetring is). Die grootte van die voorwerp kan ook in 'n groot mate volgens die dikte van die skerf geskat word. 'n Bepaalde versieringsmotief kan in party gevalle met 'n sekere fatsoen verbind word.

V. 7 Die werklike vorm van die skerf:

Die volgende afleidings kan van die fatsoen van 'n skerf gemaak word: waar 'n skerf konkaaf gevorm is en versierings aan albei kante bevat, dui dit daarop dat so 'n skerf deel was van 'n oop voorwerp, soos 'n bord of 'n kom. Waar versierings slegs aan die buitekant voorkom sonder glasuur aan die binnekant, dui so 'n skerf daarop dat dit deel gevorm het van 'n toe voorwerp soos 'n vaas, fles of kruik.

V. 8 Skerf tipe:

Die voorkoms van elke skerf is ondersoek volgens die dwars deursnit (die gebreekte kant) daarvan. Meer bepaald beskryf dit die struktuur van die klei, volgens 'n skaal van nege verskillende kwaliteite. Hoewel die kleur van die klei 'n aanduiding kan wees van die gehalte is kleur nie noodwendig 'n faktor nie. Die kleur van die klei mag wissel van suiwer wit, effens blou getint tot selfs gryserig. Selfs 'n bruinerige of pienkerige skakering kleiliggaam kan steeds besonder fyn en kompak wees. Die kwaliteite wat hier onderskei word, word ook gemeet aan die gehalte van die kleur van die kobalt, die styl, netheid en presiesheid waarmee die geskilderde motief uitgevoer is. Sodoende kan vasgestel word of daar 'n ooreenkoms tussen sekere motiewe, die gehalte van die klei van die voorwerp en die kleur van die kobalt is, asook op die styl van uitvoering van die skilderwerk wat daarop voorkom.

V. 9 Die voorkoms van die klei-oppervlak:

Deur onsuierhede wat op die klei-oppervlak voorkom, te beoordeel en dié inligting met die deursnit van die skerf te vergelyk, kon vasgestel word of daar 'n ooreenkoms tussen die onsuierhede op die oppervlak van die skerf en dié van die deursnit is. Indien die oppervlak meer onsuierhede bevat as wat in die deursnit voorkom, dui dit daarop dat die oppervlak beïnvloed is deur atmosferiese of ander toestande tydens die bakproses in die oonde. Daardeur kan ook vasgestel word of die voorwerpe opmekaar gestapel was en of een of ander ander vorm van ondersteuning in die oonde gebruik is deur die voorkoms van "spur marks" op voorwerpe. Ander onsuierhede, soos roesspikkels, dui op die teenwoordigheid van ysteroksiede, of die aanraking met voorwerpe wat ysteroksiede bevat, en sand aan die standing, kan dui op die wyse waarop die voorwerp ondersteun is tydens die bakproses. Al hierdie eienskappe kan wys na die oorsprong van die voorwerp, te wete of dit by sekere provinsiale oonde en of dit by imperiale oonde gemaak is.

V. 10 Voorkoms van glasuur:

Die voorkoms van die glasuur, die dikte daarvan, die helderheid, onsuiverhede daarin, het te doen met die vervaardigingsprosesse. Dit beskryf ook die sekondêre faktore wat dit moontlik kon affekteer soos in watter mate dit verweer, geskuur of gekleur of andersins geaffekteer is deur die elemente waaraan dit na die sink van die skip bloot gestel was.

V. 11 Pastakleur:

Die kleur van die kleiliggaam, verskil in 'n groot mate van een skerf tot 'n ander. In sommige gevalle is dit moeilik om hierdie kleurverskille presies te beskryf, veral om tussen die blou of groen kleurtinte en die intensiteit van die kleure te meet. Daar is breedweg tussen nege kleurtinte onderskei. Die gehalte en kleur van die pasta is oor die algemeen 'n aanduiding van die plek van oorsprong van die voorwerp, byvoorbeeld of dit van die hoofonde of die provinsiale oonde afkomstig is. Dit wil voorkom asof die suiwerheid van die kobalt kleur en die gehalte van die voorwerp met mekaar verband hou.

V. 12 Deklaag, teenwoordig of nie:

Van die literatuurbronne maak melding van die gebruik van 'n deklaag om onsuiverhede in die kleiliggaam te bedek voordat dit geglasuur is. Die skerwe is aan die hand hiervan ontleed om vas te stel of daar opsigtelike tekens van so 'n laag is. Die Departement Chemiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria is genader om volgens 'n ontledingsproses vas te stel of daar wel 'n deklaag onder die glasuur teenwoordig kan wees.¹⁴⁴

V. 13 Die voorkoms van die gebreekte kant van die skerf:

Van die skerwe toon opsigtelike tekens van blootstelling aan die natuurelemente. Die kante is gerond as gevolg van verwering in die see. Ander skerwe is vergroei met seewier wat die skerwe verkleur het. Die mate van verwering van skerwe toon aan of dit vir 'n lang tyd blootgestel was aan die see en natuurelemente. Ander skerwe vertoon weer asof onaangetas deur die natuurelemente. Dit kom voor asof nuutgebreek met glasuur nog teenwoordig. Daar is gevalle waar die glasuur nuut en blink vertoon. Dit dui daarop dat van die voorwerpe moontlik nog onder die wrak beskerm was en eers met onlangse storms uitgespoel het. Party skerwe was nooit onder die see nie, maar was onder die sand begrawe. In hierdie geval sal die

¹⁴⁴ Hierdie toetse kon tot dusver nie 'n bevredigende bewys lewer of daar 'n deklaag teenwoordig is onder die glasuur nie omdat die samestelling van die glasuur en die deklaag so eenders is.

skerwe se hoeke nie afgeskuur wees nie omdat daar min of geen wrywing plaasgevind het waar dit begrawe was nie. Heel voorwerpe of groot skerwe kon ook in die water gebreek het kort voordat dit uitgespoel het of op die rotse gebreek het. Dit verklaar waarom sommige skerwe sowel ou as nuwe breekplekke toon.

V. 14 Die randafwerking:

Dit behels die voorkoms van die rand en/of die wyse waarop die rand van 'n voorwerp afgewerk is, insluitende die randafwerking van deksels en ander aanhegsels soos tuite, handvatsels en enige ander wat mag voorkom. Dit beskryf byvoorbeeld of die rand gegolf, hoekig of glad afgewerk is.

V. 15 Die afwerking van die buiterand:

Dit beskryf die afwerking van die buiterand van die voorwerp, met ander woorde of dit glad afgewerk is, gelob of geskulp is. In die geval van vase en groter houers is die buiterand dikwels “gerol” sodat dit dikker is as dié van byvoorbeeld borde of komme.

V. 16 Vorm van voetstuk en/of basis van voorwerp (ook op deksels van toepassing):

Die vorm van die voetring is die gedeelte binne die voetstuk. Dit is gewoonlik rond maar kan ook ovaalvormig, langwerpig of enige ander vorm wees, afhangende van die vorm van die voorwerp. Die verhewe gedeelte om die voetring is die voetstukgedeelte waarop die voorwerp staan. Daar is nie in alle gevalle 'n standing of voetstuk teenwoordig nie, omdat 'n voetring of basis soms plat is.

V. 17 Die binne-mate van die voetring (dwarssnit):

Aangesien 'n skerf uit 'n voetring of gedeelte daarvan bestaan, kan die grootte van die voorwerp volgens die deursnit van die voetring geskat word. Elke voetring se werklike grootte is in millimeter op die datavorm aangeteken.

V. 18 Die binne-mate van die voetring. (oorkruis-deursnit):

Die tweede mate wat die eerste kruis is ook van toepassing. In die geval van 'n ronde voorwerp is hierdie mate dieselfde as by V. 17, maar waar die voetstuk ovaal- of ander vorm het, sal dit verskil van die gegewens by V. 17.

V. 19 Merke en/of versiering wat onder die voetring of basis voorkom:

Die basis van die meeste skerwe het 'n enkel- of dubbellyn op die voetring binne die voetstuk. In party gevalle is regeringsmerke of ander versierings ook teenwoordig. Merke soos spreuke, of die plek of die doel waarvoor die voorwerp gemaak is en Boeddhistiese simbole kan eweneens voorkom.

V. 20 Kobaltskakerings van die voetstukbasis:

Omdat groot kleurverskille soms tussen die versiering van die voorwerp en die voetring en/of voetstuk voorkom, is dit nodig om dit afsonderlik aan te teken. Die kleurverskille hou verband met massaproduksie, maar waar 'n voorwerp regdeur een skakering toon, is dit moontlik dat so 'n voorwerp deur een versierder hanteer is sodat aanvaar kan word dat dit by 'n kleiner privaat-oond vervaardig is. Kleurbeskrywings kom ooreen met die gegewens by V. 36 volgens die A.H.Munsell kleurnotasies wat later bespreek word.

V. 21 Beskrywing van voetstukglasuur indien dit van die res van voorwerp verskil:

Hierdie inligting is slegs nodig waar dit verskil van die glasuur soos dit op die res van die voorwerp voorkom. Dit verskaf inligting of die glasuur opgehoop het onder die voetring, of daar meer onsuiverhede teenwoordig is as wat andersins op die glasuur van die voorwerp voorkom. Veral waar sand in die glasuur van die voetring voorkom kan dit 'n aanduiding wees dat die voorwerp by bepaalde provinsiale oonde gemaak is wat die metode gebruik het om voorwerpe in sand te plaas tydens die bakproses.

V. 22 Aard van voetstuk of onderste deel van deksel:

Dit beskryf die vorm van die voetstuk: of dit rond, vierkantig, op afsonderlike pootjies staan en so meer. Hierdie inligting vul die fatsoen van die voorwerp aan.

V. 23 Lengte van die voetstuk (buitemate) tot by basis van voorwerp:

Hierdie afmetings bepaal hoe hoog die voorwerp op die voetstuk staan. Groot toevoorwerpe soos vase, se voetstukke is oor die algemeen hoër as dié van byvoorbeeld vlak borde. Die werklike mate is in millimeter op die datavorm aangedui.

V. 24 Lengte van die voetstuk (binnemate) tot by basis van voorwerp:

Hierdie afmetings bepaal die diepte van die voetstuk. Sommige voorwerpe se bodem is ingesink (konveks) soos in die geval van 'n kom se fatsoen. Die binnemate van so 'n voetstuk

sal dus vlakker wees. Dit kan ook voorkom dat die bodem van 'n voorwerp konkaf is. In so 'n geval is die voetstuk se binnemate dieper. Hierdie verskille dui soms op eienskappe wat kenmerkend van 'n bepaalde oond is. Die werklike mate is in millimeter op die datavorm aangedui.

V. 25 Die deursnit van die voetstuk (die werklike gedeelte waarop die voorwerp rus):

Die deursnit van voetstukke vir kleiner voorwerpe sal veel minder wees as die van groot voorwerpe. Waar die voorwerp op afsonderlike pote rus, is die deursnit van 'n enkele poot normaalweg dikker as in die geval van 'n aaneenlopende voetstuk of standring. Hierdie mate kan 'n aanduiding wees van die grootte van die voorwerp sowel as van die vorm daarvan. Die werklike mate is in millimeter op die datavorm aangedui.

V. 26 Die aard en hoek van die voetstuk:

Dit beskryf die vorm van die voetstuk en die hoek waarteen dit aan die voorwerp vasgeheg is. Hierdie inligting is 'n hulpmiddel om die fatsoen van 'n voorwerp vas te stel. Die bepaalde pottebakkersoond kan ook in sommige gevalle volgens die voetstuk geïdentifiseer word.

V. 27 Versiering aan die buitekant van die voetstuk of om die buiterand van die deksel:

Die inligting beskryf die voorkoms van klein herhalende versierings aan die buitekant van die voetstuk. Die tipe versieringsmotiewe wat gebruik is, kan dui op die tydperk van produksie. Dit kan ook dui op die tipiese fatsoen van die voorwerp omdat bepaalde patrone wat om die voetstuk of die deksel gebruik is soms met 'n bepaalde fatsoen geassosieer word. Die pottebakkersoonde waar dit vervaardig is, sal moontlik aan hand van bepaalde motiewe wat gebruik is, geïdentifiseer kan word.

V. 28 Die kobalt-kleurskakering van motiewe op die voetstuk:

Hierdie inligting is slegs nodig waar die kobaltversierings op die voetstuk verskil van die res van die voorwerp. Soms verskil die kobalt-tint van die voetstuk van dié waarmee die res van die voorwerp versier is. Dit dui op die moontlikheid dat die voetstuk afsonderlik van die res van die voorwerp versier is deur moontlike spesialisasie wat in sekere tydperke toegepas is. Die kleurtint van die kobalt is gemeet aan hand van die A. H. Munsell kleur-notasie. Kyk ook V 36.

V. 34 Geparsde vorms (moulded shapes):

Voorwerpe wat in 'n hout- of ander vorm ingedruk is om 'n patroon te vorm. Die klei kon ook patrone wat deur 'n roller aangebring is, bevat, of insnydings deur 'n skerp voorwerp gemaak. Sekere vorms is deur middel van gietprosesse gemaak. Ander vorms is opsigtelik gemoduleer soos 'n tuit of die knop op 'n deksel. Merke wat onwillekeurig veroorsaak is tydens die vervaardigingsprosesse, soos die riwwe wat deur 'n pottebakkerswiel gevorm is en nie agterna afgewerk is nie, of die sirkelvormige merke onder aan die basis. Hierdie inligting dui op die gebruike van sekere pottebakkersoonde. Die noukeurigheid van die afwerking al dan nie is 'n verdere aanduiding van die herkoms van die voorwerp.

V. 35 Toevallige onsuierhede op die glasuur-oppervlak van die voorwerp:

In sommige gevalle is die onsuierhede wat op 'n voorwerp voorkom, 'n aanduiding van die tydperk waarin dit gemaak is of van die oonde van herkoms. Onsuierhede sluit in swart spikkels wat veroorsaak is deur kobaltoksiede wat nie fyn genoeg gemaal is nie ("heaped and piled"), ysteroksiede wat toevallige merke gelaat het tydens die bakproses, die voorkoms van glasuurdrupe, glasuurkruke, oneweredige oppervlak van die glasuur en verskeie ander. Waar twee of meer verskillende soorte onsuierhede voorkom, is dit onder 'n afsonderlike kode aangeteken omdat daar geen ander manier is waarop dit in die data-inligting gereflekteer kan word nie.

V. 36 Die kobaltskakerings volgens die "Munsell color chart"¹⁴⁵ as maatstaf by die beskrywing van die spesifieke kleurtinte:

Dit was nodig om 'n maatstaf te vind waaraan die wye verskeidenheid blou kleurtinte gemeet kan word. Dit was die enigste verwysingsbron wat die grootste verskeidenheid van blou-skakerings bevat, naamlik 36. Die blou tint is in drie groepe verdeel wat onderskei tussen groenblou, persblou en blou-blou tint. Omdat daar ook op een voorwerp meer as een kobalt-tint voorkom, is afsonderlike kodes aan spesifieke kleurkombinasies toegeken.

¹⁴⁵ A. H. Munsell, *A Color Notation; an illustrated system defining all colors and their relations by measured scales of hue, value and chroma*, Maryland, 1987.

V. 37 Versieringsposisie van toepassing op die aanhegels:

Die versiering op die aanhegsel kan op verskillende wyses en/of onderdele daarvan voorkom. Die kleur kan byvoorbeeld 'n eenvormige blou “wash” wees wat die hele aanhegsel bedek, of die versiering kan slegs op 'n klein gedeelte van die aanhegsel voorkom. Hierdie inligting kan help om die versiering te identifiseer en in verband te bring met die versierings wat op die voorwerp waarvan dit oorspronklik deel kon wees, te identifiseer.

V. 38 Versieringstyl:

'n Groot verskeidenheid versieringstyle is waarneembaar wanneer die skerwe beoordeel word. Die mees opmerklieke verskille wat voorkom, is tussen die versierings wat in fyn lyn geteken is en met 'n dun “wash” ingekleur is, en dié versierings wat in los spontane kwashale, oënskynlik oor die hele oppervlak van die voorwerp aangebring is. Tussen hierdie twee uiterstes kom daar 'n hele reeks van versierings voor wat wissel tussen die voorkoms van beheersde aanwendings en slordige aanwendings. Dit is nodig om die persentasie fyn, byna perfekte aanwendings, te vergelyk met die voorkoms van dié met 'n slordige styl omdat dit 'n aanduiding kan gee van die persentasie voorwerpe wat moontlik as imperiale ware gemaak is en van die keiserlike oonde afkomstig is en dié wat by provinsiale oonde vervaardig is. Dié inligting sou ook verder lig werp op die hawens vanwaar die Portugese moontlik hierdie voorwerpe aangekoop het.

V. 39 Kleurskakering van tekenlyn en “wash”:

Die kleur van die lyntekeninge verskil van een voorwerp tot 'n ander asook die gebruik van die tint van die “wash”. In sekere tydperke is die lyntekening donker of helder en die “wash” 'n veel ligter skakering daarvan. In ander tydperke is die lyntekening 'n sagte grys- of silwerige blou kleur en verskil die kleur van die “wash” nie noemenswaardig van dié wat vir die lyntekening gebruik is nie. Dus is die gebruik daarvan 'n maatstaf waarvolgens die tydperk bepaal kan word. Aan die ander kant kan die wyse van aanwending daarop dui of 'n bepaalde kombinasie en tegniek waarmee dit uitgevoer is, van imperiale- of provinsiale oonde afkomstig is.

V. 40 Die versieringsmotiewe:

Die opname en beskrywing van die versieringsmotiewe is die belangrikste aspek vir die bestudering van die voorwerpe van die Ming-dinastie. Die reedsgenoemde eienskappe, kan nie sonder die versieringsmotiewe beoordeel word nie omdat dit 'n integrerende deel daarvan is. Dit is daarom nodig om die kleurtint van die kobalt-versiering, styl van uitvoering, die voorkoms van die kleiliggaam en die voorkoms van die glasuur, saam met die motief wat gebruik is, in aanmerking te neem om die tydperk waarin dit vervaardig is, die oonde waar dit vervaardig is en die doel waarvoor dit vervaardig is, vas te stel. Sekere motiewe het in bepaalde tydperke voorrang bo ander geniet. Dit verskaf inligting van hoe die onderskeie motiewe van een tydperk tot 'n ander geleidelik verander het. Die mark waarvoor dit gemaak is, die plek waar dit gemaak is, is tot 'n groot mate bepaalbaar nadat al die bogenoemde faktore beoordeel is.

V. 41 Kant waar die versiering voorkom:

Die kant waar die versiering voorkom, is beperk tot binne of buite of albei en is 'n aanduiding of die skerf aan 'n oop- of toe vorm behoort het.

V. 42 Die plek waar versierings voorkom:

'n Voorwerp het soms 'n komplekse fatsoen en die versiering daarvan kom slegs op geselekteerde plekke voor. Hierdie inligting vertel meer oor hoe en waar die versierings op die voorwerp voorkom omdat daar verskillende gebruike was wat in verskillende tydperke toegepas is. Verder verskaf dit inligting oor die voorkoms van die voorwerp.

V. 43 Die bepaalde kleurtint van die glasuur:

Die glasuur is selde heeltemal kleurloos. In die meeste gevalle is daar 'n effense groenerige of blouerige tint daarin te onderskei. Die kleurtint is soms besonder lig, na gelang van hoe dik die glasuur aangewend is. Glasuur wat met provinsiale oonde geassosieer word, is soms dik aangewend en vertoon daarom 'n sterk groenerige tint. Dié glasure bevat dikwels meer onsuiverhede as glasure wat by die imperiale oonde vervaardig is. Om dié rede is die betrokke tint van die glasuur van belang.

en die merke of ander versiering op die bodem en aan die buitekant van die voetstukke en die beskrywing van die vorms van die voorwerpe volg daarop. Die verwerking en bespreking van die ingesamelde data, 'n beskrywing van die soorte voorwerpe en 'n vergelykende studie tussen al die skerwe van die onderskeie wrakke met inagneming van ander publikasies rakende voorwerpe uit skeepswrakke elders in die wêreld asook die gevolgtrekking, volg in Hoofstuk VII.